

Inhoudsopgawe

Inleiding	1
Waarom so 'n Inligtingstuk	1
Vertrekpunt	2
Die taak van die Kerkraad	2
Kort woordoms krywing	3
Lys van afkortings	4
1. Administrasie	5
Vergaderings	5
1.1 Voorsitter	5
1.2 Kworum	5
1.3 Spreekbeurt	5
1.4 Punt van orde / Ordevoorstel	6
1.4.1 Punt van orde	6
1.4.2 Ordevoorstel	6
1.5 Besluitneming	6
1.6 Agenda / Notules	7
1.6.1 Agenda	7
1.6.2 Notule	7
1.7 Registers	9
1.7.1 Lidmaatregisters	9
1.7.2 Doopregister	9
1.8 Argief	9
2. Finansies	11
2.1 Skriftuurlike begroting/verantwoording	11
2.2 Ander aanvaarbare metodes van inkomste-generering	12
2.3 Finansiële bestuur	13
2.4 Ouditering	15

2.5	Versekering van fondse en eiendomme	15
2.6	Elektroniese transaksies en boekhouding	16
3.	Bedieningsalternatiewe	17
3.1	Bedieningsalternatiewe	17
3.2	Afstigting van 'n gemeente	18
3.3	Kombinasies	19
3.3.1	Akte – Kombinasievorming	19
3.3.2	Akte van bedieningsooreenkomste (finansiële samewerkingsooreenkoms)	22
3.4	Akte van eenwording (Samesmelting)	25
3.5	Akte van ontbinding	27
4.	Bedienaars van die Woord	30
4.1	Beroeping – prosedures (KO, artt 4, 5, 10)	30
4.2	Advies deur konsulent tydens beroeping	
4.3	Beroepsbriewe en bylaes	
4.4	Traktering	
4.5	Verlofriglyne	
4.6	Behuising	
4.7	Hoe maak ons binne die GKSA voorsiening vir tentmakerbediening	
4.8	Afsterwe van predikant in bediening	
4.9	Uitdienstrede van predikante – KO, artt12, 79, 80	
4.10	Emeritering	
5.	Fondse	
5.1	Emeritaatsversorgingskombinasie (EVK)	
5.2	Emeritaatsversorgingstrust (EVT)	
5.3	Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika Predikante Pensioenfonds (GKSAPPF)	
5.4	Mediese Voorafbefondsing (MVB)	
5.5	Ondersteuningsfonds	
5.6	Mediese versorging van predikante en emeriti	
5.7	Thusofonds	

6. Sustentasië

- 6.1 Agtergrond
- 6.2 Reglement
- 6.3 Aansoeke vir sustentasië
- 6.4 Bedieningsplan
- 6.5 Kollekte
- 6.6 Spesiale bydraes

7. Administratiewe Buro

- 7.1 Kort historiese agtergrond
- 7.2 Administratiewe Buro as diensburo
- 7.3 Reglement
- 7.4 Regspersoon
- 7.5 Ledevergadering
- 7.6 Ouditkomitee
- 7.7 Skakeling tussen Admin Buro en kerke
- 7.8 Eiendomskomitee

8. Skakeldeputate

- 8.1 Opdrag Skakeldeputate
- 8.2 Samestelling van die Skakeldeputate
- 8.3 Die Skakeldeputate opleiding sal ontvang om skakelwerk te doen
- 8.4 Skakeldeputate en Administratiewe Buro
- 8.5 Skakeldeputate en Klassisse
- 8.6 Opdrag Skakeldeputate

9. Ramings en Kollekte

- 9.1 Wat is ramings?
- 9.2 Waarvoor raam die Algemene Sinode?
- 9.3 Wie stel die ramings vas?
- 9.4 Die noodsaak van gereelde betaling van ramings
- 9.5 Waarvoor gaan die ramings?

9.6 Kollektes

10. Teologiese Skool

- 10.1 Historiese agtergrond
- 10.2 Prospektus
- 10.3 Ooreenkoms met NWU
- 10.4 Kuratore
- 10.5 Kerkorde, art 19
- 10.6 Toelating tot teologiese studies
- 10.7 Boedelbemakings / Skenkings
- 10.8 Jan Lion-Cachet Biblioteek

11. Publikasies

- 11.1 Kerklike Tydskrifte
- 11.2 Calvin-Jubileumboekefonds (CJBF)
- 11.3 Totiusfonds
- 11.4 Evangeliseringsmedia
- 11.5 Die Kerkordeboekie
- 11.6 Potchefstroomse Teologiese Publikasies

12. Diakonale Inrigtings

- 12.1 Wat het al hierdie mense met mekaar te doen?
- 12.2 Wat is die werkswyse van die SDDS
- 12.3 Diakonale Inrigtings van die GKSA
- 12.4 Noodlydendes en Noodtoestande
- 12.5 Bystandsfonds vir diakonieë KO, art 25
- 12.6 Skakeling binne en buite die kerkverband
- 12.7 Finansies

13. Kerklike Vergaderings

- 13.1 Beperking van bevoegdhede
- 13.2 Meerdere vergaderings

- 13.3 Klassis
- 13.4 Streeksinode
- 13.5 Algemene Sinode
- 13.6 Taak van Korresponderende Kerkraad
- 13.7 Taak van Roepende Kerkraad
- 13.8 Beskrywingspunt, Beswaarskrif, Appèl

Inleiding

Waarom so 'n Inligtingstuk?

Deur die jare het die Sustentasiedeputate en later die deputate Emeritaatsversorging navrae deur kerkrade, finansiële diensgroepe, deputate van Klassisse en Streeksinodes ontvang oor riglyne vir 'n groot verskeidenheid van sake.

Met die werkwinkels wat die Skakeldeputate gehou het, het verskeie leemtes en onkunde na vore gekom in kerklike en finansiële administrasie.

Wanneer 'n mens in aanmerking neem dat kerkrade ongeveer elke vier jaar wissel en dus ook skribas en kassiere, is dit noodsaaklik om hulpmiddels daar te stel sodat 'n nuwe skriba of kassier nie weer die wiel hoof uit te vind of te herontdek nie.

Ons kan nie anders nie as om die skribas en kassiere asook finansiële kommissies wat deur die jare so getrou sonder vergoeding die werk doen, hier te vermeld nie. Ons het baie by die broers en susters geleer, veral die beproefde kortpaaie wat hulle ontwikkel het.

Hierdie inligtingstuk is bedoel vir die dominee as voorsitter van 'n vergadering, die konsulent, vir die skriba, die attes-skriba, die kassier, finansiële- en administratiewe kommissies, die versorgingskommissie (predikant se traktering) die bedieningskommissie, uitreike en evangeliseringskommissies, diensgroepe ens.

Kortom vir almal op die Kerkraad en wie ook al besig is met kerklike administrasie en finansies.

Hierdie inligtingstuk vervang nie die Kerkorde nie, dit vervang ook geen Sinodebesluit nie, maar is 'n hulpmiddel vir uitvoering van die Kerkorde en Sinodebesluite met riglyne.

Daar is wel sekere Skrifgefundeerde beginsels wat deurgegee word, waaraan kerkrade met erns aan kan aandag aan kan gee.

'n Baie belangrike uitgangspunt is dat ons die kerk van ons Here Jesus Christus is. Daarom respekteer ons Kerkorde, artikel 30 sake, dat ons sake op 'n kerklike wyse doen, al gebruik ons al die moderne hulpmiddels tot ons beskikking. Ons moet waak teen wêreldse gebruike en stelsels wat ingevoer word – bv. om 'n normale beroepsbrief te vervang met 'n dienskontrak.

Die inligtingstuk word uitgegee deur die Skakeldeputate in samewerking met die Bestuur van die Administratiewe Buro, die Deputate Emeritaatsversorging en die Sustentasiedeputate.

Vertrekpunt

Ons is besig met die kerk van ons Here Jesus Christus. Die totstandkoming van die kerk is nie 'n menslike handeling nie, maar die werk van die Vader en die Seun en die Heilige Gees – Ef 1; HK, Son 21.

Op grond van hierdie eiesoortige totstandkoming, is daar 'n eiesoortige interne regering, gegrond op die Skrif. Die kerk funksioneer in die wêreld en ag hom nie los van die wette van die land nie.

In die Gereformeerde kerkregering word uitgegaan van die Skriftuurlike feit dat elke plaaslike kerk 'n volledige kerk is, en as 'n vergadering van gelowiges bekend is. Die plaaslike kerk vorm dan 'n regspersoon – wat al die regte en pligte van 'n regspersoon het (Kerkordeboekie, 1998:10).

Omdat elke kerk/gemeente volledig kerk is, kan elke kerk binne die Suid-Afrikaanse reg aan die regsverkeer deelneem. Elke kerk word dan as 'n regspersoon erken wat:

- Kontrakte kan sluit, eiendom kan bekom en vervreem, bankrekeninge kan bedryf, leningsooreenkomste kan sluit, ens.
- Aan die toepaslike wette van Suid-Afrika onderworpe is, bv belastingwetgewing. Tog word die kerke in die GKSA binne die Suid-Afrikaanse konteks erken as 'n eiesoortige regspersoon, sodat ander wetgewing (bv die Wet op Arbeidsverhoudinge) nie ongekwalifiseerd van toepassing is nie.

Die taak van die Kerkraad

In alle kerke moet 'n Kerkraad wees wat bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge, wat gereeld vergader onder voorsitterskap van die bedienaar van die Woord of die bedienaars om die beurt as daar meer as een is.

Die taak van die Kerkraad is onder andere om sorg te dra dat die Woord bedien word. Daarvoor moet die Kerkraad die nodige infrastruktuur skep (HK, Son 38). Die verantwoordelikheid van die Kerkraad is om toe te sien dat lidmate die geleentheid het om die 4de Gebod na te kom, geïnspireer deur Christus se liefde, voluit te kan leef.

Kort woordskrywing

Algemene Sinode	Griekse woord wat beteken karavaan of samekoms. Dit is 'n vergadering van al die Streeksinodes waarheen elke Streeksinode 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge, soos bepaal deur die Algemene Sinode, afvaardig.
Deputate	Persone wat benoem word om die besluite uit te voer (Streeksinode, sinode) en aan 'n volgende meerdere vergadering verslag te doen.
Emeritus	Emeres – oudgediende, veteraan, verdienstelik. Predikant/Professor wat “aftree-ouderdom” bereik het.
Klassis	Classis, klas, afdeling: Is 'n vergadering van naburige kerke wat elkeen 'n bedienaar van die Woord en 'n ouderling of, waar nie 'n bedienaar is nie, twee ouderlinge afvaardig.
Klassis kontrakta	Beteken letterlik 'n “saamgetrokke” Klassis; dus 'n verkleinde Klassis (word saamgestel uit afgevaardigdes van twee naburige kerkrade).
Konsulent	Is 'n predikant wat deur die Klassis aangewys word om as voorsitter op te tree wanneer 'n gemeente vakant is of as dit vir die predikant van die betrokke gemeente nie moontlik of wenslik is om self as voorsitter op te tree nie.
Kredensiebrief	Dit is 'n wettige bewys dat iemand gestuur is en opdrag ontvang het om namens 'n mindere vergadering te handel.
Kuratorium/Kuratore	Is 'n vergadering van verkose en gevolmagtigde regeerders of versorgers van die kerke ten opsigte van predikantsopleiding en wat regstreeks daarmee verband hou. Die Kuratorium funksioneer soos 'n <i>synodus contracta</i> en verrig dit 'n besondere kerkregeringstaak met die oog op die voorsiening vir, die sorg en die toesig oor die diens van predikantsopleiding.
Moderamen	Neem die leiding van 'n kerklike bestuursraad op plaaslike, streeks- of nasionale vlak.
Praeses	Latynse woord – aanvoerder, beskermer, bestuurder. Beteken niks anders as voorsitter. In Kerkorde, artt 35, 37 en 41 word bepaal dat 'n bedienaar van die Woord voorsitter moet wees in kerklike vergaderings.
Proponent	Propono – tentoonstel, aanbied. Is 'n teologiese kandidaat wat reeds beroepbaar gestel is.
Skriba	Is die sekretaris van 'n kerklike vergadering wie se taak is om noukeurig op te skrywe wat noodsaaklik opgeteken moet word.
Streeksinode	Is 'n vergadering van naburige <i>Klassisse</i> , wat elkeen 'n gelyke aantal predikante en ouderlinge afvaardig.
Sustentasië	Latynse woord – sus + temo – vashou, regop hou. Finansiële hulp en advies aan kerke in die uitvoering van Christus se opdrag om die evangelie aan alle mense te bedien. Die primêre fokus is die uitbreiding van God se koninkryk in die opbou en uitbou van die kerk volgens Matt 28.
Traktement	Voorsiening in lewensonderhoud.
Visitasie	Latynse woord – “visito” wat beteken: “dikwels sien”, “besoek”. Visitasie is dus 'n <i>besoek</i> wat by 'n kerk afgelê word, en nie 'n “visentering” is nie.

Lys van afkortings

Art	Artikel
Bv.	Byvoorbeeld
Dr.	Doktor
Ds.	Dominee
DV	Deo Volente
EPPW&W	Emerituspredikante, Predikantsweduwees en -Wese
EFB	Eeufesbedieningsfonds
EVK	Emeritaatsversorgingskombinasie
EVT	Emeritaatsversorgingstrust
GK	Gereformeerde Kerk
GKSA	Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
GKSAPPF	Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika Predikante Pensioenfonds
HK	Heidelbergse Kategismus
KO	Kerkorde
m.b.v.	met behulp van
NGB	Nederlandse Geloofsbelydenis
o.a.	onder andere
PPF	Predikante Pensioenfonds
Prof	Professor
SDDS	Sinodale Deputate Diakonale Sake
Son	Sondag
TSP	Teologiese Skool Potchefstroom
VDM	Verbi divini minister

1. Administrasie

Vergaderings

'n Belangrike aktiwiteit is die vergaderings van die Kerkraad (ouderlinge) en die Kerkraad en diakens. Gereelde vergaderings se inhoud, betekenis en nalatenskap kom na vore in die agenda en notules.

'n Kerkraadsvergadering verskil in verskeie opsigte van alle ander vergaderings. Hierdie verskille het uiteraard konsekwensies vir die prosedure in Kerkraadsvergaderings. In 'n Kerkraadsvergadering geld byvoorbeeld geen konstitusie of huishoudelike reglement nie. Hier geld die Kerkorde. Die Kerkorde bevat breë riglyne met bepaalde Skrifbeginsels, wat ook betekenis het vir die prosedure in Kerkraadsvergaderings.

1.1 Voorsitter

Kerkorde, art 37 bepaal dat die predikant voorsitter moet wees omdat hy bedienaar van Gods Woord is; want Christus regeer sy kerk deur sy Woord en Gees.

Die voorsitter moet ten alle tye ten volle op hoogte wees met elke saak op die agenda. Hy moet ook 'n deeglike kennis hê van die Kerkorde en die algemene kerkreg en kerkregering.

In gevalle waar die plaaslike predikant nie teenwoordig kan wees nie of wanneer 'n gemeente vakant is, moet die konsulent die vergadering lei. 'n Kerkraad mag nie sommer enige predikant as voorsitter vra nie, behalwe met die uitdruklike toestemming van die konsulent.

In hoogs uitsonderlike gevalle mag 'n ouderling 'n Kerkraadsvergadering lei as voorsitter. Besluite wat egter in so 'n geval geneem is, moet so gou moontlik bekragtig word in 'n vergadering onder voorsitterskap van 'n predikant.

1.2 Kworum

Sinode 1920 het besluit dat Kerkrade hulle eie kworums bepaal; die Sinode ag dit egter wenslik dat dit nie minder sal wees nie as die helfte plus een. 'n Kworum word bereken volgens die aantal ouderlinge wat teenwoordig is. Indien 'n Kerkraad sy kworum vasstel op *minder* as die helfte plus een (bv een-derde) kan dit maklik gebeur dat besluite van 'n vergadering waar daar net-net 'n kworum was, op 'n volgende vergadering waar daar meer ampsdraers teenwoordig is, herroep word.

1.3 Spreekbeurt

As riglyn moet hier geld dat bespreking toegelaat word totdat die vergadering ryp is om tot 'n besluit te kom; m.a.w. totdat die saak vir almal duidelik is. Kerkraadsvergaderings mag nie ontaard in debatvoering nie.

As die voorsitter oortuig is dat die saak vir almal duidelik is en die vergadering ryp is vir besluitneming, sluit hy alle verdere bespreking, behalwe wanneer 'n voorstel of amendement verdere toeligting vereis.

Die voorsitter het dus beslis die reg om die bespreking op 'n bepaalde tydstip te sluit. Hy mag hierdie reg egter nie outokraties misbruik ter bevordering van 'n bepaalde standpunt nie.

1.4 Punt van orde / Ordevoorstel

1.4.1 Punt van orde

Punt van orde kan slegs by wyse van 'n vraag aan die voorsitter gestel word en nooit by wyse van 'n bewering nie.

Die doel van 'n punt van orde is nie om die eie mening te bevorder nie, maar slegs om die aandag te vestig dat 'n spreker afwyk van bepaalde reëls en/of beginsels. Voorbeelde hiervan is: onweloweglike taal, oorskryding van tyd, onnodige herhaling, wanvoorstelling van ander menings.

Wanneer 'n punt van orde geopper word, moet die voorsitter dit beoordeel en daarvoor sy reëling gee sonder om dit te laat bespreek.

1.4.2 Ordevoorstel

Ordevoorstel, ook genoem "formele mosie" of "ordemosie", is 'n voorstel wat slegs die orde van behandeling van 'n saak raak en nooit die inhoud daarvan nie. Byvoorbeeld: 'n Voorstel dat alle verdere bespreking nou gestaak word en oorgegaan word tot stemming.

'n Ordevoorstel moet gesekondeer word en dadelik, sonder bespreking, tot stemming gebring word voordat met die saak onder behandeling verder gegaan word.

In uitsonderlike gevalle mag 'n voorsitter weier om 'n ordevoorstel ter tafel te neem veral as hy van mening is dat 'n bepaalde ordevoorstel ingedien is om die besluit oor 'n saak deur te "stoomroller" ten gunste van 'n sekere denkrigting.

1.5 Besluitneming

Nadat 'n saak behoorlik bespreek is en dit vir almal duidelik is, word oorgegaan tot besluitneming deur wyse van 'n voorstel wat behoorlik gesekondeer is.

'n Voorstel kan ook, voordat dit tot stemming gebring word, gewysig word deur 'n amendement. 'n Amendement is 'n voorstel dat 'n bepaalde deel van die oorspronklike voorstel gewysig of weggelaat word of dat iets by die oorspronklike voorstel bygevoeg word.

Slegs een amendement word op 'n keer ter tafel geneem. Goeie orde moet gehandhaaf word en dat daar volkome duidelikheid oor die verskillende amendemente is voordat daar tot stemming oorgegaan word.

Alle stemming oor persone en sake vind plaas met volstreekte meerderheid. By 'n ewe getal, bv. 10, is die meerderheid die helfte plus een, nl. 6. By 'n onewe getal, bv. 11 word een by die totaal gevoeg sodat die totaal dan 12 is; die meerderheid is dan die helfte van 12, nl. 6.

Die voorsitter het in geen kerklike vergadering 'n beslissende stem nie (Sinode 1910, art 176).

By staking van stemme geld gewoonlik die volgende (kyk Sinode 1873:46, art 173):

- by staking van stemme oor persone moet met die plechtige aanroeping van die Naam van die Here geloof word;
- by staking van stemme oor sake is die saak normaalweg daarmee van die tafel af.

'n Konsulent het geen stemreg in 'n Kerkraadsvergadering nie.

1.6 Agenda/Notules

1.6.1 Agenda

Die voorsitter en skriba is verantwoordelik vir die saamstel van die agenda. Om gewoon van 'n standaardagenda gebruik te maak, beantwoord nie aan Kerkorde, art 30, waarin o.a. die afhandeling van sake beklemtoon word. Die grootste gevaar van 'n sogenaamde "standaardagenda" is formalisme: oor en oor dieselfde items sonder om verantwoordbaar tot besluite te kom vir die opbou en uitbou van die kerk.

Daar bestaan twee menings of 'n Kerkraad 'n vaste of standaardagenda moet hê. Die beginsel is dat elke vergadering (Kerkraad, Klassis, Sinode en Algemene Sinode) sy eie agenda bepaal.

Vir die samestelling van 'n agenda behoort vooraf bepaal te word of daar sake is waarvoor 'n Kerkraad moet besluit. Hiervoor kan aan die lede van die Kerkraad vooraf geleentheid gegee word om sake bekend te maak vir die agenda. Die beste is dat alle sake vir die agenda skriftelik ingehandig word.

1.6.2 Notule

Die noodsaak van korrekte notulehouding/notulering kan kwalik oorbeklemtoon word. Nie alleen is dit van onskatbare waarde vir navorsing oor 'n gemeente se doen en late deur die jare heen nie. Dit is van uiterste belang wanneer dit kom by die funksionering van 'n Kerkraad/Breë Kerkraad saam met diakens waar finansiële, administratiewe, en vir Kerkraadsvergaderings se besluite oor beginselsake, leer en toesig oor Woordverkondiging en tugsake ter sprake is.

1.6.3 Kyk KO, art 34: "In alle vergaderinge moet by die praeses (voorsitter) 'n skriba gevoeg word om noukeurig op te skrywe wat noodsaaklik opgeteken moet word."

1.6.4 Daar is verskillende maniere om 'n notule te skryf

Bloot die optekening van besluite volgens die agenda soos die vergadering dit afgehandel het.

Voorbeeld 1

Kassiersrapport

Die kassier lewer die rapport (Bylaag 1)

Besluit: 1 tot 3. Kennis geneem.

4. Verwys na 'n eiendomskommissie.

Die rapport word in sy geheel goedgekeur en as bylaag tot die notule aangeheg.

Wanneer iemand die kassiersrapport van die Kerkraad wil nalees is dit dus noodsaaklik dat die bylaes beskikbaar sal wees.

Voorbeeld 2

Kassiersrapport

Die kassier lewer die rapport (Bylaag 1)

1. Die inkomste was Rxxx-xx

2. Die uitgawes was Rxxx-xx

3. Die surplus word in die beleggingsrekening betaal.

Besluit: Kerkraad keur inkomste en uitgawes goed.

4. Die verf van die pastorie. 'n Kwotasie van R5000 is verkry en word na die eiendomskommissie verwys.

Besluit: Goedgekeur.

Soos ons kan sien verskil die twee maniere van notulehouding van mekaar. Daar word geen name en bespreking in 'n notule opgeteken nie. Bv. Ouderling Jan Viljoen meen dat dit nie nou nodig is om die pastorie te verf nie. Oom Piet Kruger dring egter daarop aan dat die pastorie nou gevef moet word. Sodanige bespreking word NIE genotuleer NIE.

By sekere besluite van Kerkraadsvergaderings, Deputatevergaderings, Klassisse en Sinodes is dit wel nodig om die motivering van 'n besluit te notuleer.

Die verskil tussen 'n notule en handeling

'n Handeling van 'n Sinode neem al die rapporte, beskrywingspunte, beswaarskrifte en appèlle op in die handeling en word die besluite na afhandeling van 'n saak in die handeling opgeneem. Daar is dus nie 'n lêer met bylaes wat saamgelees moet word met die besluite nie, terwyl 'n notule bloot die besluite aanteken.

1.6.5 Elektronies

Met die moderne hulpmiddels tot ons beskikking word baie notules op 'n rekenaar getik en so goedgekeur en gestoor. Dis egter van uiterste belang dat daar 'n harde kopie van elke notule gehou word, behoorlik onderteken en bewaar word.

Motivering:

- 1.6.5.1 die rekenaartegnologie ontwikkel so vinnig dat van die notules later nie meer gelees kan word nie omdat die programmatuur verander met ontwikkeling.
- 1.6.5.2 Tweede motivering: sou 'n rekenaar onklaar raak of gesteel word, en die nodige rusteun is nie gemaak nie, is die notules verlore.
- 1.6.5.3 Derde motivering: Die notules moet aan die kerkargief van die GKSA besorg word (1.8.2). In die argief van die GKSA is daar handgeskrewe dokumente van 'n 150 jaar plus en ouer wat vandag nog gelees kan word.

1.6.6 Bewaring van notules en bylaes

Dis noodsaaklik dat 'n Kerkraad sorg sal dra dat notules, notuleboeke en bylaelêers behoorlik bewaar sal word.

Dit is noodsaaklik dat notuleboeke genommerde bladsye moet hê, om moontlike vervalsing van notules te voorkom. Wanneer getikte notules in notuleboeke geplak word, of 'n aantal getikte notules in boekvorm gebind word, moet die bladsye genommer wees en moet dit met groot noukeurigheid en versigtigheid gedoen word.

- 1.6.7 Kerkrade word daarop gewys om op 'n gereelde basis notuleboeke en ander tersaaklike inligting vervat in lêers, ens., na die GKSA se argief te stuur vir veilige bewaring en indeksering (later meer hieroor in die afdeling "argief").

1.6.8 Riglyn vir die skryf van notules

Die volgende word as 'n riglyn (voorbeeld) vir die skryf van notules deurgegee:

1. Opskrif – notule van gehou op (datum) te (plek).
2. Opening – wie open, Skrifgedeelte, Psalm wat gesing word en gebed.
3. Verwelkoming – almal teenwoordig, spesiale verwelkoming aan
4. Presensielys – naamlys, verskonings, sonder verskonings word aangeteken.
5. Mosies – meelewing met; gelukwense.
6. Vasstelling van agenda – sake kan nog bygevoeg word.
7. Goedkeuring van vorige vergadering se notule – wysigings word hier aangeteken.
8. Sake uit die notule van vorige vergadering wat aandag moet kry.
9. Behandeling van sakelys. Word puntsgewys genotuleer; kort opsomming ; besluit (goedgekeur, kennis geneem, verwys, staan oor).
10. Ander sake ter tafel.

11. Volgende vergadering – datum vir volgende vergadering word bepaal.
12. Bedankings.
13. Afsluiting – wie sluit met gebed af.

1.6.9 Vertroulikheid van Kerkraadsvergaderings en notulering

Die vergadering van die Kerkraad (ouderlinge) is vertroulik. Dit raak die naam en eer van mense wat beskerm moet word (HK, Son 43). Iemand wat die vertroulike aard van 'n Kerkraad skend, sondig teen die 9de gebod en kan selfs vir laster in die openbare hof gedaag word.

1.7 Registers

1.7.1 Lidmaatregisters

Statistiek van lidmate moet behoorlik opgeteken wees in lidmaatregisters en gereeld op datum gehou word. Daar is verskeie rekenaarprogramme beskikbaar wat vir hierdie doel geskep is. Die volgende Kerkorde-artikels is hier van toepassing: 60, 61 en 82. Noukeurige kontrolestelsel is 'n geweldige hulpmiddel vir die predikant en kerkrade wanneer die volle name en van, geboortedatum, doopdatum, datum van Belydenisaflegging, attestaat ontvang of opgeneem, getroud, gesin, adres, telefoon, selfoon, e-posadres, ens., opgeteken word. Dit vergemaklik nie alleen die administrasie nie, maar gee vir predikante en ouderlinge kosbare inligting om te gebruik.

1.7.2 Doopregister

Kerkorde, art 60: Die name van gedooptes en van hulle ouers of voogde sowel as die datums van geboorte en doop moet opgeteken word.

1.8 Argief

1.8.1 Waarom 'n argief?

Na 'n Sinodebesluit in 1961 het die GKSA argief totstand gekom, onder leiding van Deputate Historiese Sake, wat verantwoordelik is vir die beheer van die argief. In die argief bewaar ons argivale dokumente van die kerkrade in die GKSA onder gekontroleerde omstandighede.

1.8.2 Wat is in die argief?

Al die geskrewe en elektroniese inligting van die gemeentes, bv. registers, huweliks-, doop-, en lidmaatregisters, notuleboeke, finansiële dokumente, gemeente nuusbriewe, foto's en vele meer.

1.8.3 Waar is die argief?

Die dokumente word bewaar in 'n kluis (brandkamer) in die Teologiese Skool, Potchefstroom, in 'n kelder onder die Jan Lion-Cachet biblioteek.

1.8.4 Wie besoek die argief?

Genealogiese navorsers en gemeentedelede kom soek inligting in die argief. Navrae deur kerkrade word beantwoord uit hulle argivale dokumente (onthou die dokumente bly steeds eiendom van die gemeente). Die argivaris gee leiding en stel dokumente beskikbaar vir navorsing. 'n Inligtingstuk oor

1.8.5 Wenke vir bewaring en hantering van gemeentemateriaal voor dit na die argief gestuur word vir veilige bewaring

1. Let daarop dat voorin die boeke geskryf is; wat se boek dit is, van watter gemeente en wat die inhoud is, bv: GK Strand lidmaatregister.
2. Kry 'n veilige bêreplek vir die dokumente terwyl dit in die gemeente se besit is (nie iewers agter 'n orrel, of in 'n klam kelder nie).

3. Aanbeveling aan Kerkraad – Die skriba wat gekies word, administratief ingestel is en data kan orden.
4. Dateer al die dokumente en briewe, nommer die bylaes en bring vergaderingdatums aan.
5. Hou sover moontlik vergaderings se notules en bylaes bymekaar en dui aan wat bymekaar pas.
6. Moenie bylaes in notuleboeke inplak of vaskram nie. Geen gom of kleeflint het 'n lang raklewe nie, dit verkleur en beskadig net die papier.
7. Bewaar al die notuleboeke van die Kerkraad en sy kommissies (Finansiële, Eiendoms, Sending, Katkisasie, Susters, Bybelstudie, ens). Al die korrespondensie wat op 'n vergadering dien, is 'n bylaag by die notule – dateer en nommer dit.
8. Maak 'n register van Kerkraadsbesluite en dui aan waar dit gevind kan word. Indekseer volgens onderwerpe, bv: grense, eiendom, ens. Kanselleer 'n besluit indien nie meer van toepassing of as 'n nuwe besluit oor die saak geneem word – hou dit op rekord.
9. As lidmaat- en/of doopregister op rekenaar is, druk elke jaar 'n kopie uit, maak 'n volledige lys van die dooplidmate wat elke jaar Belydenis van geloof aflê.
10. Gee aan elke ouerpaar 'n doopseël van hul kind se doop, vul die register noukeurig in.
11. Bewaar oorspronklike dokumente i.v.m. eiendomme van gemeente soos transportaktes – stuur afskrifte onverwyld aan die argief vir bewaring.
12. Finansiële dokumente moet vir 5 (vyf) jaar vir die Ontvanger van Inkomste geberg word by die gemeente. Die argief bewaar slegs die geouditeerde finansiële state.
13. Stel asb die argief in kennis indien 'n gemeente met 'n ander saamsmelt of ontbind. In so 'n geval moet die dokumente van die 'ou' gemeente spoedig na die argief oorgeplaas word.

2. Finansies

2.1 Skriftuurlike begroning/verantwoording (Handelinge 2006:327, 4 [soos bygewerk]).

Die bruid van die Here moet in haar skoonheid versorg word. Wie sou haar/sy dogter in 'n verslete bruidsrok voor 'n kansel laat staan? Maar die bruid waarvan ek en jy deel is – die kan gebrekkig gaan. Die bruid kan maar verslete voorkom, kan maar 'n oortrokke rekening hê, kan maar skuld hê, kan maar slegte skuld hê. Die Bruidegom, Christus, wil sy bruid (kerk) in haar skoonheid (deur sy bloed) voor Hom hê. Haar glans is die trots van sy verlossing. Hy het die skuldrekening vir sy bruid ten volle betaal. Hierdie glans wys sy bruid o.a. in haar dankoffers. Aan die ander kant lyk dit sleg as die bruid skuld het of 'n oortrokke bankrekening.

2.1.1 Relevante Sinodebesluite

Die Sinode van 1958 neem 'n beskrywingspunt van Klassis Potchefstroom ter tafel oor "Tiendes as kerklike bydraes".

Die Sinode neem met waardering kennis van hierdie stuk en beveel dit by die kerkrade aan vir hul ernstige aandag" (Sinode 1958:522, art 237).

Die oorspronklike rapport oor die "Die Tiendes" verskyn in sy geheel in "Die Kerkalmanak" van 1956.

2.1.2 Skriftuurlike besinning oor "bydraes"

(Met vergunning van ander skrywers.)

Die Bybel praat van "DANKOFFER" (2 Kor 9:5).

Twee elemente kom na vore:

DANK en OFFER –

Uit dankbaarheid bring ek my gawe/dankoffer na die Here toe.

OFFER –

Dit is offer wat ek bring – ek bring dit met die wete dat ek die Here dien.

2 Kor 9:12-15 – Dit is diensbetoning – 'n wesenlike element van ons godsdiens.

Rom 15:27-29 – Dit is die vrug van ons arbeid in geloof. Dit is seën van ons geloof.

Dit is offer wat ek bring – ek bring dit met die wete dat ek die Here kom dien. Uit dankbaarheid bring ek my gawes na die Here toe.

2.1.2.1 My dankoffer is deel van my totale diens aan God

HK, Son 38: "God wil ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou moet word...". Om die 4de Gebod na te kom, is om in die besonder God te dien.

2.1.2.2 Hoekom moet dankoffers gegee word?

Ons, met alles wat ons besit, behoort aan die Here – Rom 14:7,8.

HK, Son 1: Alles wat ek is en het behoort aan Jesus Christus. Ons is bloot rentmeesters van Gods se besittings. Dankoffers is deel van ons dankbaarheidslewe, 2 Kor 8:6; 2 Kor 9:5,7.

Ons moet gee uit dankbaarheid vir ons verlossing en vir alles wat ons van God ontvang het. Dit is 'n opdrag van God, Lev 27:32; Mal 3:10.

Dit is die gelowige se taak om te voorsien in die instandhouding van die erediens, Num 18:8 en 31; Deut 18:1-4; 2 Kor 9:14; Luk 10:7.

Sodat God se eer gehandhaaf word, Mal 1:6-14.

2.1.2.3 Wie moet dankoffers gee?

Kerk wees is om deel aan mekaar te hê. Soos een liggaam, een huisgesin een kudde, Ef 2; Ef 4; 1 Kor 12.

Elkeen moet bydra, 2 Kor 9:7.

Ouderlinge en diakens moet hierin voorgangers wees.

2.1.2.4 Met watter gesindheid moet ek gee?

Uit dankbaarheid, 2 Kor 8:6. Ons moet gee uit dankbaarheid vir ons verlossing en vir alles wat ons van God ontvang het.

Vrywillig – nie uit dwang nie.

2 Kor 9:5,7; Eks 35:5 vrywillige offergawe; 2 Kor 8:12 as die goeie wil daar is.

Die eersteling, Eks 13:12; Eks 15:18-21; Spr 3:9.

2.1.2.5 Hoeveel moet ek gee?

Ou Testament – Tiende, Gen 14:23; Num 18:19. Die gee van tiendes van jou inkomste was in die Ou -Testamentiese tyd verpligtend. Vir ons in die Nuwe Testamentiese tyd is dit nie meer verpligtend in die sin wat dit was in die Ou Testamentiese tyd nie. Tog is dit vandag nog vir ons 'n goeie en Skriftuurlike voorbeeld en riglyn (vgl. Lev 27:30; Mal 3:8; Luk 11:42).

Elkeen moet gee volgens sy vermoë en ooreenkomstig die seëninge wat hy uit die hand van die Here ontvang (Deut 16:16,17; 1 Kor 16:2; 2 Kor 8:13, 9:7). My dankoffer is die belydenis/erkenning van hoe die Here vir my sorg.

Matt 23:23, gesindheid. Nie willekeurig nie. Dit is 'n OFFER.

Deut 16:17, in die mate wat God jou seën.

1 Kor 16:1, na mate jou voorspoed.

Matt 22:21, gee wat aan God toekom.

Riglyn – Kerkraad en Sinode. Matt 16:19; 1 Kor 16:1.

Kerkraad se regeertaak sluit ook in om die middele te voorsien vir die Woordbediening.

2.1.3 God belowe Sy seën oor die wat gee!

Wie volop saai sal volop oes, 2 Kor 9:6,8. Toets my hierin sê die Here, Mal 3:10-12. Die moeite is tevergeefs as ons prioriteite verkeerd is (Haggai 1:7-9).

Die Studiedeputate is huiwerig om 'n vaste dankofferriglyn te gee. Die beginsel is duidelik. Die Skrif sê 'n Tiende. Sinode 2009 bevestig vorige Sinodes se riglyn van 5% van bruto inkomste na belasting.

2.2 Ander aanvaarbare metodes van inkomste-generering (Handelinge 2006:329, 5)

Nêrens in die rapporte en in die besluite, wat sedert 1907 voor die onderskeie Sinodes gedien het word die generering van fondse deur verkopings, konserte, ens., as 'n oortreding van 'n gebod gesien nie.

Elke keer word dit as 'n "zeer ongewenschte afwijking" gesien (Sinode 1907:46, art 149). Maar daar is nooit deur die Sinode besluit dat 'n Kerkraad vermaan moet word wat op hierdie maniere fondse bymekaar maak nie. Telkens word slegs gemeld dat dit "nie behoort te geskied nie en dat waar dit in gebruik is, daarmee nie voortgegaan behoort te word nie".

Sinode 1955, pt (1): In die rapport wat voor die Sinode van 1955 gedien het word KO, art 11 soos volg benadruk "die nadruk waarmee KO, art 11 gelees moet word, nl. dat die diens van die Woord onderhou moet word deur die lidmate self" (1955:380, 1). Die instandhouding van die diens van die Woord is nie net die versorging van die predikant nie. Die hoofsaak is dat "dit deur die Heilige Skrif uitdruklik geleer word dat die kerklike diens deur die lidmate self onderhou moet word.

Bo en behalwe maandelikse offergawes ontvang kerke gelde deur middel van verhuring van geboue of grond, verkoop van grond, tantiemes van sekere regte, boedelmakings of rente op trustfondse. Selfs die Algemene Sinode (deur middel van die Bestuur van die Administratiewe Buro) beheer die rente van boedelbemaakings en die verhuur van geboue as kantoorruimtes en as woonstelle vir teologiese studente.

Baie kerke samel steeds addisionele fondse in deur die verkoop van tuisgemaakte boerewors, koeksisters, koektafels, hou van konserte, visvangkompetisies, fietswedrenne, môremarkte en die verkoop van kos tydens 'n plaaslike skou of kunstefees.

Lidmate moet getrou hulle dankbaarheid aan die Here bewys deur getrou hulle offergawes (hulle tiendes) na die huis van die Here te bring vir die instandhouding van die erediens. "Instandhouding van die erediens" beteken dat die bediening van die Woord in sy totaliteit kan voortgaan en groei.

Fondsinsameling vervang dus nie die verantwoordelikheid van die lidmate om hulle offergawes getrou volgens die Skrif af te dra nie. Kerkrade kan egter met verantwoording ruim hulle finansiële posisie verbeter deur fondse in te samel.

2.3 Finansiële Bestuur

2.3.1 Begrotings

Allereers moet ons ingedagte hou dat alle gelde en fondse beskou moet word as trustgeld en moet daar met groot omsigtigheid met kerkgeld gewerk word.

Aangesien die Here sy kerk onderhou (en dus ook sy kinders in hulle lewensonderhoud versorg – Matt 6:33b & 34), moet die kerk fokus op haar roeping en taak. In hierdie lyn sou dit aanbeveel kon word dat 'n Kerkraad met verantwoording 'n begroting opstel (dit is die kosteberekening om die Woord in die gemeente en gemeenskap te bedien) en dan gaan die Kerkraad na die gemeente (lidmate) om die geld "in te samel" (om die gemeente uit die Skrif te inspireer om offer van dankbaarheid te bring).

Daar is twee maniere hoe 'n begroting opgestel word

- a) *Stuur ouderlinge uit met beloftekaartjies om sodoende die vermoë van die gemeente te bepaal en op grond van die inligting word 'n begroting opgestel.*
- b) *Die Kerkraad stel met verantwoordelikheid 'n begroting op wat dit sal kos om die Woord in die gemeente en gemeenskap te bedien en stuur dan die ouderlinge uit om die geld in te samel.*

2.3.1.1 Kerk se begroting (Hoe gaan ons die voertuig ry?)

2.3.1.1.1 Wegtrek (dit is die beginsel)

- Ons is kerk. Ons is anders as 'n maatskappy of 'n besigheid. Daarom is ons wegtrek en manier van doen anders.
- Ons gemeente se begroting is 'n koninkryksbegroting. Want ons kerkwees gaan in wese om en fokus op die "koms van die koninkryk van God" (Matt 3:2 & 4:17).

2.3.1.1.2 Die pad wat ons loop

- Voordat ons 'n begroting opstel, verstaan ons dat ons aan die Skrif (Bybel) gehoorsaam is. Dit beteken dat ons gaan bepaal hoe ons as kerk aan God gehoorsaam is in ons werk as kerk na binne en na buite (stel 'n bedieningsplan op).
- Ons moet duidelikheid vir onself kry wat die doel van die begroting is.

- Hieruit moet ons eers vasstel wat nodig is om die werk van God te kan doen. Ons bepaal dus watter middele nodig is (begroting is eintlik 'n uitgawebegroting)
- Dan moet ons beplan hoe ons die middele (wat aan die Here behoort) in die hande kry (dankoffers en ander metodes)

Nota's:

- Omdat die kerk die liggaam van Christus is en ons almal lede is van die liggaam (1 Kor 12:12–20), is al die lede saam verantwoordelik vir die begroting.
- Omdat ons kerk is, doen ons beplanning en begroting in vertroue op die Here.

2.3.1.1.3 Aan die einde van die pad

- Maandeliks/Kwartaalliks kry ons terugvoering van inkomste en uitgawes. Daaruit weet ons hoe ons met die uitvoering van ons begroting vorder (kontrole, verantwoording).
- Aan die einde van die jaar kyk ons hoe ons gevorder het met die uitvoering van die bedieningsplan en hoe die begroting daarmee saam geloop het (kontrole, verantwoording).
- Vordering met die uitvoering van die bedieningsplan wys vir ons die goeie dinge wat ons bereik het en die dinge wat ons nie kon bereik nie. Wat nie bereik is nie, is reeds van die doelwitte/mikpunte wat vir die nuwe jaar gestel word.
- Ons kom nou ook agter of ons van die geld effektief gebruik het en begin daarvoor dink hoe om dit vir die nuwe jaar meer effektief te gebruik (want dit is die Here se middele – Ps 24).

2.3.1.1.4 Slaggate op die pad

- *Inkomstebegroting*: die gebruik van “beloftelyste” om daaruit 'n begroting saam te stel, kan 'n slaggat wees wat 'n kerk/gemeente baie keer laat vasval. Hierdie slaggat laat 'n kerk of spoed verminder (“ons kan sekere dinge nie doen nie, want ons het net soveel geld”) of laat die “wiele” van die kerk tot stilstand knars (“ons kan nie beroep nie, ons kan nie dit of dat nie”) en dan is daar geen beweging nie. Die genade van God is onmeetbaar meer as al die somme wat ons saam kan maak. Die krag van ons Here, Jesus Christus, bereik veel meer as die krag van al die rekenaarprogramme en sakrekenaars saam. 'n Inkomstebegroting kan die prioriteit van gehoorsaamheid aan en afhanklikheid van God ignoreer .

2.3.1.1.5 Noodsaaklikhede en ekstra's vir die pad

- *Volbegroting*: op die pad is 'n voertuig noodsaaklik. Maar dit voel net baie beter op die pad as die voertuig lugreëling het, ABS met EBD, 'n goeie klankstelsel en dalk daardie iets ekstra van 'n DVD. Dit is so dat die rit gemakliker is en die insittendes varser by hulle bestemming kom en dus meer produktief sal wees as uitgeputte reisigers. Maar dan is dit net die wat dit werklik kan bekostig, wat hierdie ekstra's in hulle begroting sit.
- *Op-die-been-begroting*: belangrik is om te bepaal wat allernoodsaaklik vir die bediening is. Is dit absoluut noodsaaklik dat ons gemeente met 'n Mercedes moet ry, as 'n Toyota ons net so goed by God se bestemming vir ons kan bring? Want die primêre is nie wat ons graag wil hê nie, maar die uitbreiding van die koninkryk van God.

2.3.1.1.6 Sekere padtekens

Dit is belangrik dat alle kontant deur ten minste twee persone hanteer word. Alle tjeks word deur ten minste twee persone onderteken. So behoort alle elektroniese transaksies deur een persoon opgestel te word en dan deur een of twee ander gemagtig te word. Die Kerkraad moet homself vergewis dat alle inkomste en

uitgawes kruisgekontroleer word om sodoende om enige moontlike diefstal/bedrog te beperk. Dit lê reeds in die beginsel van die getuienis van twee of drie persone en dien om persone te beskerm.

Elke transaksie moet 'n stawende dokument hê. Wanneer geld ingekom het (dis 'n transaksie), is die dokument 'n kwitansie. Wanneer geld uitgegee word (dit is 'n transaksie) behoort daar 'n rekening (faktuur) en kwitansie te wees. Dit is die beste manier om bewys te gee van wat ingekom of uitgegee is. En dit maak kontrole moontlik en makliker.

2.4 Ouditering

Boekhouding en ouditering (nagaan en kontrolering van finansiële state) is die beskerming vir die Kerkraad en die gemeente. Alhoewel dit maar 'n onderdeel van die finansiële voertuig is, moet finansies altyd deursigtig hanteer word. Dit begin by die boekhouding: elke transaksie moet opgeskryf word.

Intern en ekstern

Kontrole oor die inkomste en uitgawes (intern) word ten minste kwartaalliks gedoen, sodat almal hulle kan verantwoord oor die pad/roete van die bediening. Die middele (geld) waarmee gewerk word, behoort aan die Here, deur middel van die dankoffers van die lidmate. Daarom behoort elke bestuurder op hoogte te wees van die stand van sake om onsekerhede en vrese te voorkom.

Een keer per jaar behoort die state ekstern geaudit te word, d.w.s. deur 'n persoon buite die gemeente. Sodanige persoon moet as rekenmeester of ouditeur gekwalifiseerd wees. Eksterne audit dien as beskerming vir die kassier en Kerkraad.

2.5 Versekering van fondse en eiendomme

2.5.1 Versekering

Elke gemeente word gewys op die noodsaak daarvan om te sorg dat al hulle geboue en toerusting voldoende verseker is teen alle risikos.

2.5.2 Eienaarskap van eiendomme

Aangesien die bestaande Kerkorde van die GKSA geen bepalings het omtrent die eiendomme van die afsonderlike kerke het Sinode 1982 (Acta 1982:630B, 6.1.1-6.2.4) die volgende verklaar:

6.1.1 Elke Gereformeerde Kerk binne die kerklike gemeenskap van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, is alleen eienaar van sy goedere en fondse en al sulke goedere en aktes daarvoor en alle verbande in sy guns op las gepasseer, word geregistreer en gedoen op en in naam van die betrokke kerk en wel soos volg: Die Gereformeerde Kerk

6.1.2 Die Kerkraad van elke gemelde kerk is bevoeg in naam en ten behoeve van sy kerk tot alle eiendomsdade van watter aard ook, maar in besonder en sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van die voorgaande om roerende en onroerende goedere te koop, te huur, te verhuur, te verkoop, met verband of servitude of ander laste te beswaar, verder om roerende en onroerende goedere om oorsake wat die betrokke Kerkraad genoegsaam oordeel, weg te skenk of teen minder as die waarde daarvan oor te maak en om fondse op verbande of ander deur die Kerkraad goedgekeurde sekuriteit uit te leen en te belê.

6.1.3 Die Kerkraad van elke gemelde kerk is bevoeg om gevolg en uitvoering te gee aan al die voorgaande handeling ingesluit die passer en transport van onroerende goedere, om alle dokumente te teken of te laat teken deur sodanige persoon of persone as wat deur die Kerkraad daartoe gemagtig word.

6.1.4 Bostaande geld vir alle bestaande en nog te stigte Gereformeerde Kerke binne die kerklike gemeenskap van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

2.6 Elektroniese transaksies en boekhouding

Die Kerkraad moet hom vergewis dat slegs gemagtigde persone hierdie stelsel kan gebruik en dat die nodige kontrole hieroor ook gehandhaaf word. Gereelde verslagdoening aan die finansiële kommissie sowel as die Kerkraad is noodsaaklik.

Wanneer 'n predikant verhuis na 'n ander gemeente moet alle gemeentelike inligting vanaf sy rekenaar oorgeplaas en verwyder word.

3. Bedieningsalternatiewe

Die doel van hierdie hoofstuk: 'n Skriftelike uiteensetting van die beplanning van 'n gemeente se aktiwiteite oor die korttermyn, wat deur 'n finansiële uiteensetting, ondersteun word, is nodig om die Kerkraad en gemeente tot doelgerigte optrede te verbind. Dit geld veral vir kerke wat in kombinasie funksioneer of geleenthede raaksien om ander kerke te help. Hierdie beplanning en skriftelike uiteensetting word 'n bedieningsalternatief genoem. Hieronder word die aard en struktuur van bedieningsalternatief verduidelik. Eers moet die konsep van die bedieningsalternatief ontwikkel word en daarna moet die aksie beskryf en gekommunikeer word (Handelinge 2006:333-334; 2009:297-298).

3.1 Bedieningsalternatiewe

3.1.1 Noodsaak van bedieningsalternatiewe

3.1.1.1 Skriptuurlike opdrag

Matt 28:19: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle...". Daar kan nog baie ander aanhalings uit die Skrif gegee word.

Ons opdrag is: Dra die Evangelie uit!

3.1.1.2 Tekort aan predikante

Tans ervaar ons binne die GKSA 'n tekort aan predikante. Vir die afsienbare toekoms lyk dit nie of hierdie tekort uitgewis gaan word nie. Daarom is dit nodig dat, ter wille van bediening, daadwerklik aan alternatiewe aandag gegee moet word.

3.1.1.3 Uitbreiding van die kerk

Dit is van groot belang dat ons kerke moet groei – nie net in sekere gebiede nie – maar in elke gemeente.

3.1.1.4 Reglement GKSA Sustentasiefonds, pt 3.2

Finansiële oorbruggingshulp en advies aan kerke wat weens vertrek van lidmate of sosio-ekonomiese omstandighede nie die instandhouding van Woordbediening kan volhou nie. Hierdie hulp word gegee nadat die Klassis volgens KO, artt 41 en 44 die kerk bygestaan het.

3.1.2 Nuwe bedieningsalternatiewe

Hierdie is alleen maar 'n paar voorbeelde wat by kerke en Klassisse aanbeveel word. Baie van die voorbeelde is reeds in werking. Daar is ander moontlikhede wat nie hier bespreek word nie, wat reeds in die praktyk geïmplementeer word.

3.1.2.1 Finansiële ooreenkomste

Drie tot vier finansiële sterker kerke staan 'n kleiner kerk by sodat die Woord steeds bedien kan word.

3.1.2.2 Kombinasies

Om die huidige predikante se dienste optimaal te benut, kan kombinasies oorweeg word. Sodoende kan sonder sustentasie wel bediening in die kleiner kerke plaasvind.

3.1.2.3 Bedieningsooreenkomste

Elke gemeente behou sy selfstandigheid – 'n kleiner gemeente ontvang bediening wat deur 'n groter en finansiële sterker gemeente gebied word.

3.1.2.4 Multikulturele bediening

In die stedelik tradisioneel Blankegebiede kan daar uitgereik word deur eredienste in Engels en/of ander Afrikatale te voorsien.

3.1.2.5 "Makro"-platteland

'n Sterk plattelandse kerk bedien die omliggende kleiner kerke.

3.1.2.6 "Makro"-stedelik

Drie of vier kerke binne 'n stedelike opset vorm saam 'n makro-gemeente met groter dinamika.

3.1.2.7 Verdubbeling

Binne die plaaslike kerk behoort daar evangelisering plaasvind. Sou elke huisgesin 'n ander huisgesin kerk toe bring (wat nie aan 'n kerk behoort nie) en slegs 10% van die huisgesinne word per jaar deur evangelisering lidmate – dan verdubbel so 'n gemeente se getalle binne 7 jaar.

3.1.2.8 Uitreik

Baie kerke het pragtige uitreikingsprogramme. Uitreik behoort eerstens in die plaaslike gemeenskap ontwikkel te word. Reik uit na die mense rondom jou.

3.2 Afstigting van 'n gemeente

Indien daar 'n behoefte ontstaan aan die stigting van 'n bykomende kerk, word daar by die Klassis daarom aansoek gedoen by wyse van 'n "konsepakte van afstigting". Die inisiatief daartoe kan uitgaan van 'n bestaande kerk(e), of ook van 'n aantal lidmate wat as selfstandige kerk geïnstitueer wil word. In laasgenoemde geval sal so 'n aansoek eers deur die plaaslike Kerkraad bewillig moet word (KO, art 38).

Die Klassis beoordeel die sake wat in die akte van afstigting voorgelê word. Indien die noodsaaklikheid vir en die lewensvatbaarheid van so 'n nuwe kerk uitgemaak is, stel die Klassis die grense daarvan vas en wys 'n konsulent vir die nuwe kerk aan, asook 'n *classis contracta* vir die afstigting.

Die fisiese afstigting en alle reëlings in verband daarmee, vind plaas onder leiding van die Kerkraad van die kerk waarvan afgestig word. Die afstigtingsvergadering is 'n vergadering van die Kerkraad(e) met gemeente(s), saam met die afgevaardigdes van die twee kerke wat deel van die *classis contracta* vorm; tydens hierdie vergadering word die afstigting formeel afgehandel.

Die volgende moet met die oog op/in die afstigtingsvergadering gereël word:

- Die opstel van 'n akte van afstigting ooreenkomstig die besluite van die Klassis, in drievoud (een vir elke betrokke kerk en een vir die Klassis). In hierdie akte word die datum van afstigting, lidmatetalle (doop- en belydende lidmate), naam van die nuwe kerk, aantal wyke, grense, posisie van predikant(e) opgeneem.
- Alfabetiese naamlys van doop- en belydende lidmate wat nie onder tug is, met 'n aparte naamlys van lidmate wat wel onder tug is (geen attestasies word afgegee aan lidmate van die nuwe kerk nie).
- Reëlings vir bediening van Woord en sakramente (wat tyd en plek van eredienste insluit).
- Reëlings vir kategetiese onderrig.
- Die voorlees van die afstigtingsakte.
- Voorlees van name van stemgeregtigde belydende lidmate met die oog op verkiesing van ampsdraers (vir tydsbesparing stel naamlys skriftelik beskikbaar).
- Vrae en antwoorde, indien daar onduidelikhede is.
- Formele voorstel tot afstigting en goedkeuring daarvan.
- Verkiesing van bykomende ouderlinge en diakens, indien nodig.
- Bevestiging van ouderlinge en diakens.
- Bevestiging van predikant, indien van toepassing.
- Ondertekening van afstigtingsakte deur verteenwoordigers van alle betrokke kerke (insluitende afgevaardigdes van naburige kerke wat saam die *classis contracta* vorm).

Die Kerkraad van die afstigtingende kerk is verantwoordelik om 'n afskrif van die afstigtingsakte aan die Klassis, te besorg.

Ná die vergadering word 'n erediens gehou, waartydens die bevestiging van ampsdraers en die ondertekening van die toepaslike Formuliere plaasvind. Hierna

moet daar 'n vergadering gehou word met die nuwe Kerkraad met diakens onder leiding van die aangewese konsulent, waar die volgende sake behandel moet word:

- Aanwys van funksionaris (skrywer, kassier vir Kerkraad en diakens).
- Verkiesing van voorsitter van diakens (deur die diakens).
- Aanwys van noodsaaklike kommissies.
- Aankoop van notuleboeke, kasboek(e) en ander skryfbehoeftes en benodigdhede.
- Opstel van lidmaatregisters (doop- en belydende lidmate).
- Afdra en kontrole van kerklike bydrae deur lidmate.
- Opening van bankrekening en magtiging van ondertekening van tjeks (elektroniese goedkeuring).
- Versorging van eiendomme.
- Bewaring van dokumente.
- Werksaamhede van susters en jeug.
- Opstel van jaarprogram van Kerkraad en gemeente.
- Vergoeding van konsulent.
- Volgende vergadering(s).

3.3 Kombinasies en Aktes

Wanneer 'n gemeente nie finansiëel in staat is om alleen 'n predikant te versorg nie, versoek hy een of meer ander naburige gemeentes om met hom in kombinasie te tree, sodat hulle gesamentlik 'n predikant kan bekom. Soms word 'n kombinasie ook gevorm deur 'n paar gemeentes om gesamentlik 'n predikant te beroep vir sending en/of evangelisasie.

3.3.1 Akte – Kombinasievorming

(Die Akte se numering word gebruik)

1. Besluit tot kombinasie

- 1.1 Die Gereformeerde Kerke A en B het op 'n gekombineerde Kerkraadsvergadering van 20... besluit dat ooreengekom word om te kombineer met die oog op die gesamentlike beroeping van 'n leraar vir bediening in beide die genoemde gemeentes.
- 1.2 'n Gekombineerde Kerkraadsvergadering is op 20... gehou waartydens hierdie akte, nadat dit op die vergadering van die Klassis van 20... vir advies gedien het, goedgekeur is.

2. Doel van kombinasie

- 2.1 Die doel van die kombinasie is om die bediening gelykelyk in stand te hou.
- 2.2 Waar nodig sal sekere bedieningsfasette, aksies en/of aktiwiteite gesamentlik gedoen word soos in bylae A oor samewerking nader toegelig word.

3. Rakende : Beroeping

Beroeping vind gesamentlik plaas soos in bylae B uiteengesit.

4. Rakende : Bedienaar van die Woord

Met betrekking tot die bedienaar van die Woord word die volgende, afgesien van en in aansluiting by die byvoegsel tot die beroepsbrief (bylae C), gestipuleer:

4.1 Bediening

Bediening vind afsonderlik en gesamentlik (om duplisering uit te skakel) plaas soos deur die leraar in samewerking met die kerkrade gereël word.

4.2 Finansiële versorging

- 4.2.1 Versorging vind gesamentlik plaas soos deur die kerkrade jaarlikse met 'n gekombineerde Kerkraadsvergadering hierin ooreengekom word.
- 4.2.2 Die traktementsuitkering vind na finale berekeninge maandeliks plaas by wyse van 'n pro-rata oorbetalings deur elke Kerkraad in 'n rekening van die gekombineerde Kerkraad.

4.3 Woning

- 4.3.1 Vir 'n periode van drie (3) jaar, of sodanige langer tydperk soos deur die gekombineerde Kerkraadsvergadering besluit word, word aan die leraar die keuse gegee om die pastorie te A of B te bewoon met dien verstande dat op die langer termyn aan 'n behuisingstoelae aandag gegee kan word ten einde die leraar in staat te stel om eie huisvesting te bekom.
- 4.3.2 In die geval van die pastoriewoning onderneem die kerkrade om gesamentlik standaarduitgawes te bekom.
- 4.3.3 Die verblyftekoste verbonde aan bewoning van die pastorie word bereken soos deur die gekombineerde Kerkraad ooreengekom.
- 4.3.4 In die geval van 'n behuisingstoelae maak die kerkrade gesamentlik daarvoor voorsiening ten einde die leraar in staat te stel om eie huisvesting te bekom. In hierdie geval onderneem die kerkrade ook gesamentlik om standaarduitgawes (soos belasting, water, ligte) te betaal soos vir die geval van 'n pastoriewoning.
- 4.3.5 Die kerkrade besluit afsonderlik ten opsigte van byvoorbeeld verhuur, instandhouding, ens., van bestaande pastorieë.

4.4 Verbondenheid aan kerkrade

- 4.4.1 Die leraar is gelyk aan beide gemeentes verbonde (vgl. ook dat die attestaat gelyk met bevestiging afgekondig word – bylae B oor beroeping, punt 2.8).
- 4.4.2 Die leraar is geregtig op die gebruik van die sakramente in beide gemeentes.
- 4.4.3 Die leraar het keurstem op albei kerkrade se vergaderings.
- 4.4.4 Die leraar word om die beurt na meerdere vergaderings, in hierdie geval klassikale vergaderings, afgevaardig (Acta 1958:13).
- 4.4.5 Buitengewone gekombineerde Kerkraadsvergaderings word gehou wanneer die leraar (of enige van die twee kerkrade) dit nodig ag, maar minstens 2 maal per jaar.
- 4.4.6 Alle sake wat die persoon of amp van die leraar raak (KO, artt 11, 12, 13, 14 en veral in die geval van moontlike tughandelings kragtens KO, artt 79, 80) word alleen op 'n gekombineerde Kerkraadsvergadering behandel. Indien by een van die kerkrade 'n klag gelê word, moet onmiddellik met die ander Kerkraad in verbinding getree word om gekombineerd te behandel.

5. **Rakende : Gemeentes en Kerkraadsvergaderings**

Die gemeentes A en B en daarmee saam die kerkrade, bly selfstandig voortbestaan. Sake wat die gemeentes afsonderlik raak, word tydens afsonderlike Kerkraadsvergaderings hanteer.

6. **Rakende : Gekombineerde Kerkraadsvergaderings**

- 6.1 'n Gekombineerde Kerkraadsvergadering bestaan uit al die Kerkraadslede van die betrokke gemeentes of uit 'n gelyke aantal deputate van elke gemeente. Alle besluite word geneem met instemming van kerkrade wedersyds en nie met blote meerderheid van stemme nie. Ingeval van verskil wat nie bygelê kan word nie, word die advies van die Klassis ingeroep.
- 6.2 Gekombineerde Kerkraadsvergaderings word:
 - 6.2.1 Jaarliks gehou vir sake wat kerkrade en gemeentes gesamentlik raak, byvoorbeeld: versorging van leraar, finansiële begroting, aspekte wat bediening en samewerking raak, ens.
 - 6.2.2 'n Gekombineerde Kerkraadsvergadering word gehou wanneer een van die kerkrade daarom vra (of wanneer die leraar dit nodig ag).

6.3 'n Staande kommissie word deur die betrokke kerkrade benoem en aangestel om sake te monitor en hetsy aanbevelings aan die kerkrade te maak of die gekombineerde Kerkraad van advies te bedien rakende bedieningsaangeleenthede.

7. Rakende : Finansiële aspekte

- 7.1 Elke Kerkraad hanteer sy eie finansies en behou sy eie kassier.
- 7.2 Die kerkrade se aanvaarding van finansiële verantwoordelikhede word jaarliks (Oktober) en *pro rata*, volgens die aantal belydende lidmate, bereken met inbegrip van die verhuring van die pastorie.
- 7.3 Enige ander gevalle waar versoek word om mekaar op 'n ander basis finansiëel by te staan of tegemoet te kom, word op 'n gekombineerde Kerkraadsvergadering besluit.

8. Rakende : Wysiging van bepalinge van hierdie Akte

Wysiging van die stipulasie van hierdie Akte kan van tyd tot tyd na die eis van omstandighede deur 'n gekombineerde Kerkraadsvergadering met advies van die Klassis gemaak word.

9. Rakende : Beëindiging van hierdie kombinasie

- 9.1 Hierdie kombinasie mag slegs met:
instemming van die betrokke gemeentes;
die Klassis, en
met een (1) jaar kennisgewing beëindig word of soos anders bepaal.
- 9.2 Die besluit van watter gemeente die leraar met beëindiging van hierdie kombinasie verbonde bly, geskied op advies van die Klassis (ook om hierdie rede die stipulasie van een [1] jaar kennisgewing). Ingeval die predikant beroep word, moet gespesifiseer word hoe die saak hanteer word.

.....
(Gemeente se naam)

.....
(Gemeente se naam)

.....
Oudl.xxxxx

.....
Oudl. xxxxxxx

.....
Oudl.xxxxx

.....
Oudl. xxxxxxx

.....
Konsulent

Bylae A

Rakende samewerking

1. Doel van kombinasie

Om die bediening van die gemeentes gelykelyk in stand te hou en waar nodig saam te werk.

2. Samewerking tussen en

..... en werk in kombinasie saam rakende die volgende sake wat hulle gesamentlik en moontlik gesamentlik raak:

- 2.1 **Gesamentlike versorging van die** leraar vir sover dit sake raak soos: traktement, reiskoste vir doelmatige voertuig, behuisingstoelaag en betaling van dienste rakende eie woning, verlofreëlings en voorwaardes daaraan verbonde.

- 2.2 Die betrokke kerkrade (gemeentes) werk saam rakende **gesamentlike bedieningsaspekte** wat die volgende kan behels:
- 2.2.1 om jaarliks die eredienste (tye) by die onderskeie gemeentes te alterneer;
- 2.2.2 om maandelik saam eredienste gedurende skoolvakansies te hou;
- 2.2.3 om maandelik bedieningsaspekte rakende byvoorbeeld kerkisasie, bejaardes, jeug, ens., te kombineer ten einde duplisering te voorkom;
- 2.2.4 maandelike en verdere koördinerings tussende ander aksies en aktiwiteite wat gereël word;
- 2.2.5 die daarstel van 'n gesamentlike kommissie tussende die twee kerkrade om aanbevelings oor bedieningsaspekte en ander sake te maak wat die bedieningskommissie raak.

3. Samewerking: en

- 3.1 Met inagneming van **gesamentlike** vergaderings tussende kommissies van en, word met die voorstelle oor samewerking tussende hierdie gemeentes rekening gehou.
- 3.2 Die kerkrade en kombinasie tussende en gee verdere aandag aan die besluit van wat by die onderskeie kerkrade aanbeveel is (Notule.....), naamlik om **samewerking** op die reeds **geïdentifiseerde terreine** (en verdere terreine wat geïdentifiseer word) verder te ondersoek en te beskryf:
- 3.2.1 Jeug (laerskool en hoërskool).
- 3.2.2 Kerkisasie op die vlak van die voor- en Belydenisklas.
- 3.2.3 Bejaardebyeenkomste.
- 3.2.4 Evangelisasie.
- 3.2.5 Samewerking (gemeente).
- 3.2.6 Eredienste in vakansies, Christelike feesdae en aanddienste.
- 3.2.7 Diakonieë.
- 3.2.8 Bybelstudies.
- 3.2.9 Fondsinsamelingsaksies en gemeentelike funksies gerig op die onderlinge meelewing.
- 3.2.10 Grensreëlings – waar wyke van deur bedien word.
- 3.2.11 Siekte- en bejaardebesoeke.
- 3.2.12 Deel van Nuusbriewe.
- 3.2.13 Gesamentlike kerkkantoor.
- 3.3 Die kerkrade van en behou **kommissies wat benoem is** ten einde verder met mekaar oor samewerking gesprek te voer en uitvoering aan die aanbevelings van te gee.

.....
(gemeente se naam)

.....
(gemeente se naam)

.....
Oudl.xxxxx

.....
Oudl. xxxxxx

3.3.2 Akte van bedieningsooreenkoms (finansiële samewerkingsooreenkoms) aangegaan deur GK A, GK B, GK C

(Die Akte se numering word gebruik)

1. Doel van die bedieningsooreenkoms

Die doel van die bedieningsooreenkoms is om die bediening in die Gereformeerde Kerke A, B en C gelykelyk in stand te hou en om die predikant eervol te versorg.

2. Besluit tot bedieningsooreenkoms

2.1 Die saak het op die Klassis gedien

Tydens die vergadering van Klassis DD, gehou op 20... is daar goedkeuring gegee om voort te gaan om 'n bedieningsooreenkoms te sluit ter wille van die bediening in GK C.

2.2 Die afgevaardigdes van die meewerkende gemeentes se besluite

Afgevaardigdes van die meewerkende Gereformeerde gemeentes van Klassis DD het op 20.... te GK XX vergader en besluit om, na goedkeuring van hul kerkrade, 'n finansiële-samewerkingsooreenkoms (FSO) te sluit vir die traktering van Ds ZZZ.

2.3 Die drie gemeentes se besluite

2.3.1 Die Gereformeerde Kerke A, B en C het op 'n gekombineerde Kerkraadsvergadering van besluit dat ooreengekom word om in 'n bedieningsooreenkoms met mekaar te gaan met die oog op die gesamentlike bediening deur Ds ZZZ.

2.3.2 Die drie gemeentes het ook besluit om elk hul deel te gee en deel te vorm van die FSO wat die versorging van die predikant sal hanteer.

2.3.3 Met hierdie nuwe ooreenkoms verval die vorige bedieningsooreenkoms tussen GK A en B.

2.4 Die gesamentlike begroting vir traktering

Die drie gemeentes het 'n begroting vir traktering van Ds ZZZ goedgekeur wat vanaf 20.. begin. Die begroting gaan dien op die FSO.

3. Rakende : Bedienaar van die Woord

3.1 Verantwoordelikhede

Met betrekking tot die bedienaar van die Woord word die volgende, afgesien van en in aansluiting by die beroepsbrief gestipuleer: Dat Ds ZZZ dieselfde verantwoordelikhede het ten opsigte van GK A en GK C.

3.2 Woordbediening

Bediening vind afsonderlik en gesamentlik plaas soos deur die predikant in samewerking met die kerkrade gereël word. 'n Bedieningsplan moet gemaak word om die Woordbediening en uitbreiding van God se koninkryk die beste te dien.

4. Finansiële versorging van die predikant

4.1 Versorging vind gesamentlik plaas soos deur die kerkrade soos genoem in 1.2 (van Akte) wat in 'n finansiële-samewerkings-ooreenkoms (FSO) is. Die trakteringspakket word jaarliks hersien by so 'n vergadering in Februarie, verkieslik voor die einde van belastingjaar en voor die Maart Klassis. Dit sluit in medies, vervoer en pensioen.

4.2 Die traktementsuitkering vind na finale berekeninge maandeliks plaas by wyse van 'n pro-rata oorbetalings deur die kassier van GK XXX in 'n rekening van die predikant.

5. Woning

5.1 Die predikant bly aan in die pastorie van GK A. Die Kerkraad van GK A bly verantwoordelik vir die instandhouding en versekering van die pastorie, maar kan by die FSO hulp vra.

5.2 Die meewerkende gemeentes in die FSO aanvaar gesamentlike verantwoordelikheid, as deel van die predikant se versorging, vir die munisipale rekening en die telefoonuitgawes tot op 'n bedrag soos deur die vergadering bepaal.

6. Verbondenheid aan kerkrade

6.1 Die predikant is gelyk aan die drie gemeentes GK A, GK B en GK C verbonde.

6.1 Die predikant is geregtig op die gebruik van die sakramente in al drie gemeentes.

6.3 Die predikant het keurstem op al drie kerkrade se vergaderings.

6.2 Die predikant word om die beurt na meerdere vergaderings, in hierdie geval klassikale vergaderings, afgevaardig (Acta 1958:13).

- 6.3 Buitengewone gekombineerde Kerkraadsvergaderings word gehou wanneer die predikant (of enige van die drie kerkrade) dit nodig ag, maar minstens 1 maal per jaar.
- 6.4 Alle sake wat die persoon of amp van die predikant raak (KO, artt 11, 12, 13, 14 en veral in die geval van moontlike tughandeling kragtens KO, artt 79, 80) word alleen op 'n gekombineerde Kerkraadsvergadering behandel. Indien by een van die kerkrade 'n klag gelê word, moet onmiddellik met die ander kerkrade in verbinding getree word om gekombineerd te behandel.

7. Rakende : Gemeentes en Kerkraadsvergaderings

Die gemeentes A, B en C, en daarmee saam die kerkrade, bly selfstandig voortbestaan. Sake wat die gemeentes afsonderlik raak, word tydens afsonderlike Kerkraadsvergaderings hanteer.

8. Rakende : Gesamentlike Kerkraadsvergaderings

- 8.1 Gesamentlike Kerkraadsvergadering bestaan uit al die Kerkraadslede van die betrokke drie gemeentes of uit 'n gelyke aantal deputate van elke gemeente.
- 8.2 Alle besluite word geneem met instemming van kerkrade wedersyds en nie met blote meerderheid van stemme nie. Ingeval van verskil wat nie bygelê kan word nie, word die advies van die Klassis ingeroep.
- 8.3 Gesamentlike Kerkraadsvergaderings word jaarliks gehou vir sake wat kerkrade en gemeentes gesamentlik raak, byvoorbeeld aspekte wat bediening en samewerking raak soos vervat in die bedieningsplan asook die predikant se verlofreëlings.
- 8.4 'n Gesamentlike Kerkraadsvergadering word gehou wanneer een van die kerkrade daarom vra (of wanneer die predikant dit nodig ag).

9. Rakende : Finansiële aspekte

- 9.1 Elke Kerkraad hanteer sy eie finansies en behou sy eie boekhoustelsel en kassier en bly verantwoordelik vir alle uitgawes soos instandhouding van kerkgeboue, ramings, versekering op geboue, munisipale rekeninge, ens.
- 9.2 Die begroting rakende die versorging van die predikant en ander finansiële sake van belang word op die (FSO) finansiële samewerkingsvergadering wat bestaan uit twee afgevaardigdes van elk van die meewerkende gemeentes, jaarliks opgestel.
- 9.3 Al die meewerkende kerke moet jaarliks by hul November Kerkraadsvergaderings 'n besluit neem vir 'n maandelikse bedrag waartoe hulle hul finansiële verbind vir die volgende finansiële jaar.
- 9.4 Die besluit moet deurgegee word aan die skriba van XXX om 'n begroting op te stel wat by die FSO-vergadering dien.
- 9.5 Indien 'n gemeente om welke rede haar bydrae moet verminder of nie meer met die finansiële samewerkingsooreenkoms (FSO) kan voortgaan nie, moet die besluit van die Kerkraad minstens drie maande voor die Februarievergadering deurgegee word aan die skriba van XXX.

10. Rakende : Wysiging van bepalinge van hierdie Akte

Wysiging van die stipulasie van hierdie Akte kan van tyd tot tyd na die eis van omstandighede deur 'n gekombineerde Kerkraadsvergadering met advies van die Klassis gemaak word.

11. Rakende : Beëindiging van hierdie bedieningsooreenkoms

Hierdie bedieningsooreenkoms mag slegs met:

- 11.1 instemming van die betrokke gemeentes
- 11.2 die Klassis, en
- 11.3 met een (1) jaar kennisgewing beëindig word of soos anders bepaal.
- 11.4 Met beëindiging van hierdie ooreenkoms verbonde op advies van die Klassis bly ds ZZZ predikant van GK C.

11.5 By die aanvaarding van 'n beroep word die ooreenkoms outomaties beëindig by datum van losmaking.

12. Die sluiting van die bedieningsooreenkoms

Tydens die gekombineerde Kerkraadsvergadering van GK A, GK B en GK C, op 20... te GK WWW, is hierdie akte deur die volgende verteenwoordigers onderteken:

12.1 twee ouderlinge van elke gemeente

12.2 die konsulent wat die vergadering gely het, asook

12.3 Ds ZZZ wat hom daarmee tot hierdie besluit en reëlings bereidwillig verklaar het.

<u>GK A</u>	<u>GK B</u>	
Oudl. _____		Oudl. _____
Oudl. _____		Oudl. _____
GK C	Ds ZZZZ (Predikant)	
Oudl. _____	_____	
Oudl. _____	Ds SSSSSS (Konsulent)	

3.4 Akte van Eenwording (Samesmelting)

(Die Akte se numering word gebruik)

1. Besluit

Na deeglike raadpleging en onderlinge samewerking deur die twee gemeentes, het die Gereformeerde Kerken Gereformeerde Kerk onderskeidelik op 20.. besluit om saam te smelt tot een nuwe Gereformeerde Kerk binne die kerkverband van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Op onderskeidelik 20.. het die kerkrade die Akte van Eenwording goedgekeur vir voorlegging aan die *Classis Contracta* wat op 20.. vergader.

2. Datum van eenwording

Die datum van eenwording is 20..

3. Naam

Die naam van die nuwe gemeente sal wees Gereformeerde Kerk

4. Klassis

Die Gereformeerde Kerk sal onder Klassis ressorteer.

5. Beginsel

Die beginsel van kontinuïteit word gevolg met die proses van samesmelting, tot tyd en wyl die nuwe gesamentlike Kerkraad 'n nuwe bedieningstruktuur goedgekeur het.

6. Grense

Die eenwording raak geen lidmate van buurgemeentes nie. Behalwe vir die grense tussen die twee betrokke gemeentes, wat reeds verval het, word alle grense van die twee gemeentes met hulle buurgemeente () gehandhaaf as grense van die Gereformeerde Kerk..... met sy buurgemeente.

“Die bediening hoort by die kerkrade tuis wat die mense versorg (Art 30 KO) en die gelowiges dra self ook verantwoordelikheid van keuse van 'n gemeente waar hy hom voeg (NGB, art 28) om ten beste saam te leef

en bedien te word” (Dr B Spoelstra – Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering:239).

Die Gereformeerde Kerk sal so spoedig moontlik na konstituering aandag gee aan versoeke van lidmate uit die samesmeltende gemeentes wat eerder lidmate by 'n naburige gemeente wil wees en attesteer soos benodig.

7. Eiendomme

Alle vaste en roerende eiendom sowel as alle bates, laste en verantwoordelikhede van die Gereformeerde Kerk en Gereformeerde Kerk word na eenwording op 20.. die eiendom, bates, laste en verantwoordelikhede van die nuwe Gereformeerde Kerk

Die geboue kompleks van die Gereformeerde Kerk, geleë te, sal as kerkgebou, gemeentesentrum en jeugsentrum dien vir die nuwe Gereformeerde Kerk

Die kerkgebou en pastorie van die Gereformeerde Kerk word te verkoop bemark.

8. Diakens en Ouderlinge

Alle diakens en ouderlinge van die Gereformeerde Kerke soos op 20.. bly aan as diakens en ouderlinge van die Gereformeerde Kerk, behalwe diegene wat om ontslag gevra het.

9. Predikante

Beide die predikante van die samesmeltende kerke bly verbonde aan die nuwe Gereformeerde Kerk en sal steeds alles doen wat 'n herder en leraar betaam en omskrywe is in hulle onderskeie oorspronklike beroepsbriewe.

Hoewel ds en ds predikante sal wees van die Gereformeerde Kerk en alle lidmate dus aan hulle sorg opgedra word, is dit wenslik dat die helfte van die gemeente se lidmate aan elk van die predikante toegewys word. Hierdie reëling geld ter wille van kontinuïteit tot tyd en wyl die nuwe Kerkraad die nuwe beoogde “gemeente- en bedieningstruktuur” gefinaliseer het.

10. Versorging van die predikante

Die twee predikante sal in terme van die artikels van die Kerkorde en Sinodale besluite versorg word met inagneming van hulle oorspronklike beroepsbriewe soos van tyd tot tyd deur die onderskeie kerkrade gewysig tot op dag van eenwording.

11. Versorging van emeriti

Emerituspredikant ds/di nou emeriti van die Gereformeerde Kerk en sal as sodanig versorg word.

12. Heilbede

Dit is die innige en opregte bede van die kerkrade en gemeentes en dat hierdie eenwording alleen TOT EER VAN GOD sal wees.

Dit was vanuit die staanspoor die bedoeling “**om die bediening van God se Woord in meer effektief tot sy reg te laat kom**”.

13. Goedkeuring

Hierdie akte, tesame met relevante dokumentasie, word voorgelê aan Klassis (waarby die Gereformeerde Kerk inskakel) om dit tydens 'n *Classis Contracta* op 20.. goed te keur.

ALDUS ONDERTEKEN OP 20..

Voorsitter en konsulent:

Afgevaardigdes van:

.....

Afgevaardigdes van:

.....

3.5 Akte van Ontbinding

(Die Akte se numering word gebruik)

1. Doel van die Akte

Die Gereformeerde Kerk dui hiermee aan dat die kerk op die wyse soos hieronder genoem, gaan ontbind.

2. Redes vir die Akte

- 2.1 Die gemeente se getalle het gedaal tot belydende lidmate en dooplidmate, met geen teken van getallegroei vir die toekoms nie.
- 2.2 Bedieningsnood in terme van Woordbediening.
- 2.3 Agteruitgang van (dorp, veral skool) veroorsaak dat lidmate meer op (dorp) is, en dat sommige gesinne 'n geruime tyd reeds by hierdie of ander gemeentes inskakel (bv. vir katkisasie en eredienste).
- 2.4 Probleme om die basiese verantwoordelikheid binne Klassis te kan vervul (soos bywoning van vergaderings).
- 2.5 'n Meer sinvolle bedieningsversorging kan gereël word met die Gereformeerde Kerk Verswakking van infrastruktuur (paaie) veroorsaak dat 'n soortgelyke reëling nie op hierdie stadium sinvol is met die Gereformeerde Kerk, nie
- 2.6 Geografiese verskuiwings die afgelope paar jaar, het veroorsaak dat enkele gesinne nader is aan ander gemeentes, en dit vir hulle dus makliker is om by die gemeentes in te skakel. Die enkele gesinne het met medewete van die Klassis hulle reeds gevoeg by die Gereformeerde Kerk Ander gesinne sal hulle ook eerder wil voeg by die Gereformeerde Kerk

3. Instemming tot ontbinding

Die Kerkraad en gemeente kom tot die ontbinding van die Gereformeerde Kerk alleen na 'n worstelende oorweging waarin Kerkraad en gemeente voortdurend in gesprek was en waarin die oorgrote meerderheid lidmate hul instemming met die proses gegee het.

4. Oorname van bedieningsterrein

Na oorlegpleging en samesprekings het die Gereformeerde Kerk aangedui dat hulle die verantwoordelikheid vir die gebied wat tot nou toe deur die Gereformeerde Kerk behartig is, met die ontbinding van die Gereformeerde Kerk sal oorneem.

(Daar moet ook 'n notule-uittreksel van laasgenoemde gemeente se Kerkraadsvergadering oor die saak by die korrespondensie ingesluit wees, naamlik dat hulle bereid is om die lidmate, predikant, en/of emeritusverpligtinge, asook bates en laste oor te neem. Hoe daar met die bates en laste gehandel word, moet vooraf deur die Klassis aan die "oornemer(s)" se Kerkraad(e) as 'n voorstel gekommunikeer word.)

5. Lidmate

Die lidmate van Gereformeerde Kerk skakel na ontbinding by die verskeie Gereformeerde Kerke in. Die Kerkraad voorsien attestate aan lidmate en advies insake inskakeling by ander Gereformeerde Kerke.

6. Ouderlinge en Diakens

Die dienswerk van die ouderlinge en diakens van Gereformeerde Kerk kom tot 'n einde met die ontbinding van die gemeente.

7. Predikant / Emeritus en sy gesin se versorging

Ds is nog aan die gemeente verbonde. Die Kerkraad het van tyd tot tyd bygedra tot die eervolle versorging van ds.

Die lidmate van die Gereformeerde Kerk voel hulle steeds verantwoordelik vir ds. en sy gesin, en wil daarom ook na die ontbinding van die gemeente vir ds. en sy gesin voorsiening maak. (Meld ook die huidige emerituspredikant, indien van toepassing.)

7.1 Riglyne vir die bestuur van die geld

- 7.1.1 Met die ontbinding van die gemeente betaal die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk alle geld en beleggings van die gemeente oor aan die Gereformeerde Kerk wat op gelyke basis ('n Rand van en 'n Rand) ds. en sy gesin versorg.
- 7.1.2 Die bestuur van hierdie geld sal ook geskied met in agneming van die bestuursbeginsels van die emeritaatsversorgingstrust (veral punt 9 van die aangehegte dokument).
- 7.1.3 Die rente van hierdie belegging mag net aangewend word binne die stipulasies van hierdie akte en nie vir enige ander doel nie. Die Kerkraad moet die geld bewaar en nie vir enige ander doel of projek aanwend nie.
- 7.1.4 Aansoeke vir die versorging van predikant en sy gesin kan by die Kerkraad van ingedien word, deur die predikant self of enige lid van die gesin of familie.
- 7.1.5 Indien die gelde nie meer vir hierdie doel gebruik kan word nie, moet die Kerkraad van enige oorblywende fondse gebruik vir Woordbediening.
- 7.1.6 Die oudit van hierdie gelde kan geskied saam met die res van die fondse onder die Kerkraad van se bestuur.
- 7.1.7 Die Kerkraad kan dit oorweeg om kerke en / of vergaderings, en/ of die bestuur van die Emeritaatsversorgingstrust, in kennis te stel van enige allokasie uit hierdie geld, indien hulle oordeel dat dit nodig is, om enige onnodige duplisering van allokasies te voorkom.
- 7.1.8 Individue en enige ander partye kan ook van tyd-tot-tyd nog tot die geld vir die versorging van die predikant / emeritus en sy gesin bydrae. Bydraes in hierdie verband word aan die Kerkraad van betaal en die kassier sal dit aan die Kerkraad rapporteer, wat die verantwoordelike party is.
- 7.1.9 Indien daar enige addisionele ouditeurskoste of bankkoste is, kan die Kerkraad van van die geld gebruik om die rekening te delg.

8. Oordrag van Eiendomme/Bates

- 8.1 Die eiendom en alle roerende en vaste bates van die Gereformeerde Kerk, sowel as gepaardgaande kontrakte, word na ontbinding die eiendom en/of verantwoordelikheid van die Gereformeerde Kerk
- 8.2 Die kerkgebou en erwe is na al die jare steeds in die naam van die Gereformeerde Kerk, sodat geen oordrag koste ter sprake is nie. Die Kerkraad van het wel besluit dat die eiendom aan behoort en hulle het dus die reg om te bepaal, hoe die geld aangewend moet word na die verkoop van die eiendomme.
- 8.3 Ook hierdie geld moet gevoeg word by die wat met ontbinding aan oorgedra is vir die versorging van ds. en sy gesin. Die geld uit die verkoop van eiendomme moet dus ook hanteer word kragtens punt 7 van hierdie akte.
- 8.4 Die Kerkraad van kan besluit op 'n billike en markverwante bedrag vir die verkoop van die eiendomme.
- 8.5 Geld ontvang uit die verhuring van die eiendomme kan gebruik word vir onderhoud of ander kostes i.v.m. die eiendomme, indien daar steeds surplus fondse is, moet die Kerkraad dit reken as deel van die geld vir die versorging van ds. en sy gesin.
- 8.6 Die Kerkraad van sou ook kon besluit om nie die eiendom te verkoop nie, omdat daar nuwe bedieningsmoontlikhede ontstaan het, dan kan die eiendomme onderhou word volgens bogenoemde bepalings.

9. Finansiële aspekte en administrasie

Die boeke van die Gereformeerde Kerk sluit af op die dag van ontbinding. Die geouditeerde state sal op 'n vergadering van die Gereformeerde Kerk goedgekeur word. Alle dokumentasie van die gemeente sal aan die argief van die kerke in Potchefstroom gestuur word vir veilige bewaring en sal ook onder toesig van die Kerkraad van afgehandel word.

10. Kennisgewing van ontbinding

Met die ontbinding sal die Kerkraad van op ondergenoemde datum die nodige kennisgewing bedien aan die Klassis, die kerkrade van en, die Administratiewe Buro (met die oog op die Almanak) en ds. en sy gesin. Die Kerkraad sal die saak aan die kerkverband bekend maak via *Die Kerkblad*.

11. Datum van ontbinding

Die Gereformeerde Kerk ontbind op 20..

Voorsitter

Skriba

Datum: _____

4. Bedienaars van die Woord

4.1 Beroeping – prosedures (KO artt 4, 5, 10)

Die Kerkraad/gemeente beroep 'n predikant/proponent om in diens van die Here in die plaaslike kerk te staan (Dr. Jan Visser, Die Kerkorde in Praktyk:14-38).

Wanneer predikante na 'n volgende gemeente beroep word, tree kerkrade tot 'n groot mate belangeloos op. "Dominee, ons sal graag wil hê dat jy moet bly, maar jy moet besluit", is die meer algemene reaksie vanuit Kerkraadsgeledere. Hierin vergeet dominee en Kerkraad KO, art 10.

Voordat 'n dominee 'n beroep opvolg (d.w.s. sy besluit neem) moet die Kerkraad van die gemeente waar dominee tans is, die beroep bewillig en die Klassis moet dit goedkeur. Die Kerkraad moet dus gaan sit en die bedieningsopset en –nood in die gemeente analiseer en beoordeel om aan dominee duidelike rigting te gee of hy moet bly en of hulle sy beroep sal bewillig. So belangrik soos die besluit vir dominee is, so belangrik moet die besluit vir die Kerkraad wees.

Die Klassis het ook 'n verantwoordelikheid. Dominee is bedenaar in die koninkryk van God. En kerke is daar ter wille van die koninkryk. Daarom moet die Klassis (en dit kan in praktyk gereël word dat dit twee naburige kerke is) die groter bedieningsopset en –nood verreken alvorens toestemming gegee word.

Dat twee naburige kerkrade by die dominee se losmaking teenwoordig is (waartydens eintlik net nagegaan word of al die papierwerk in orde is), is nie beantwoording aan KO, art 10 nie. Die bedoeling is dat bediening van die Woord kan voortgaan en groei.

Wanneer 'n predikant 'n beroep nie opvolg nie, behoort die Kerkraad wat hom beroep het, op behoorlike wyse hom van die roeping te onthef.

4.2 Advies deur konsulent tydens beroeping

Die konsulent is 'n predikant wat deur die Klassis aangewys word om as voorsitter op te tree wanneer 'n gemeente vakant is. Die konsulent is geen "lid" van die Kerkraadsvergadering waar hy as voorsitter waarneem nie; hy het dus vanselfsprekend ook geen stemreg nie, en word ook nie by die kworum gereken nie.

Die Klassis of aangewese konsulent gee dus advies by beroeping. Daar moet o.a. toegesien word dat die beroep uitgebring word volgens die goeie orde en "met onderhouding van die ... algemene ordinansies vir die beroepbaarheid van diegene wat buite die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedien het..." (KO, art 5).

As voorbeelde van moontlike advies, kan die volgende genoem word:

- advies dat 'n sekere persoon wat genomineer is, nie beroepbaar is nie (bv. 'n voormalige predikant, 'n predikant wat weens swak gesondheid geëmeriteer het; 'n kandidaat wat nog nie die eksamen tot beroepbaarstelling suksesvol afgelê het nie; 'n predikant buite die verband van die GKSA; 'n predikant wat om een of ander rede nie geskik sal wees vir daardie betrokke gemeente nie; 'n predikant wat nog nie 'n volle jaar in die gemeente is waar hy op daardie tydstep dien nie, ens.);
- advies vir die korrekte opstelling en ondertekening van die beroepsbrief sowel as die begeleidende brief, waarin die verskillende fasette van die versorging uiteengesit word.
- advies met betrekking tot die prosedure by beroeping.

4.3 **Beroepsbriewe en bylaes**

Die beroepsbrief lui: "...om deur leer en voorbeeld, bestuur en opsig, alles te doen wat 'n herder en leraar betaam, ooreenkomstig Gods heilige Woord en die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke wat daarop gegrond is; in besonder deur die verkondiging van die evangelie en die Heilige Doop en die Heilige Nagmaal op die tye in die gemeente vasgestel; deur besoek van die gemeentelede aan hulle huise en deur onderwysing van die Bybelse en kerkgeskiedenis en van die geloofsleer van die Gereformeerde godsdiens in katkisasie wat die hele jaar deur weekliks gehou moet word."

As ons dus werklik 'n posbeskrywing wil gee van die werk van die predikant, word dit in een sin saamgevat: Dat hy alles moet doen in belang van die diens van die Woord en die uitbreiding van die Koninkryk. Dit is inderdaad 'n voltydse en 'n lewenslange taak.

- 4.3.1 Daar is standaard Sinode-goedgekeurde beroepsbriewe en kerkrade moet asseblief nie daarvan afwyk nie. Proformas/Konsepsvorme kan by die Administratiewe Buro gekry word (Handelinge 1985:557-559). 'n Beroepsbrief is 'n kerkregtelike kontrak tussen die Kerkraad en die predikant wat wettig beroep en bevestig is in die gemeente (KO, artt 4, 5, 10 en 11).

In die lig van die Skrif, Belydenis en Kerkorde is die doel van die beroepsbrief om 'n predikant op ordelike wyse in kennis te stel van 'n roeping deur die Here wat op hom uitgebring is (Prof. J Smit, In die Skriflig:571, Vol.41, No. 4, Desember 2007). Die beroepsbrief is slegs die praktiese uitvoering van die beginsel wat in KO, art 11 gestel word.

Die beroepsbrief behoort nie as 'n kontraktuele ooreenkoms tussen die Kerkraad en die predikant beskou te word nie. Die beroepsbrief funksioneer binne die konteks van die interne verbandsreg van die kerk, of te wel die eiesoortige wyse van die kerk se regering as 'n mededeling van 'n gemeente aan 'n predikant dat hy wettig deur die gemeente as bedienaar van die Woord beroep is. Die doel van die Kerkorde is nie om 'n kontraktuele werksverhouding tussen 'n Kerkraad en 'n predikant te skep nie, maar om in 'n gemeenskap (die kerk) wat by wyse van roeping vergadering word, die besondere roeping van 'n predikante te reël. Die doel van die kerkordelike bepalings en die beroepsbrief met betrekking tot die reëling van die predikant se diens is derhalwe om prakties uitvoering te gee aan 'n godsdienstige of geloofsverbintenis wat by wyse van die bevestiging in die diens tot stand kom, soos dit deur die Skrif aangedui en in die Belydenis verwoord word.

4.3.2 **Bylae tot die beroepsbrief**

In die bylaag tot 'n beroepsbrief kom die Kerkraad met die beroepe dominee/proponent ooreen om hom in liefde eervol te versorg. Dis weereens NIE 'n dienskontrak wat onderteken hoef te word tussen beide partye NIE. In die bylaag moet die volgende duidelik uiteengesit word:

1. Kontant-traktement.
2. Vakansietoelae/13de tje.
3. Reistoelaag.
4. Die Kerkraad en die dominee se verpligtinge t.o.v. die GKSA Predikante Pensioenfonds.
5. Mediese versorging.
6. Verlof.
7. Huisvesting.

Bogenoemde is onderworpe aan belasting, wat so belastingvriendelik moontlik met die predikant/proponent ooreengekom word.

8. Bedryfskoste soos: water, elektrisiteit van die pastorie, telefoon, selfoontoelaag, versorging van die pastorie se tuin, rekenaartoelaag, is volgens advies vanuit die praktyk vir die rekening van die Kerkraad en word nie op die IRP5 van 'n predikant aangedui nie. Motivering: In verskillende beroepe maak maatskappye voorsiening vir sekere toerusting vir hulle werknemers om hulle take uit te voer. Hierdie toerusting is dan vir die bedryfsrekening van die maatskappy en word nie as 'n byvoordeel vir die werknemer bereken nie.

4.3.3 Kombinasies en beroeping
Reeds in hoofstuk 3, by 3.3.1 bespreek.

4.3.4 Bedieningsooreenkomste en beroeping
Reeds in hoofstuk 3, by 3.3.2 bespreek.

4.4 Traktering

4.4.1 Beginsel van traktering KO, art 11

Die Kerkraad wat die kerk verteenwoordig, is verplig om sy bedienaars van die Woord met behoorlike onderhoud te versorg en mag hulle nie die onderhoud weerhou of hulle uit hulle diens ontslaan sonder kennis en goedkeuring van die Klassis met advies van die deputate van die Streeksinode nie.

4.4.1.1 Salaris teenoor traktement (versorging)

'n Salaris word gekry wanneer arbeid of kundigheid verkoop en dus betaal word (na dienste gelewer). 'n Traktement is egter anders: jy word vooruit versorg sodat jy jou dienswerk kan verrig. Met skale werk dit weer so dat dit nie versorging is nie, maar die verkoop van arbeid op 'n sekere ouderdomsvlak. 'n Predikant word beroep en die gemeente probeer om 'n bepaling te maak op watter vlak hy versorg gaan word. Die beroepsbrief is eintlik 'n aanbod wat tesame met die roeping om in die gemeente te dien, oorweeg moet word. Die riglyne hieronder kan as leidraad dien. 'n Predikant se traktement wat in 'n nuwe gemeente bevestig word, begin van die eerste van die maand. 'n Traktement aan 'n proponent op die dag van beroepsaanvaarding, word vooruit gegee/betaal. Die Kerkraad maak realistiese voorsiening vir die hervestigingskoste van 'n proponent (verhuising asook wat nodig is om sy nuwe woning te betrek, bv. gordyne).

4.4.1.2 Vertretpunt: geen ouderdomsverskille

4 Fases van 10 jaar elk in die bediening.

10 jaar – Om huis op te sit, te trou, kinders te kry en studieskuld te betaal.

11-20 jaar – Kinders moet skool toe gaan en vestiging in die omgewing.

21-30 jaar – Kinders gaan universiteit toe.

31-40 jaar – Maak gereed vir emeritering.

4.4.1.3 Kerk se roeping/Kerkraad se taak

Om die Woord in die gemeente en in die gemeenskap te bedien – Kyk KO, artt 16 en 23. Om hierdie taak te verrig stel die Kerkraad 'n begroting op met verskeie komponente o.a.:

Om die bedienaar te versorg dat hy die Woord kan bedien.

Om 'n infrastruktuur te skep sodat hy die Woord kan bedien.

Om hulpmiddels te verskaf sodat hy die Woord kan bedien.

4.4.1.4 Om die bedienaar te versorg dat hy die Woord sorgvry kan bedien

Die volgende moet ingesluit wees, sodat die bedienaar op bg. wyse versorg word: kontanttraktement (dit is leefgeld/huis-toe-vat geld), mediese ledegeld en buitengewone uitgawes, pensioen (20%, of 7.5% +12.5% van kontanttraktement), MVB (mediese voorafbefondsing) en Werkloosheidsversekering.

4.4.1.5 Om 'n infrastruktuur te skep sodat hy die Woord kan bedien

Vir die Kerkraad se rekening. Dit word nie in berekening gebring as 'n normale byvoordeel nie, behalwe die toepaslike belasting vir gratis/goedkoop huisvesting. In

die geval van 'n eie woning oorweeg die Kerkraad die opsie wat die beste belastingvoordeel kan inhou.

Die volgende moet ingesluit wees sodat die dienaar hierdie infrastruktuur kan hê: gedienste huisvesting (gratis pastorie/eie woning – huissubsidie), 'n gasvryheidstoelaag, eiendomsbelasting (indien van toepassing), water en ligte, tuinversorging en 'n huishulp.

4.4.1.6 Om hulpmiddels te verskaf sodat hy die Woord kan bedien

Hulpmiddels (bv. Rekenaar, internetverbinding, programmatuur, telefoon, selfoon, boeke) kan die Kerkraad vir sy bedryfsrekening neem.

Vervoer: sekere belastingvereistes is van toepassing op 'n reis-/vervoertoelaag, maar kan met behoorlike rekordhouding (logboek) deur die predikant ten volle geëis word met die indiening van sy belastingopgawe. In die geval van 'n sogenaamde gemeentevervoertuig, besluit die Kerkraad op 'n opsie wat wettig is en die beste belastingvoordeel vir die predikant inhou. Vervoer is in praktyk 'n uitgawe vir die predikant om sy werk te kan doen. In die konteks van belastingwetgewing word dit as 'n deel van inkomste beskou.

4.4.2 Samestelling van versorgingspakket

- a) Kontanttraktament (huis-toe-vat-geld).
- b) Pensioenbydrae.
- c) Mediese bydrae.

4.4.3 Bepaling van PGT (Pensioengewende traktament)

Sinode 2006 het aan deputate opdrag gegee om 'n riglyn aan te dui as basisbedrag wat gebruik kan word vir bepaling vir eervolle versorging by emeritering van 'n gesin. Die riglyn bedrag is vir 2006 vasgestel op R15 000 per maand. (Dit moet oorweeg word om die bedrag jaarliks met minstens die inflasiekoers aan te pas.)

Die nuwe emeritaatsvoorsiening (Pensioenfonds) werk so dat huidige en toekomstige vergoeding van jonger predikante minstens ook moet kan voldoen aan die bogenoemde bedrag of 'n bedrag met soortgelyke koopkrag by emeritaat.

Om die bogenoemde doelwit te bereik, moet daar 'n PGT gestel word om genoegsame voorsiening te maak by emeritaat. Op die PGT wat gestel word, moet die predikant nou maandeliks 7.5% pensioen bydra en die gemeente 12.5%. Die predikant kan, indien hy so sou verkies selfs addisioneel bydra om sodoende sy traktering by emeritaat of voorsiening by afsterwe of ongeskiktheid te versterk.

NB: Indien die PGT te laag is, gaan daar nie genoegsaam voorsiening wees vir die predikant en sy afhanklikes om behoorlik versorg te word by emeritaat, dood of ongeskiktheid nie. Omdat die versorging van die predikant lewenslank die verantwoordelikheid van die gemeente bly, moet die Kerkraad nie toelaat dat hier 'n toekomstige las op die gemeente geplaas word, deur die PGT te laag te stel nie. As nou te min voorsien word (die PGT te laag maak) moet die toekomstige te kort wat die predikant sal ervaar by emeritaat self uit die gemeentefonds aangevul word.

Die bedrag wat vir doodsversekering en ongeskiktheidsversekering uitbetaal word, is 'n veelvoud van die PGT. (Indien die PGT te laag is, is die bedrag wat uitbetaal word by dood of ongeskiktheid vir versekering ook laag.)

Die PGT moet dus die bedrag wees waarmee die predikant indien hy nou sou emeriteer behoorlik versorg sal kan word.

Kerkrade behoort minstens jaarliks toe te sien dat daar behoorlik gekyk word na die bedrag wat opgegee word as PGT vir hulle predikant. Die gevolg van veral 'n te lae PGT op die versorging van predikante wat emeriteer weens ongeskiktheid en dood is dramaties en traumaties. Dit plaas nie net die predikant en sy afhanklikes onder druk nie, maar plaas ook 'n groot las op die gemeentes en die kerkverband.

4.5 Verlofriglyne

Die reëlings met betrekking tot die verskillende verlof moet duidelik omskryf word in die predikant se beroepsbrief.

- 4.5.1 Jaarliks: Verlofreëlings verskil van kerk tot kerk. 'n Goeie riglyn is ten minste 28 dae tot 6 weke per jaar. Omdat predikante gewoonlik 24/7 aan diens is, is dit raadsaam om hom een afnaweek per kwartaal te gee.
- 4.5.2 Siekteverlof: Soos ooreengekom met Kerkraad (KO, art 14). Wanneer 'n predikant met siekverlof gaan moet dit genotuleer word sodat wanneer 'n ongeskiktheidsaansoek gedoen word die nodige siekteverlofdatum deurgegee kan word aan die versekeraars.
- 4.5.3 Langverlof: Die riglyn is dat 6-10 dae vir elke diensjaar bygevoeg word vir langverlof.
- 4.5.4 Studieverlof: Vir nagraadse studie word 'n ooreenkoms tussen die Kerkraad en die predikant aangegaan.

4.6 Behuising

Die predikant het huisvesting nodig. Hy betaal tans belasting as hy in 'n pastorie woon wat minder is as die belasting wat hy sou betaal as hy in sy eie eiendom sou woon. (Elke Kerkraad behoort kundige advies te kry oor die saak en die syfers te bestudeer oor die verskil in belasting wanneer die predikant in die pastorie bly of in sy eie eiendom, omdat die belastingaanspreeklikheid aansienlik kan verskil – kyk dus wat is die beste in die omstandighede en tree dan daarvolgens op.)

Waar die predikant in 'n pastorie woon, moet hy voorsiening maak dat hy na emeritering huisvesting sal hê. Hierdie saak verdien die dringende aandag van al die kerke.

Kerke behoort nou reeds finansiëel hul predikante in staat te stel om 'n belegging te maak, sodat vir huisvesting voorsien kan word, by emeritaat. Die aankoop van 'n eiendom deur die predikant in 'n hoogsverhuurbare omgewing, is 'n goeie manier om kapitaal op te bou deur verhuring. Die voordeel van die metode is dat daar met 'n lae aanvangsbelegging begin kan word (Handelinge 1985:526-531).

In geval van die Kerkraad se eiendom behoort die Kerkraad ook behoorlik die plek in stand te hou.

By die berekening van inkomstebelasting op die pastorie behoort kerkrade in ag te neem dat net 'n deel van die huis vir woondoeleindes gebruik word. 'n Deel daarvan word vir werksdoeleindes gebruik en is dus nie belasbaar nie. (In sekere gevalle is die owerhede se interpretasie van die saak egter baie streng en word min voordele deur hulle hier vergun.)

Kerkrade moet onthou dat hulle KO, art 13 sal moet nakom. Die kerk waar hy laaste gedien het, moet hom versorg, ook wat huisvesting betref.

4.7 Hoe maak ons binne die GKSA voorsiening vir tentmakerbediening?

In die huidige finansiële krisisklimaat en as gevolg van die afname in die aantal belydende lidmate in baie gemeentes binne die kerke van die GKSA, gebeur dit toenemend dat predikante nie ten volle deur gemeentes onderhou kan word nie. Soms

is kombinasievorming prakties nie moontlik nie; die laaste aantal jare is die sustentasie-aansoeke ook aansienlik hoër as die beskikbare fondse.

Dit lei tot die sogenaamde “tentmakerbediening”. Met “tentmaker”-bediening word bedoel die ampswerk van predikante wat die gawes en roeping besit om die Woord van God te bedien maar, gedeeltelik of geheel en al, hulle lewensonderhoud nie van die gemeente waaraan hulle verbonde is of van die Kerkraad wat oor hulle ampswerk toesig hou, ontvang nie maar uit ander bronne.

Tentmakerbediening is afgelei van Paulus se tentmakerambag in Korinte, volgens Handeling 18:3 (vgl. ook 1 Kor 9:4-14).

Deurslaggewend-belangrik in hierdie situasie is dat die gemeente in geen enkele opsig mag skade ly nie! Dit mag ook nie toegelaat word waar ‘n predikant daarop uit is om geld te maak nie. ‘n Predikant wat behoorlik versorg word, behoort nie toegelaat te word om ‘n bykomende beroep op deeltydse basis te beoefen nie; ‘n gemeente kan permanente skade ly en die predikant se roeping oplaas ernstig in gedrang kom.

Tydens Sinode 1991 (Handeling 1991:552-556) is ‘n beskrywingspunt oor tentmakersbediening ter tafel geneem waaraan nie gevolg gegee is nie. Die motivering vir hierdie besluit is dat die saak reeds in die mindere vergadering afgehandel kon word. Die beskrywingspunt gee egter bruiksame riglyne indien tentmakersbediening noodsaaklik blyk te wees.

4.8 Afsterwe van predikant in bediening

Wanneer ‘n predikant te sterwe kom, moet die Kerkraad onverwyld daarvan kennis gee aan die Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds, sodat uitbetaling van die sterftevoordele nie onnodig vertraag word nie. Hierdie kennisgewing moet ook gedoen word ingevalle waar die predikant nog geregtig was op gedeeltelike versorging uit die Emeritaatsversorgingstrust, aangesien die risiko’s in alle gevalle van vroeë onbekwaamheid en afsterwe verseker is deur middel van die groeypassasiepolis.

Om aansoek vir die uitbetaling van die sterftevoordeel te bespoedig word die volgende benodig:

1. Gewaarmerkte afskrif van die doodsertifikaat.
2. Gewaarmerkte afskrif van die predikant se identiteitsdokument.
3. Gewaarmerkte afskrif van die eggenote se identiteitsdokument asook van die afhanklike kinders (waar van toepassing).
4. Gewaarmerkte afskrif van die huweliksertifikaat.
5. Oorspronklik gewaarmerkte brief van weduwee se bankbesonderhede.

4.8.1 Begrafnis

By die afsterwe van ‘n predikant (wat nog voltyds in diens is, sal die liefde van Christus na vore kom wanneer die Kerkraad sy familie bystaan met die begrafnis. Hierdie bystand word deur verskillende faktore bepaal. Indien die predikant ‘n begrafnispolis het genoegsaam vir die begrafnisonkoste voorsiening maak, kan die Kerkraad sy familie bystaan met die reëlins vir die begrafnis. Indien die predikant nie sodanige polis het nie, kan die Kerkraad sy familie ook bystaan wat die onkoste betref. Dieselfde benadering kan die Kerkraad volg by die afsterwe van ‘n emerituspredikant (Kerkraad beteken dus die Kerkraad van die gemeente waar die predikant die laaste gedien het en gevolglik geëmeriteer het).

4.8.2 Weduwee – verblyf in pastorie

Volgens Sinode 1997 (Handelinge 1997:247, 7.2) het die weduwee van 'n predikant vir hoogstens 6 maande die volle reg op die gebruik van die pastorie en/of toelaes soos wat van toepassing was vir huisvesting van die predikant.

4.8.3 Uitbetaling van sterftevoordeel

'n Enkelbedrag van 2 X jaarlikse PGT (dit behels die bedrag soos wat by die pensioenfonds en ook by die versekeraar opgegee is) word aan die weduwee uitbetaal.

Weduweepensioen: 'n Lewenslange weduweepensioen van 40% van PGT aan die weduwee betaal.

Kinderpensioen: 10% van PGT word betaal indien daar afhanklike kind(ers) is, tot 'n maksimum van 4 kinders. Indien daar nie 'n weduwee is nie maar wel afhanklike kind(ers), word 20% van PGT vir elke kind as kinderpensioen betaal, solank die kinders as afhanklikes geag word.

Die weduwee en kinders word ten volle deur die pensioenfonds versorg. Die goedgekeurde uitkering uit die Emeritaatsfonds (waar van toepassing), verval (Handelinge 1997:260).

4.9 Uitdienstrede van predikante – KO, artt 12, 79, 80

Kennisgewing word van die betrokke predikant se Klassis ontvang. Die regmatige aandeel van die predikant minus belasting word aan hom uitbetaal.

4.10 Emeritering

4.10.1 Kerkorde, art 13

As 'n bedienaar van die Woord, volgens die oordeel van die Kerkraad met goedkeuring van die Klassis en advies van die deputate van die Streeksinode onbekwaam word vir die uitoefening van sy diens weens ouderdom, siekte of andersins, behou hy die eer en die naam van 'n bedienaar van die Woord en moet die kerk wat hy gedien het, hom in sy nooddruf eervol versorg.

In 1 Timoteus 5:17 staan: Die ouderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral die wat hard werk deur te preek en onderrig te gee...". Dit gaan nie hier om eerbied (honour) nie, maar om versorging (honorarium). Let daarop dat dit ook dubbele eer (honorarium) is. Prof Floor skryf in **In die Skriflig** Jrg 9, nr 35, p35 die volgende: *"Die klem val op respek en erkenning wat dan gestalte kry in die vorm van lewensonderhoud."*

Ons sou kon sê dat die Skrif ons beveel dat die wat die Woord bedien daarvoor, eerbiedig word en ooreenkomstig die belangrikheid van die Woord versorg moet word. Hierdie versorging behoort deur dankbaarheid gedra te word en dankbaarheid ken geen grense nie. Die liefde vir die evangelie van Jesus Christus behoort die gelowiges te dring tot dankbaarheid en offervaardigheid. Met "eervolle" versorging wil die Kerkorde dus uitdrukking gee aan die besondere dienswerk van die VDM, dit eervol in stand hou en so die uitbreiding van die kerk en die Koninkryk bevorder. Hierdie versorging moet lewenslank voorsien word.

4.10.1.1 Prosedure vir aansoek om emeritering

1. Die predikant skryf 'n brief aan die Kerkraad waarin genoem word van sy voorneme om te emeriteer teen[datum van emeritering].
2. Die Kerkraad vergader en stel 'n kommissie aan wat met die predikantsgesin vergader – seker te maak oor finansiële versorging (KO, art 13).

3. Die Kerkraad skryf 'n brief/kennisgewing na die Klassis waarin genoem word dat die predikant op [datum] gaan emeriteer en dat die kommissie met die predikantsgesin in gesprek getree het.
4. Terselfdertyd word dieselfde brief na die Deputate Emeritaatsversorging [EVT] / Trustees GKSA Predikante Pensioenfonds [PPF] gestuur met kennisgewing van predikant se voorneme om te emeriteer.
5. Die Deputate/Trustees stuur 'n brief aan Kerkraad en predikant met inligting oor EVT en PPF se bedrae. Hierdie brief dien as verslag aan die Klassis oor genoemde predikant se versorging na emeritering.
6. 'n Vorm vir aankoop van die predikant se pensioen word ook saamgestuur. Die predikant besluit saam met die Kerkraad oor PPF of een-derde kontant geneem word en 2/3 pensioen aangekoop word of volle bedrag aan pensioen gekoop word.
7. Die Trustees maak gebruik van 'n makelaar om alle inligting by die versekeraars by mekaar te maak vir die aankoop van die pensioen. Inligting word na die predikant en Kerkraad gestuur vir afhandeling.
8. Die predikant kan ook van sy eie makelaar gebruik maak word om pensioen aan te koop. Die inligting word dan aan die fondsbestuurder deurgegee.
9. Die makelaar moet die nodige vorms [kontrak met aankoop van pensioen] aan die fondsbestuurder stuur sodat die pensioenbedrag aan die versekeraar [nie makelaar] betaal word.
10. NB – Indien een-derde kontant geneem word moet die fondsbestuurder 'n belastingaanwysing by die Ontvanger van Inkomste aanvra.
11. Indien een-derde kontant geneem word moet die kassier die vorm D voltooi wat die fondsbestuurder aan die predikant/Kerkraad gestuur het .
12. Die Klassis moet 'n afskrif van die notulebesluit oor die predikant se emeritering aan die Deputate/Trustees stuur.
13. 'n Emeritusverklaring word aan die predikant/Kerkraad gestuur. Die vorm word voltooi die Sondag wat die predikant sy afskeidspreek lewer. 'n Afskrif van die emeritusverklaring word na die fondsbestuurder gestuur vir plasing op die emerituspredikant se lêer.

4.10.1.2 Versorging kragtens KO, art 13

4.10.1.2.1 Versorging uit Emeritaatsfonds

Die volgende formule gebruik:

Versorging vir 'n egpaar: Ouderdom op 1/7/1994 min 27* X Basisbedrag
38

Vir predikante wat voor ouderdom 27 bevestig is, word ouderdom tydens bevestiging hier gebruik, met die voorbehoud dat 100% van die basisbedrag steeds die maksimum sal wees.

- Enkelpersoon: 70% van formule.
- Afhanklike kind waarvan een of albei ouers nog leef: 10% van formule.
- Afhanklike kind waarvan albei ouers oorlede is: 20% van formule.
- Vir predikante/professore wat vanweë hul diens as predikant/professor tot ander Pensioenfondse bygedra het, bv. Staats- of Universiteitspensioen, word die aantal diensjare waartydens tot sodanige Pensioenfonds bygedra is, afgetrek van die boonste faktor in die breuk by die formule.

Die emeritaatsonderhoud van 'n predikant/professor neem 'n aanvang op die eerste dag van die maand wat volg op die maand waartydens hy geëmeriteer het, en nadat die Kerkraad/Kuratorium behoorlik kennis gegee het aan die Trustees met voorlegging van die nodige stukke.

4.10.1.2.2 Versorging uit GKSA Predikante Pensioenfonds

Die uitbetaling van die regmatige aandeel van die pensioen word met die toestemming van die Kerkraad by 'n versekeraar aangekoop. Van die bedrag kan die predikant een-derde as 'n kontantbedrag (minus belasting) geneem word en twee-derdes pensioen aangekoop word of die volle bedrag word gebruik om pensioen aan te koop. 'n Keuse word gemaak tussen 'n gesamentlike pensioen wat lewenslank betaalbaar is en by dood, lewenslank aan die weduwee voortgesit word. Daar word ook bepaal watter persentasie van die pensioen na die weduwee moet gaan.

Jaarlikse pensioenverhogings kan ingebou word. As 'n vaste persentasie verhoging verkies word, sal die verhoging nooit minder wees nie as die persentasie wat gekies is. As die opsie gekies word waar die versekeraar die persentasie jaarlikse verhoging bepaal (na gelang van sy beleggingsopbrengs) kan die verhoging jaarliks fluktueer. Dit kan selfs 0% wees.

Die predikant kan ook met die toestemming van die Kerkraad, van sy eie makelaar gebruik maak om sy pensioen uit die GKSA Predikante Pensioenfonds aan te koop. 'n Afskrif van die notulebesluit hieroor moet aan die Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds gestuur word.

4.10.1.3 Wanneer 'n predikant medies ongeskiktheid raak

Aangesien die eervolle versorging van 'n emeritus 'n saak is wat volgens KO, art 13 by die plaaslike kerk waar die predikant laaste gedien het, tuishoort en aangesien dit ook in belang van die emeritus is, sal kerkrade, Klassisse en Streeksinodes soos gewoonlik hierdie saak met groot verantwoordelikheid moet hanteer.

Die risiko om onbekwaam verklaar te word vir die uitoefening van die dienswerk van 'n bedienaar van die Woord, word nie langer deur die Emeritaatsversorgingstrust of die Pensioenfonds gedra nie, maar wel deur die plaaslike kerk waar hy laaste gedien het met die hulp van die versekeraar.

4.10.1.3.1 Daar is 'n aantal prosedures by onbekwaamheid weens siekte, KO, art 13 (beroepsongeskiktheid van 'n predikant). Hierdie prosedures behels die volgende:

1. Die predikant doen op grond van mediese verslae by die plaaslike Kerkraad aansoek om te emeriteer.
2. Die Kerkraad neem die aansoek ter tafel en oordeel of dit 'n gewigtige saak is.
3. Die Kerkraad kontak die Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds, waarna 'n aansoekvorm van die versekeraar deurgestuur word. Die Kerkraad voorsien die Trustees van gewaarmerkte afskrifte van alle tersaaklike dokumentasie ter ondersteuning van die eis – ten minste van die huisdokter en 2 spesialiste se verslae asook die hele agtergrond en geskiedenis van die geval (in kronologiese volgorde).
4. Nadat die Trustees hulle van die volledigheid van die eis en tersaaklike dokumente vergewis het, verwys hulle die eis na die versekeraar.
5. Terwyl die versekeraar besig is om die aansoek om mediese ongeskiktheid te oorweeg mag die predikant geen dienswerk doen nie. Hy is met siekverlof.

4.10.1.3.2 Wanneer skriftelike goedkeuring van die eis van die versekeraar ontvang is, (dit geld vir die maandelikse inkomstevoordeel sowel as die enkelbedragvoordeel) gaan die Kerkraad die gewone kerklike weg van Klassis met deputate van die Streeksinode. Kerkrade word daarop gewys dat die maandelikse inkomstevoordeel eerste deur die versekeraar afgehandel word. Die

enkelbedragvoordeel kan tussen 6 tot 18 maande na die uitbetaling van die maandelikse inkomstevoordeel afgehandel word nadat die predikant se siektetoestand deur die versekeraar herevalueer is. Mediese ondersoeke op versoek van die versekeraar word deur die versekeraar self gedra.

4.10.1.3.3 As gevolg van die aanvangsdatum van die maandelikse inkomstevoordeel sal die plaaslike kerk kragtens KO, art 13 verantwoordelik bly vir die eervolle versorging, totdat die voordele 'n aanvang neem.

Die versorging deur die versekeraar vind soos volg plaas:

1. 'n Inkomstevoordeel van 67.5% van PGT (minus 7.5% as lid se bydrae tot die pensioenfonds) word maandeliks aan die lid deur die Administratiewe Buro betaal. Die volgende aftrekkings word benewens die bydrae tot die pensioenfonds ook nog gemaak: inkomstebelasting en volle mediese ledegeld.
2. Verder betaal die versekeraar die bydrae van die Kerkraad (12.5%) aan die pensioenfonds.
3. Die maandelikse inkomstevoordeel word betaal tot die predikant ouderdom 65 bereik of tot met sy afsterwe (wat ookal eerste voorkom).

Waar 'n predikant fondse uit ander bronne genereer (d.w.s. ander werk doen terwyl hy medies ongeskik is) sal die versekeraar navrae hieroor doen en die maandelikse inkomstevoordeel hiervolgens aanpas of ten volle staak. Kerkrade word gewys op die risiko waaraan hulle as Kerkraad hul blootstel (in terme van versekerbaarheid) indien sodanige predikante dienswerk, van watter aard ookal, sou verrig.

Indien 'n predikant voor ouderdom 65 te sterwe kom word 'n lewenslange weduweepensioen van 40% van PGT aan die weduwee betaal. 10% van PGT word as kinderpensioen betaal indien daar afhanklike kind(ers) is, tot 'n maksimum van 4 kinders. Indien daar nie 'n weduwee is nie maar wel afhanklike kind(ers), word 20% van PGT vir elke kind as kinderpensioen betaal, solank die kinders as afhanklikes geag word.

Waar die enkelbedragvoordeel reeds aan die predikant (medies ongeskik) betaal is word daar nie weer 'n enkelbedrag aan die weduwee uitbetaal nie. Indien die lid te sterwe sou kom voordat die enkelbedragvoordeel uitbetaal is, sal dit as 'n sterftevoordeel aan sy begunstigdes betaal word (ooreenkomstig die bepalinge van die Pensioenfondswet).

4.10.1.3.4 Waar die aansoek deur die versekeraar afgekeur word, oorweeg die Kerkraad die volgende:

1. Die predikant gaan met die nodige mediese hulp voort om sy dienswerk te doen.
2. Verdere mediese advies word ingewin en die moontlikheid van 'n dispuut word oorweeg in welke geval die Kerkraad deur die Trustees werk.
3. Indien die Kerkraad wel 'n dispuut verklaar kan die uitslag weer eens net goedgekeur of afgekeur word.
4. Indien die eis weer deur die versekeraar afgekeur word en die Kerkraad reeds oorweeg het dat die predikant nie met mediese hulp met sy dienswerk kan voortgaan nie word die saak deur die Kerkraad op die gewone kerklike weg geneem, met die volle wete dat die versorging van die predikant dan ten volle vir die rekening van die Kerkraad kan wees.
5. Die predikant bly dan in diens by die Kerkraad tot ouderdom 65, bly lid van die pensioenfonds en die Kerkraad betaal die bydrae tot die pensioenfonds. Op 65 ontvang hy sy gewone pensioen en waar van toepassing 'n deel uit die Emeritaatsfonds volgens sy formule.

6. Indien die predikant ouer as 55 jaar is kan die Kerkraad die emeritus versorg deur aan hom sy (vervroegde) pensioenvoordeel uit die pensioenfonds te laat toekom en indien van toepassing hom ook aanbeveel vir die verminderde uitkering uit die Emeritaatsfonds, volgens formule.
7. Die Kerkraad kan ook oorweeg om die emeritus gedeeltelik te versorg en nie die verminderde uitkering uit die Emeritaatsfonds aan te vra nie en daarmee te wag tot ouderdom 65. Dit beteken dat die emeritus volgens formule uitkering vir sy volle verstreke diensjare sal ontvang.
8. Indien 'n predikant jonger as 55 jaar is en hy emeriteer ondanks die feit dat die ongeskiktheidseis finaal afgekeur is, versorg die Kerkraad hom soos volg: hy ontvang sy uittreevoordeel uit die pensioenfonds en hy is nie meer lid van die pensioenfonds nie; hy ontvang op ouderdom 65 jaar versorging volgens die formule uit die Emeritaatsfonds (waar van toepassing).

Indien ongeskiktheid na ouderdom 60 plaasvind, sal die voordeel met een sestigste verminder word vir elke maand na ouderdom 60.

4.10.1.3.5 Beëindiging van versorging (medies ongeskik)

Die versekeraar wat die mediese ongeskiktheidsrisiko dra, kan van tyd tot tyd mediese verslae aanvra oor die voortgesette mediese toestand van die predikant. Indien die versekeraar uit die mediese verslae oortuig is dat die predikant weer geskik is vir sy diens, sal hulle met voorafkennisgewing die uitkering van so 'n voordeel staak.

Indien 'n emeritus weer geskik is vir diens voordat hy die ouderdom 65 bereik het, wend hy hom na die Kerkraad waar hy laaste gedien het en doen aansoek om opheffing van sy emeritaat. Die plaaslike kerk waar hy laaste gedien het, is verantwoordelik vir sy versorging volgens KO, art 13.

Indien die Kerkraad waar hy laaste gedien het van oordeel is dat hy nog steeds onbekwaam is vir diens kan na verdere mediese getuienis 'n dispuut met die Trustees verklaar wat die saak weer na die versekeraar verwys. Die antwoord van die versekeraar kan weer net "Ja" of "Nee" wees.

Sou die Kerkraad waar hy laaste gedien het van oordeel is dat hy bekwaam is om sy diens te hervat besluit die Kerkraad oor twee moontlikhede:

1. dat hulle weer van sy dienste gebruik gaan maak in welke geval hy verder deur die Kerkraad versorg word ingevolge KO, art 11; of
2. dat hulle hom in die kerkverband vir beroeping bekend stel kragtens KO, art 11 (omdat die Kerkraad hom nie saam met hul huidige predikant kan versorg nie). Terwyl die predikant op 'n beroep wag, word hy verder volgens KO, art 11 versorg vir hoogstens 'n tydperk wat deur die Kerkraad en Klassis met advies van die deputate Streeksinode bepaal word.

4.10.1.4 Beskrywingspunt oor versorging van emeriti

Tydens Sinode 2003 (Handelinge 2003:346) word die volgende beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Noordwes ter tafel geneem en gevolg aan gegee: die beskrywingspunt handel oor klassikale ramings vir mediese versekering van emeriti. "Dat alle kerke in elke Klassis by wyse van klassikale ramings die emeriti (ook weens mediese redes), emeritusweduwees en predikante weduwees help om op die hoogste vlak medies te verseker".

Motivering

1. Aandag aan die mediese versorging van emeriti (ook weens mediese redes), emeritusweduwees en predikante weduwees is 'n dringende saak. Mediese en

algemene lewenskoste het die afgelope jare dramaties gestyg en verdere stygings word verwag. Hoër ouderdom gaan, in die algemeen gesproke, gepaard met hoër mediese uitgawes.

2. Die kerkregtelike korrekte, asook die beste haalbare wyse van addisionele mediese versorging is dat die plaaslike kerkrade verantwoordelikheid aanvaar en dat die Klassis dit bestuur.
- 4.10.1.5 In aansluiting by 'n beskrywingspunt rakende die versorging van predikante wat volgens KO, art 13 medies ongeskik raak (Handelinge 2003:345-346) en die versorging van emeriti (Handelinge 2003:346), is die eervolle versorging van emeriti indringend met Klassisse aangespreek.

Die volgende voorstelle is aan die hand gedoen:

1. Elke Kerkraad met 'n emerituspredikant of –afhanklikes rapporteer jaarliks aan die Klassis oor die finansiële welsyn en versorging van die emeriti in die ressort van die Klassis.
2. Om met visitasie navraag te doen of KO, artt 11, 13 en 20 nagekom word.
3. Die Klassis maak voorsiening vir 'n eie fonds om kerkrade in die versorging van emeriti by te staan.

4.10.2 Verhuising van predikant na emeritering

Wanneer 'n predikant emeriteer, behoort die Kerkraad volgens KO, art 11 en 20, die predikant en sy eggenote hulp te gee met die verhuising na 'n nuwe adres. Dit vorm steeds deel van die eervolle versorging in hulle nooddruf.

4.10.3 Kerkorde, art 20

By die afsterwe van 'n bedienaar van die Woord moet die kerk wat hy gedien het of in die geval van 'n professor aan die Teologiese Skool, die kerkverband, sy weduwee en afhanklike eervol in hulle nooddruf versorg.

Kennis moet aan die Trustees van die Emeritaatsversorgingstrust gegee word van afsterwe van emerituspredikant, weduwee of afhanklike. Afskrif van gewaarmerkte doodsertifikaat, identiteitsdokument asook nuwe bankbesonderhede moet aan die Trustees verskaf word.

Kyk by 4.10.1.2.1 hierbo vir die versorging van 'n emerituspredikant, weduwee en/of afhanklikes uit die Emeritaatsfonds (waar van toepassing).

Versorging uit die pensioenfonds (waar van toepassing) word hanteer volgens die poliskontrak van die versekeraar waar die pensioen aangekoop is.

4.10.3.1 Hertrou van 'n emeritusweduwee

As 'n predikantsweduwee hertrou of haar lidmaatskap van die kerk beëindig (word), is die Kerkraad waar die predikant gedien het verantwoordelik vir die finale besluit van die versorging van die predikantsweduwee. Die Kerkraad stuur 'n volledig gemotiveerde versoek aan die Trustees wat dan aan die hand van die toeligting met die onderhoud voortgaan (Handelinge 2000:565).

5. Fondse

5.1 Emeritaatsversorgingskombinasie (EVK)

Sedert 1873 het die “fonds” vir versorging van emeriti verskeie gedaante verwisselinge ondergaan. Vir baie jare was dit bekend as die Emeritus Predikante Predikante Weduwee en Wese (EPPWenW-fonds).

In 1982 het dit die Emeritaatsfonds geword.

Met die kombinasievorming in 1997 word dit die “Emeritaatsversorgingstrust” (EVT). Tydens die Sinode 1997 het al die kerke in Sinode Potchefstroom ‘n emeritaatsversorgingskombinasie gevorm om die jare lange besluit dat die kerke mekaar “ter syde staan” (Sinode 1873) in die versorging van die emeriti uit te voer. Die Trustakte is in hersiening.

5.1.1 Ledevergadering tydens sinodes

Kragtens die besluit van Sinode 1994 word alle sake rakende Emeritusversorging met behulp van die Emeritaatsfonds, oorgedra aan ‘n ledevergadering saamgestel uit die meewerkende kerke. (Handelinge 1994:219). Die ledevergadering moet selfstandig konstitueer.

Die ledevergadering sal in sy besluitneming funksioneer kragtens die Ordereëling en Sinodebesluite soos van tyd tot tyd deur die kerke ooreengekom tot en met Sinode 1994, welke Sinode sy besluitnemingsverantwoordelikheid t.o.v. die samewerking tot versorging met behulp van die Emeritaatsfonds, aan die ledevergadering oorgedra het.

Wanneer ‘n meewerkende kerk uit die kerkverband tree word sy lidmaatskap as meewerkende kerk onmiddellik beëindig.

Die Sinode konstitueer as vereniging met regspersoonlikheid. Die vereniging (ledevergadering) besluit soos volg:

5.1.1.1 Samestelling:

Die vergadering van die Geref. Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie word soos volg saamgestel: die gedeputeerdes van die lede wat in die Algemene Sinode waartydens die vergadering van die EVK plaasvind, sitting het.

5.1.1.2 Voorsitter

Die voorsitter van die moderamen van ‘n Algemene Sinode tree as voorsitter van die vergadering van die EVK op, mits hy ‘n gedeputeerde van een van die meewerkende kerke is. Indien nie, word ‘n voorsitter uit die gedeputeerdes van lede aangewys.

5.1.1.3 Vergaderingprosedure

Die vergaderingprosedures en besluitnemingsprosedures vir die vergaderings is dieselfde as wat vir ‘n Algemene Sinode geld.

5.1.1.4 Kworum

Die kworum vir ‘n vergadering van die EVK is die aanwesige lede.

5.1.1.5 Vergadertye

Word deur die Trustees bepaal.

5.2 Emeritaatsversorgingstrust (EVT)

Baie belangrik: die EVT behoort aan die meewerkende kerke van die EVK en is NIE ‘n sinodale fonds NIE. Verkose Trustees beheer die fonds en word saamgestel uit 4

predikante en 5 finansiële kundiges uit die meewerkende kerke. Baie belangrik: die EVT is NIE 'n pensioenfonds NIE.

5.2.1 Adminstrasie

Die administrasie word deur die Administratiewe Buro gedoen. Dit sluit in die invordering van die ramings, kollektes en spesiale bydraes, die beleggings volgens trusteebesluit sowel as die uitbetaling van die versorgingsbedrae aan die emeriti. Daar bestaan 'n finansiële asook 'n beleggingsbeleid. Die finansiële state word jaarliks geaudit en aan die Trustees voorgelê.

5.2.2 Versorging

Kyk by hoofstuk 4, punt 4.9.1.2.1.

5.2.3 Ramings

Uit hierdie raming en uit die opgehoopde fondse van die EVT word die emeriti versorg. Die grootste gedeelte van die ramings word vir hierdie doel aangewend en dit is ook die enigste raming tot dusver wat op 'n glyskaal gehê word. Hoe kleiner die gemeente, hoe laer is die raming.

5.2.4 Kollektes

Verpligte kollektes word ingesamel om die vaste koste van die uitgawes van die emeriti te dek.

5.2.5 Ordereëling

(Ordereëling se numering word gebruik)

ORDEREËLING VIR EMERITAATSVERSORGING MET BEHULP VAN DIE EMERITAATSVERSORGINGSTRUST

1. Wyse van versorging

Die onderhoud van 'n emerituspredikant en sy afhanklikes asook van die predikantsweduwee en -wese (afk. EPPWenW), geskied volgens KO, artt 13 en 20 deur die **kerk wat hy laaste gedien het**, en in die geval van professore deur die kerke gesamentlik, soos verteenwoordig deur die betrokke kuratorium. Die kerke handhaaf 'n ooreenkoms om mekaar in hierdie versorging tot hulp te wees. Een van die metodes waarop die kerke (soos op die *Ledelys*) aan hierdie ooreenkoms voldoen, is met behulp van die Emeritaatstrust, en wel by wyse van hulp aan sodanige kerke vir die versorging van:

- (i) Predikante wat voor 1/7/1994 geëmeriteer het en hulle afhanklikes
- (ii) Predikante wat soos op 30/6/1994 op die *Versorgingslys* was en hulle afhanklikes.

2. Versorgingsmiddele

2.1 Die middele vir die onderhoud van die EPPWenW word voorsien langs die weg van:

2.1.1 Verpligte ramings en kollektes soos deur die "Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie" bepaal (kyk in dié verband ook punt 11).

2.1.2 Vrywillige bydraes deur kerke en individue.

2.1.3 Die beleggingsopbrengs en indien nodig, die kapitaal van die Emeritaatstrust.

2.2 Die Emeritaatstrust is nie 'n pensioenfonds vir predikante nie maar wel 'n reserwefonds wat aan die meewerkende kerke behoort en wat opgebou is/word om die ramings vir emeritaatsversorging haalbaar vir dié kerke te hou.

2.3 Die grootte van die ramings, die aantal verpligte kollektes en die insameling van vrywillige bydraes word deur die vergadering van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie bepaal, op aanbeveling van die Trustees van die Emeritaatstrust aan die hand van die bevindings en advies van die aktuaris.

3. Trustees van die Emeritaatstrust

3.1 Elke vergadering van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie benoem Trustees vir die Emeritaatstrust, soos deur die reglement van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie bepaal.

- 3.2 Die mandaat van hierdie Trustees is soos deur die reglement van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie bepaal.

4. Aktuaris

Elke vergadering van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie magtig die Trustees om 'n aktuaris te benoem, wat aan die Trustees, soos deur hulle versoek, deskundige hulp en advies moet bied wat drie-jaarliks 'n aktuariële evaluering moet maak van die Emeritaatstrust met 'n rapport aan die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie, wat vooraf aan die Trustees voorgelê moet word.

5. Die Administratiewe Buro

- 5.1 Die Administratiewe Buro is verantwoordelik vir die invordering van die ramings en kollekte, die administrasie van die gelde en die uitkeer van die emeritaatsonderhoud namens die Kerkraad/kuratorium. Hieroor word volledige rapport aan die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie gedoen terwyl die Trustees van die Emeritaatstrust ten minste jaarliks op hoogte gebring word met die stand van sake. Die Administratiewe Buro dien as adres vir die Trustees.
- 5.2 Die Emeritaatsonderhoud word as traktement maandeliks vooruit deur die Administratiewe Buro uitgekeer. Hoewel hierdie onderhoud om praktiese redes namens die Kerkraad/kuratorium direk aan die versorgde uitbetaal word, kan die Trustees op gemotiveerde versoek van die betrokke Kerkraad/kuratorium reël dat dit oorbetaal word aan die versorgde se Kerkraad/kuratorium, of aan 'n instansie wat die betrokke se versorging behartig.

6. Vlak van versorging

- 6.1 Aan die hand van die bevindings van die aktuaris en die aanbevelings van die Trustees, en in die lig van heersende lewenskoste, stel elke vergadering van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie 'n basisbedrag vas wat in die reël as eervolle versorging beskou word. Hierdie basisbedrag word jaarliks deur die Trustees aangepas in ooreenstemming met die besluite van die Gereformeerde Kerke Emeritaats-versorgingskombinasie, tot met die volgende vergadering van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie, aan wie die Trustees aanbevelings moet maak oor die toekomstige versorgingsvlak.
- 6.2 Om kerke/kuratorium in staat te stel om hul EPPWenW te versorg, word die volgende formule gebruik:
- 6.2.1 Versorging vir 'n egpaar: Ouderdom op 1/7/1994 min 27* X Basisbedrag

38

Vir predikante wat voor ouderdom 27 bevestig is, word ouderdom tydens bevestiging hier gebruik, met die voorbehoud dat 100% van die Basisbedrag steeds die maksimum sal wees.

- 6.2.2 Enkelpersoon: 70% van formule.
- 6.2.3 Afhanklike kind waarvan een of albei ouers nog leef: 10% van formule.
- 6.2.4 Afhanklike kind waarvan albei ouers oorlede is: 20% van formule.
- 6.3 Vir predikante/professore wat vanweë hul diens as predikant/professor tot ander Pensioenfondse bygedra het, bv. Staats- of Universiteitspensioen, word die aantal diensjare waartydens tot sodanige Pensioenfonds bygedra is, afgetrek van die boonste faktor in die breuk by 6.2.1.
- 6.4 Waar 'n predikant uit sy diens getree het, voor 1/7/1994 na die bediening teruggekeer het en dan emeriteer, word die aantal diensjare waartydens hy voor 1/7/1994 buite die bediening gestaan het afgetrek van die boonste faktor in die breuk by 6.2.1.

- 6.5 Hierdie Emeritaatsonderhoud is nie aan 'n bepaalde salaris gekoppel nie, maar dien daartoe om die kerke in staat te stel om volgens hierdie Ordereelings Emeritaatsversorging te bied soos die Kerkorde dit vereis.
- 6.6 In gevalle waar emeriti jonger as 65 wat nie ingevolge art 6.8 van hierdie Ordereëling op 'n aangepaste vlak versorging ontvang nie, 'n kerklike diens verrig of 'n pos beklee of 'n bedryf beoefen waarmee substansiële inkomste verkry word, rus die onus op die emeritus en sy Kerkraad en/of kuratorium waaronder hy ressorteer om die Trustees daarvan in kennis te stel. Die Trustees ontvang die bevoegdheid om navraag hieroor te doen en om na onderlinge oorlegpleging met die emeritus en sy kuratorium en/of Kerkraad oor sy versorging uit die Emeritaatstrust te besluit om te verseker dat die emeritus nie oorversorg is nie en dat die beginsel van gelyke versorging sover moontlik plaasvind. Indien so 'n emeritus se emeritusversorging verminder sou word, moet dit jaarliks deur die Trustees of op versoek van die kuratorium of die Kerkraad in heroorweging geneem word.
- 6.7 In die geval van besondere behoeftes by 'n emerituspredikant, predikantsweduwee of wese rig die betrokke Kerkraad/kuratorium 'n behoorlik-gemotiveerde versoek tot die Trustees vir groter uitkerings. Hierdie verhoogde uitkerings geld die volgende:
- 6.7.1 Alle EPPWenW wat net deur middel van meewerking tot die Emeritaatstrust versorg word en reeds op 30/6/1994 verhoogde versorging kragtens hierdie reëling ontvang het.
- 6.7.2 Addisionele versorging onder hierdie reëlings sal, wat nuwe aansoeke na 1/7/1994 betref, slegs tot en met 30 Junie 2004 toegestaan word, en wel in hoogs verdienstelike gevalle van besondere omstandighede, wat jaarliks deur die Trustees geëvalueer moet word.
- 6.8 Indien 'n predikant/professor om nie-mediese redes voor ouderdom 65 emeriteer, sal die versorgingsbedrag in 6.2.1 sowel as die subsidiëring van die mediese skema bydraes soos volg aangepas word:

Ouderdom emeritering	% van Basisbedrag
Na 64 maar voor 65 :	92%
na 63 maar voor 64 :	84%
na 62 maar voor 63 :	76%
na 61 maar voor 62 :	68%
na 60 maar voor 61 :	60%
na 59 maar voor 60 :	56%
na 58 maar voor 59 :	52%
na 57 maar voor 58 :	48%
na 56 maar voor 57 :	44%
na 55 maar voor 56 :	40%

(By emeritering om mediese redes word die versorging deur die versekering in die Pensioenfonds behartig en nie deur die Emeritaatstrust nie.)

7. Aanvang van versorging

- 7.1 Die emeritaatsonderhoud van 'n predikant/professor neem 'n aanvang op die eerste dag van die maand wat volg op die maand waartydens hy geëmeriteer het, en nadat die Kerkraad/kuratorium behoorlik kennis gegee het aan die Trustees met voorlegging van die nodige stukke.
- 7.2 Ondanks die feit dat predikante (wat in diens te sterwe kom) se afhanklikes deur middel van die GKSAPPF versorg word, sal die predikantsweduwee en –wese die volle reg hê op die gebruik van die pastorie en/of toelaes soos wat van toepassing was vir huisvesting van die predikant, vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

8. Beëindiging van versorging

- 8.1 Dit is die verantwoordelikheid van die Kerkraad/kuratorium waaraan 'n EPPWenW volgens KO, artt 13 en 20 verbonde is, om dadelik die Trustees in kennis te stel van 'n versorgde se afsterwe, sodat die onderhoud vir die oorledene gestaak en, indien toepaslik, versorgingsaanpassings vir die gesin gedoen word.
- 8.2 Indien 'n predikant/professor ingevolge KO, artt 79 en 80 uit sy amp afgesit word of volgens art 12 oorgaan tot 'n ander staat van lewe, het hy en sy gesin geen aanspraak op uitkerings of onderhoud kragtens artt 13 en 20 nie. As daar 'n bestaansnood by die gesin van die gewese predikant/professor is, word bystand volgens art 25 aan hulle verleen deur die kerk waarvan hulle lidmate is, indien nodig met die medewerking van ander kerke. Hierdie medewerking geskied met die hulp van 'n Ondersteuningsfonds, waarvan die Ordereëlings vervat is in die Acta van die Nasionale Sinode van 1994:238-241.
- 8.3 As 'n predikantsweduwee hertrou of haar lidmaatskap van die kerk beëindig (word), is die Kerkraad waar die predikant gedien het verantwoordelik vir die finale besluit van die versorging van die predikantsweduwee. Die Kerkraad stuur 'n volledig gemotiveerde versoek aan die Trustees wat dan aan die hand van die toeligting met die onderhoud voortgaan.
- 8.4 Emeriti wat terugkeer tot die aktiewe bediening: (jonger as 65 en voor 1/7/1994 geëmeriteer):
 - 8.4.1 Sodra 'n emerituspredikant weer aktief tot die bediening toetree, hetsy by die gemeente waar hy geëmeriteer het, hetsy as gevolg van beroep en bevestiging in 'n ander gemeente, staak die onderhoud wat hy en sy afhanklikes uit die Emeritaatstrust gekry het en tree hy toe tot die GKSA Predikante Pensioenfonds. By latere emeritering word hy dan soos volg uit die Emeritaatstrust versorg: "Ouderdom op 1/7/1994" in die formule onder 6.2.1 word vervang met "ouderdom tydens toetrede tot die GKSA Predikante Pensioenfonds." Dit is die verantwoordelikheid van die betrokke Kerkraad om die Trustees daarvan in kennis te stel.
 - 8.4.2 Indien so 'n predikant binne een jaar na hertoetrede tot die aktiewe bediening en inskakeling by die Pensioenfonds weer as gevolg van dieselfde siektetoestand moet emeriteer en gevolglik op grond van die "een-jaar-uitsluitingsklousule" nie kwalifiseer vir ongeskiktheidsvoordele onder die Pensioenfondsportefeuje nie, word hy en sy afhanklikes weer, op versoek van sy Kerkraad, kragtens KO, art 13 uit die Emeritaatstrust verder versorg.
 - 8.4.3 'n Predikant wie se emeritaat opgehef is, nie deur die Kerkraad (waar hy aanvanklik geëmeriteer het) in diens geneem en versorg kan word nie en gevolglik kragtens KO, art 11 aan die kerkverband vir beroeping bekend gestel word en op 'n beroep wag, word, op versoek van die betrokke Kerkraad, uit die Emeritaatstrust kragtens KO, art 13 versorg vir hoogstens die tydperk wat in terme van KO, art 11 deur die Kerkraad met goedkeuring van die Klassis en advies van die deputate van die Streeksinode bepaal is.
- 8.5 In 'n besondere geval waar 'n emerituspredikant (wewenaar) met 'n emeritusweduwee van die GKSA in die huwelik tree, moet die betrokke Kerkraad/kuratorium die Trustees onverwyld van die hertroue in kennis stel. Die versorging word soos volg hanteer:
 - 8.5.1 Die versorging van die egpaar is 70% van die brutobedrag uit die EVT soos in die geval van 'n predikant wat voor 30-06-1994 geëmeriteer het sowel as die 70% van die brutobedrag uit die EVT in die geval van 'n emerituspredikant wat voor 30-06-1994 gesterf het, OF
 - 8.5.2 Die versorging van die egpaar is 70% van die persentasie van die brutobedrag uit die EVT soos in die geval van 'n predikant wat na 30-06-1994 geëmeriteer het sowel as die 70% van die persentasie van die brutobedrag uit die EVT in die geval van 'n emerituspredikant wat na 30-06-1994 gesterf het.
 - 8.5.3 Die status quo word dus by beide die emerituspredikant (wewenaar) en emeritusweduwee se voordele uit die versorgingsbedrag behou.

- 8.6 In 'n besondere geval waar 'n predikant wat medies ongeskik verklaar is en 'n maandelikse inkomste van die versekeraars ontvang het, voor die ouderdom 65 jaar te sterwe kom, word die weduwee en/of enige afhanklike kinders soos volg versorg:
- 8.6.1 Weduwee: 70% van 6.2.1.
- 8.6.2 Afhanklike kind(ers): 10% van 6.2.1.
- 8.6.3 Afhanklike kind(ers) waarvan beide ouers oorlede is: 20% van 6.2.1.

9. Onderhoud van predikantswese

- 9.1 Die eie of wettig-aangenome kinders van 'n emerituspredikant word ooreenkomstig art 6.1 van hierdie Ordereëlins onderhou tot op die 18e verjaarsdag.
- 9.2 Die kerklike versorging staak wanneer die predikantskind 18 jaar oud word of voor die ouderdom in die huwelik tree of selfversorgend word of die lidmaatskap van die kerk beëindig (word). Die betrokke ouer/voog en Kerkraad/kuratorium moet die Trustees betyds/spoedig hiervan in kennis stel.
- 9.3 Indien voortsetting van die onderhoud van 'n predikantskind nodig geag word na die 18e verjaarsdag (bv. vir voltydse studie wat nie volledig deur die ouer bekostig kan word nie), moet die betrokke Kerkraad/kuratore jaarliks 'n behoorlik gemotiveerde versoek rig aan die Trustees, wat by die lig hiervan oordeel of onderhoud voortgesit moet word, en indien wel, tot watter mate.
- 9.4 As 'n predikantsweduwee hertrou of haar lidmaatskap van die kerk beëindig (word) terwyl die predikantskinders jonger as 18 jaar en steeds lidmate van die kerk is, kwalifiseer die kinders steeds vir versorging volgens KO, art 20 tensy dat hulle wettiglik deur die stiefvader aangeneem word.

10. Meewerkende kerke : Predikante/Professore vir wie samewerking geskied

- 10.1 Alle kerke wat volgens die Ordereëlins op 30/6/1994 saamgewerk het in die versorging van hul emeriti, soos vervat in die ledelys wat deur die Sinode van 1997 gepubliseer is in terme van die besluit van die Sinode van 1994, asook kerke wat uit hulle afgestig of saamgevoeg word, werk in terme van hierdie Ordereëlins saam in die versorging van EPPWenW.
- 10.2 Alle kerke in 10.1 genoem, bly verplig om ramings te betaal tot die Emeritaatstrust kragtens hierdie Ordereëlins.
- 10.3 Slegs vir predikante/professore wat per versorgingslys soos in 10.1 kragtens beroepsbrief geregtig was op emeritaatsversorging op 30/6/1994, sal kerke toekennings ontvang kragtens hierdie Ordereëlins.

11. Ramingsverspreiding

- 11.1 Ten einde kleiner kerke wat per lidmaat meer as groter kerke tot die GKSAPPF moet bydra tegemoet te kom, word die gemiddelde ramings per belydende lidmaat soos vasgestel, op 'n geweegde basis toegepas, in ooreenstemming met die tabel wat vir 1994 vasgestel is, soos opgeneem in die Acta van Sinode 1994:256, welke tabel jaarliks deur die Trustees getoets moet word aan die hand van die totale begroting.
- 11.2 Kerke wat vakant raak en nie binne drie maande tot beroeping oorgaan nie, sal vanaf datum van vakantskap die ramings betaal soos in kolom 3 van die tabel, met as minimum die gemiddelde raming per lidmaat wat oor die hele kerkverband vereis word. Dit geld ook vakante kerke wat van die dienste van 'n emerituspredikant gebruik maak. Hierdie punt is nie meer van toepassing nie aangesien die deputate op 25 Mei 2011 besluit het om hierdie besluit te hersien. Die volgende is van toepassing: gemeentes wat vakant is en wat ook van hulpdienspredikante gebruik maak op die ramingsverspreidingstabel geplaas word asof hulle 'n predikant het.
- 11.3 Vir die kriterium "lidmate per predikant" word slegs predikante vir wie die Kerkraad tot die GKSAPPF bydra, in berekening gebring. Predikante wat kragtens hul diens as predikant/professor aan ander pensioen/voorsorgfondse behoort, asook predikante

wat nie tot die GKSAPPF toegetree het nie, word nie by hierdie kriterium in aanmerking geneem nie.

- 11.4 Die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie stel die vereiste raming per belydende lidmaat vas, waarna die Trustees dit van jaar tot jaar aanpas tot en met die volgende vergadering van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie.

12. Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie (EVK)

Die pligte, verantwoordelikheid en werkswyse van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie sal wees soos in die reglement van die EVK vasgestel.

13. Wysiging van vorige Ordereëlings

Die Ordereëlings soos goedgekeur deur die Sinode van 1991 word herroep en deur hierdie Ordereëlings vervang. Vir motivering en historiese aanloop tot die Ordereëlings word hiermee na die Ordereëlings van 1991 verwys (Handelinge 1991:284-295), asook die besluite van die Sinode van 1994 in hierdie verband.

(Einde van Ordereëling)

5.3 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika Predikante Pensioenfonds (GKSAPPF)

Sinode 1994 (Handelinge:245, 9.2.1.3) het besluit dat 'n eie pensioenfonds vir predikante van die GKSA in die lewe geroep word. Volgens hierdie Sinode word ver wag dat alle predikante moet inskakel by die pensioenfonds. Die GKSAPPF is met ingang 1 Julie 1994 geïmplementeer. Die pensioenfonds is 'n goedgekeurde fonds wat by die Raad van Finansiële Dienste geregistreer is.

Die Trustees of hul sekundi is verantwoordelik vir die bestuur van die fonds en verrig alle nodige handeling vir en namens die fonds. Die Trustees bestaan uit 8 persone, van wie 4, wat nie lede van die fonds mag wees nie, deur die Sinode benoem word tydens elke sitting van die Sinode en 4 deur die lede uit hul geledere verkies word, welke verkiesing gedurende die 3 maande wat elke sitting van die Sinode voorafgaan, gehou sal word. Nominasies word aangevra en verkiesing vind per stembrief plaas.

Die GKSAPPF is 'n vaste bydraefonds. Die predikant kry dus by emeritering die bedrae plus groei, wat namens hom in die fonds belê word. As die pensioenbedrag wat namens die predikant belê word, te min is, sal die predikant se pensioen onvoldoende wees en sal die Kerkraad(e) waar die predikant gedien het, die tekort moet aanvul (Handelinge 2012:198, e, f).

5.3.1 Reglement

Die goedgekeurde reglement beskryf die doelstellings van die fonds, beheer van die fonds, samestelling, pligte en regte van die Trustees, kwalifisering vir en beëindiging van lidmaatskap van die fonds, voordele by emeritering en sterfte, ens. Die reglement is op aanvraag by die Administratiewe Buro beskikbaar. Ook beskikbaar op die webwerf van die GKSA.

5.3.2 PGT en riglyn

Kyk by hoofstuk 4, punt 4.3.3.

5.3.3 Beleggingskeuse

Daar is tans vier portefeuljes waaruit gekies kan word, naamlik Hoë Groei, Matige Groei, Kapitaal Beskermer en Gebalanseerd (voorheen genoem die Aggressiewe Groei). Drie van hierdie vier portefeuljes word deur Momentum Outcome-Based Solutions ('n filiaal van die Momentum Groep) bestuur naamlik Hoë Groei, Matige Groei en Kapitaal Beskermer. Die Gebalanseerde portefeulje word deur Coronation en Allan Gray bestuur.

Die portefeuljies se spesifikasies lyk soos volg:

Portefeulje	Samestelling	Waarskynlike tyd tot aftrede
1. Gebalanseerd	Enkelbestuurder portefeulje: Belê 50% in Allan Gray gebalanseerd en 50% in Coronation gebalanseerd Maksimum aandele (groeï bates) belegging Allan Gray – 75% Coronation – 85%	3 – 9 jaar
2. Hoë Groei	Multibestuurder portefeulje: Belê 80% in groei-gefokusde bateklasse en 20% in defensief-gefokusde bateklasse	10 jaar en meer
3. Matige Groei	Multibestuurder portefeulje: Belê 45% in groei-gefokusde bateklasse en 55% in defensief-gefokusde bateklasse	5 – 9 jaar
4. Kapitaalbeskermer	Multibestuurder portefeulje: Belê 30% in groei-gefokusde bateklasse en 70% in defensief-gefokusde bateklasse	minder as 5 jaar

- Die **Hoë Groei Portefeulje** geskik vir lede wat 10 jaar en langer van emeritering is. Alhoewel die risiko vir potensieël verlies hoër as die ander keuses is sal die beter langtermynprestasie na verwagting die verliese oor 'n langtermyn goed maak. Dit is belangrik dat genoegsame bates vir emeritering oor 'n hele dienstydperk akkumuleer word om voldoende fondse vir emeritering te voorsien.
- Die **Matige Groei Portefeulje** is geskik vir lede wat tussen 5 en 9 jaar van emeritering is. Hulle het nog steeds behoefte aan stewige kapitaalgroei, maar moet minder risiko vir markfluktuasies neem. Die portefeulje se verwagte opbrengs is laer maar die risiko van verlies is ook laer as vir die Hoë Groei Portefeulje.
- Die **Kapitaalbeskermer** is geskik vir lede wat minder as 5 jaar vanaf emeritering is. Kapitaalbeskerming is die vernaamste oorweging vir hierdie portefeulje. Dit het 'n laer prestasieteiken as die Groei Portefeuljes, maar het ook 'n laer risiko vir kapitaalverliese.
- Bo en behalwe die bogenoemde lewenssiklus portefeuljes kan u ook u fondse in die **Gebalanseerde Portefeulje** belê. Dit is gemik op lede wat tussen 5 en 9 jaar van emeritering is maar wat verkies om eerder hul fondse by Coronation [50%] en Allan Gray [50%] se gebalanseerde portefeuljes te belê.

5.3.4 Voordeelstaat

Die voordeelstaat word jaarliks in November aan elke lid asook Kerkraad gestuur. Die voordeelstaat verskaf die verwagte versorgingsbedrae en voordele by emeritering, by dood (voor emeriteringsouderdom), by beroepsongeskiktheid (voor emeriterings-ouderdom) en by uitrede (kragtens KO, artt 11, 12, 79 en 80). Die voordeelstaat is nie 'n reg tot voordele nie maar word slegs vir illustrasiedoeleindes deur die aktuaris van die fonds beskikbaar gestel.

5.3.5 Ongeskiktheidsvoordele

Die prosedures en uitkering van ongeskiktheidsvoordele word by hoofstuk 4, punt 4.8.1.3 volledig beskryf.

5.3.6 Sterftevoordele

Die prosedures en uitkering van die sterftevoordele word by hoofstuk 4, punt 4.7 en 4.7.3 volledig beskryf.

5.3.7 Eggenoteversekering

Vanaf 1 Julie 2011 is die eggenoteversekering vrywillig beskikbaar gestel aan vir alle diensdoenende predikante van die GKSA. Die versekering word uitbetaal aan die predikant wanneer sy eggenote sterf terwyl hy in diens is. Die bedrag is 1X sy PGT op die dag van uitbetaling. Die eggenoteversekering verval wanneer die predikant die ouderdom 65 bereik.

5.4 Mediese voorafbefondsing (MVB)

Sinode 1994 (Handelinge 1994:233) het die Trustees van die GKSAPPF opdrag gegee om 'n meganisme binne die pensioenfonds daar te stel dat steeds voortgegaan kan word met die subsidiëring van die ledegeld tot die mediese skema. Die Trustees het die saak met die aktuaris opgeneem en in oorleg met die aktuaris is 'n oplossing gevind.

Sinode 1997 (Handelinge 1997:301, 2.1.4.1) neem die volgende besluit: By die PGT van die predikant word 'n bedrag bygereken. Bydrae teen 20% (d.i. 12.5% en 7.5%) word tot pensioenfonds gemaak. Die implikasies hiervan sal wees dat die predikant se eventuele pensioen hoër sal wees en die predikant dan self sy volle ledegeld by emeritering sal betaal. Verder sal die sterfte- en ongeskiktheidsdekking ook dienoreenkomstig aangepas word op 'n hoër PGT om op die wyse vir ledegeld tot die mediese skema voorsiening maak.

Die doel van die MVB is dat die plaaslike kerk verantwoordelik is om voorsiening te maak vir toekomstige mediese versorging van sy predikant en om die ramingslas vir die subsidie van emeriti se mediese ledegeld uit te faseer.

5.5 Ondersteuningsfonds

Sinode 1997 (Handelinge:352, 1.5) het besluit dat 'n ondersteuningsfonds (eers bystandsfonds genoem) gestig word. Die doel van die ondersteuningsfonds is om kerke by te staan wanneer 'n predikant se inkomstevoordeel deur die versekeraar gestaak word en die predikant nog nie 'n beroep ontvang het nie.

Die reglement van die ondersteuningsfonds (Handelinge 1997:352-362) is op aanvraag by die Administratiewe Buro beskikbaar.

5.6 Mediese versorging van predikante en emeriti

(Die numering van die Ordereëling word gebruik)

ORDEREËLING VIR MEDIESE VERSORGING VAN PREDIKANTE EN EMERITI

1. Doel

Die doel is om orde op sake te stel sodat daar vir predikante behoorlike versorging (KO, art 11) by mediese kostes is en eervolle versorging vir emeriti (KO, art 13) of hul afhanklikes (KO, art 20) ten opsigte van mediese koste is. Die akkoord van gemeenskap sover dit mediese versorging betref, word dus deur hierdie Ordereëling georden en bepaal die wyse waarop kerke mekaar se hande vat.

2. Lidmaatskap

2.1 Kerkrade skakel vir predikante in aktiewe bediening in by die gesamentlike mediese versorging wat tans deur die deputate vir Emeritaatsversorging gereël word. Vir die huidige word dit by 'n mediese skema gereël.

2.1.1 Uitsonderings

2.1.1.1 Predikante in Namibië wat vanweë hulle diens in Namibië inskakel by die skema wat daar plaaslik gereël word.

- 2.1.1.2 Predikante in besondere diens, bv kapelane, professore, ens, skakel in by die mediese skema wat die betrokke “werkgever” vir werkers reël, of predikante wat eers ander werk verrig het en vanweë die werk aan ‘n skema kan behoort wat voordelig is, maar wat daarvoor toestemming van die deputate moet verkry.
- 2.2 Alle emeriti wat tydens die aktiewe bediening lid was van die groep wat deur die deputate vir Emeritaatsversorging gereël word, se versorging gaan voort. ‘n Persoon kan nie meer na ouderdom 65 jaar by ‘n mediese skema aansluit of van skemas verwissel nie en daarom behoort ‘n predikant, wanneer hy emeriteer, reeds lid te wees van die groep wat gereël word.

3. Voordele

Die deputate het ‘n staande opdrag om voortdurend toe te sien dat die beste moontlike voordele vir die lede verkry word.

4. Ledegeld

4.1 *Ledegeld van predikante in aktiewe bediening*

Die ledegeld van predikante in aktiewe bediening word deur die kerkrade aan die Administratiewe Buro betaal. Die Administratiewe Buro betaal in ‘n enkele bedrag die ledegeld van die predikante en emeriti aan die mediese skema.

4.2 *Ledegeld van emeriti*

4.2.1 Emeriti wat net uit die Emeritaatsfonds versorg word

50% van die ledegeld tot die mediese skema word deur die emeritus betaal en 50% word deur die kerkverband betaal. Die fondse wat benodig word om die deel van die kerkverband te betaal, word by wyse van ramings volgens belydende lidmate ingevorder.

4.2.1.1 Die deel wat deur die emeritus betaal word, word van die uitkering van die Emeritaatsfonds afgetrek.

4.2.2 Ledegeld van emeriti wat sowel deur die Emeritaatsfonds as uit die Pensioenfonds versorg word

50% word deur die kerkverband betaal en 50% word deur die emeritus betaal (of soos deur subsidieering van toepassing).

4.2.2.1 Die emeritus se deel van die ledegeld word pro rata van die uitkering van die uit die Emeritaatsfonds afgetrek en aan die mediese skema oorbetal.

4.2.2.2 Die fondse wat benodig word vir die betaling deur die kerkverband, word by wyse van ramings per belydende lidmaat verhaal.

4.3 *Voorafbefondsing*

Mediese Voorafbefondsing (MVB) is ‘n bedrag wat by die Pensioengewende Traktement (PGT) gevoeg is om by emeritering, dood en beroepsongeskiktheid voor emeritering, die enkelbedrag/inkomste uit die fonds aan te vul sodat die predikant/emeriti/weduwee beter in staat is om die ledegeld van die mediese fonds te betaal.

4.3.1 70% van die huidige ledegeld tot die mediese skema word bygetel by die PGT van die predikant en op hierdie aangepaste bedrag word bydraes tot die pensioenfonds gemaak. Op hierdie bedrag word 20% bereken as bydrae tot die pensioenfonds.

4.3.2 Of ‘n predikant nou lid is van die mediese skema al dan nie gaan hierdie befondsing op hierdie basis in die pensioenfonds vir hom gedoen word.

4.3.3 By eventuele emeritering sal die aantal jare wat addisioneel vir befondsing opgebou is in die pensioenfonds van die 50% van die subsidie afgetrek word.

4.3.4 Die subsidie van toekomstige emeriti word pro rata verminder, ooreenkomstig die aantal diensjare wat hy en die Kerkraad geleentheid gehad het om deur die pensioenfonds vir ledegeld tot die mediese skema voorsiening te maak.

- 4.3.5 In gevalle waar predikante onbekwaam vir diens vanweë siekte raak, word die subsidie ook net pro rata volgens verstreke diensjare betaal aangesien die verhoogde PGT verseker is.
- 4.3.6 Die subsidie op die ledegeld tot die mediese skema van toekomstige emeriti word op die volgende basis bereken: 50% subsidie deur die kerkverband minus aantal jare addisioneel bygedra X 50% gedeel deur 38 jaar. Ledegeld wat dus nie gesubsidieer word nie, word van die maandelikse versorgingsbedrag afgetrek. Subsidie word slegs betaal waar predikante/emeriti aan die groep se mediese skema behoort. Predikante wat na 1 Julie 1997 in die bediening getree het ontvang geen subsidie vir hulle mediese ledegeld nie.
- 4.3.7 Ook in gevalle waar 'n diensdoenende predikant te sterwe kom, word die subsidie tot die ledegeld van sy afhanklikes ook net gesubsidieer volgens die aantal verstreke diensjare aangesien sy verhoogde PGT verseker was. Dieselfde voorsiening geld ook vir die mediese voorsiening van afhanklike kinders.
- 4.3.8 Vir predikante in Namibië word voorsiening gemaak en hulle subsidie op ledegeld word betaal wanneer hulle emeriteer.

4.4 *Vervroegde emeritering*

Indien 'n predikant/professor om nie-mediese redes voor ouderdom 65 emeriteer, sal die subsidiëring van die mediese skema bydraes soos volg aangepas word:

Ouderdom emeritering	% van Basisbedrag
Na 64 maar voor 65 :	92%
na 63 maar voor 64 :	84%
na 62 maar voor 63 :	76%
na 61 maar voor 62 :	68%
na 60 maar voor 61 :	60%
na 59 maar voor 60 :	56%
na 58 maar voor 59 :	52%
na 57 maar voor 58 :	48%
na 56 maar voor 57 :	44%
na 55 maar voor 56 :	40%

5.7 **Thusofonds**

5.7.1 Aqtergrond

Daar is emeriti, weduwees en wese uit die voormalige Sinode Middellande en Sinode Soutpansberg wat nie behoorlik versorg word nie, aangesien daar nie in die verlede vir hulle versorging voorsiening gemaak is nie. In die lig van KO, artt 13 en 20 het die Deputate Emeritaatsversorging hierdie saak onder die aandag van Sinode 2009 gebring. Met groot dankbaarheid het die Sinode 2009 besluit om 'n hulpfonds te stig met die naam Thuso vir Emeriti (TVE). Thuso is sowel die Sotho as die Tswana woord vir "hulp"

5.7.2 Doel van fonds

Die hulpfonds sal in die besonder hulp verleen aan emeriti van die jong kerke en hulle afhanklikes, maar strek ook verder as die Emeritaatsfonds (ou EPPW&W). Thuso vir emeriti moet ook in die toekoms hulp verleen aan emeriti wie se pensioen uit die GKSA Pensioenfonds te laag is om eervol versorg te word. Dit is wel so dat al die predikante van die jong kerke moet inskakel by die GKSA Pensioenfonds, maar dit gaan nog geruime tyd duur voordat die Pensioengewende Traktement wat die jong kerke oorbetal vir hulle predikant op die minimum vereiste bedrag is.

5.7.3 'n Ordereëling vir Thusofonds is saamgestel en is op aanvraag by die Administratiewe Buro beskikbaar.

5.7.4 Die deputate stel die vereiste raming per belydende lidmaat, volgens behoefte, vas.

6. Sustentasië

6.1 Agtergrond

6.1.1 Vaste fonds of Duvenagefonds

Hierdie fonds het in die lewe gekom as gevolg van 'n skenking van br. en sr. JP Duvenage wat vir elke £100, wat die kerk saambring, £5 by te dra totdat die kerk £6000 het en hulle £300 bygedra het, as 'n *vaste fonds* vir die sending, waarvan alleen die rente gebruik word (Handelinge 1936:153). Hierdie fonds is in die lewe geroep vir hulp aan kerkrade in die uitvoering van hul sendingroeping. Dit beteken dat sendingsustentasië in die reël alleen vir die onderhoud van 'n sendeling gegee word.

6.1.2 Eeufesbedieningsfonds

Tydens Sinode 1942 word die beskrywingspunt van die algemene vergadering van die OVS ter tafel geneem. Die beskrywingspunt lui: "Met die oog op die gestadige en voortdurende agteruitgang van ons gemeentes op die platteland, sowel stoflik as ook in lidmatetal, en met die oog op die noodsaaklikheid van intensiewe bearbeiding van die gemeentes in die stedelike gebiede, vra die algemene vergadering om met die oog op die eeufes van ons kerk, 'n herdenkingsmonument op te rig in die vorm van 'n fonds, wat bekend sal staan as die Bedieningsfonds" (Handelinge 1942:187).

Hierdie fonds word dan so opgebou dat die rente in die eerste plek gebruik word vir hulp aan gemeentes insake behoorlike bediening. Sinode 1942 besluit om die beskrywingspunt aan te neem.

Die beheer en toesig word opgedra aan die deputate vir advies insake toesegging uit die rente van die Eeufesbedieningsfonds en Duvenagefonds. Die administrasie word opgedra aan die Administratiewe Buro (Handelinge 1979:147, 2.4.3).

6.1.3 GKSA Sustentasiefonds

Kragtens 'n besluit van Sinode 1997 (Handelinge 1997:385, 3.3.1.2) word die Eeufesbedieningsfonds en Duvenagefonds saamgevoeg tot die GKSA Sustentasiefonds waarin beide die fondse se oorspronklike doelstellings opgeneem word.

6.2 Reglement

(Numering van Reglement word gebruik)

REGLEMENT VAN DIE SUSTENTASIEFONDS VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

(Soos goedgekeur deur die Algemene Sinode 2015)

1. SINODALE MAGTIGING

1.1 Kragtens 'n besluit van die Nasionale Sinode 1997 word die Eeufesbedieningsfonds (Acta 1942) en die Duvenagefonds (Acta 1936) saam gevoeg tot die GKSA SUSTENTASIEFONDS waarin beide die fondse se oorspronklike doelstellings opgeneem word.

1.2 Die GKSA SUSTENTASIEFONDS is 'n Sinodale fonds wat in die lewe geroep is met 'n spesifieke doel en wat deur die Algemene Sinode beheer word deur Deputate wat daarvoor aangewys word.

2. NAAM VAN DIE FONDS

GKSA Sustentasiefonds.

3. DOEL VAN DIE FONDS

- 3.1 Finansiële hulp en advies aan kerke in die uitvoering van Christus se opdrag om die evangelie aan alle mense te bedien. Die primêre fokus is die uitbreiding van God se koninkryk in die opbou en uitbou van die kerk volgens Matt 28.
- 3.2 Finansiële oorbruggingshulp en advies aan kerke wat weens vertrek van lidmate of sosio-ekonomiese omstandighede nie die instandhouding van Woordbediening kan volhou nie. Hierdie hulp word gegee nadat die Klassis volgens KO, artt 41 en 44 die kerk bygestaan het om alternatiewe te vind oa kombinasie, bedieningsooreenkoms of samewerkingsooreenkoms.
- 3.3 Finansiële hulp en advies aan kerke sodat kerke deur die bediening van die Woord kan groei tot finansiële selfstandigheid onder leiding van die Klassis volgens KO, art 38.
- 3.4 Finansiële hulp en advies aan kerke vir wie daar geen alternatiewe (bv kombinasie, bedieningsooreenkoms, samewerking) vorme van Woordbediening bestaan nie en dit noodsaaklik is dat daar 'n kerk moet bly voortbestaan.

4. BEHEER

4.1 Deputate

- 4.1.1 Die Algemene Sinode wys die Bestuur van die Administratiewe Buro aan om in die uitvoering van Sinode opdragte die doelstellings van die fonds na te kom, aan die vereistes van die Reglement te voldoen en daadwerklike pogings aan te wend om die fonds uit te bou.

4.2 Samestelling van Deputate

- 4.2.1 Die Bestuur van die Administratiewe Buro wys na elke Sinode 3 kundiges uit eie geledere aan om saam met een afgevaardigde van elke Streeksinode as Deputate vir die fonds te dien.
- 4.2.2 Die Deputate se taak is ook om Klassisse en kerke van advies in alle finansiële aspekte ten opsigte van sustentasie te bedien.
- 4.2.3 Van die personeel van die Administratiewe Buro dien ampshalwe op die Deputate.
- 4.2.4 Die Deputate wys uit eie geledere 'n Dagbestuur aan.
- 4.2.5 Die Dagbestuur bestaan uit die 3 kundiges wat uit eie geledere aangewys is plus een van die Streeksinode se deputate sustentasie uit wie se ressort die betrokke tussentydse aansoek om sustentasie kom.

4.3 Taak van die Dagbestuur.

- 4.3.1 Om in hoogs uitsonderlike gevalle buitengewone sustentasie-aansoeke te hanteer soos in 8.7 uiteengesit.
- 4.3.2 Om adviese aan kerke en Klassisse te koördineer.

4.4 Termyn van Deputate

- 4.4.1 Die termyn van die Deputate is van Algemene Sinode tot Algemene Sinode.

5. FONDSE

- 5.1 Fondse word verkry deur bydraes (sluit oa in kollektes, vrywillige bydraes van kerke en lidmate, skenkings, boedelbemakings) te ontvang of soos deur die Sinode besluit.
- 5.2 Die Bestuur van die Administratiewe Buro bepaal, in oorleg met die deputate 'n reserwebedrag wat nie vir sustentasie aangewend sal word nie, sodat in die bedieningsnood en uitbreiding van kerke voorsien kan word.
- 5.3 Die finansiële boekjaar is 1 Julie tot 30 Junie.

6. ADMINISTRASIE

- 6.5 Die administrasie van die fonds is opgedra aan die Administratiewe Buro van die GKSA wat die fonds volgens neergelegde finansiële beleid bestuur en aan die Algemene Sinode verslag doen.
- 6.6 Die Deputate ontvang jaarliks 'n uiteensetting van die stand van die fondse en die bedrag wat vir sustentasie toekenning vir die volgende jaar beskikbaar is.

7. AANWENDING VAN DIE FONDSE

- 7.1 Die Sustentatiefonds is 'n spesifieke fonds wat deur die Administratiewe Buro bestuur word. Van hierdie fondse kan as lenings aan kerke beskikbaar gestel word onderhewig aan die goedkeuring van die volle Bestuur van die Administratiewe Buro.

8. AANSOEKE

8.1 Prosedure vir die aansoek vir sustentasie by die GKSA Sustentatiefonds:

- 8.1.1 'n Kerkraad doen aansoek by die Klassis (volgens die toepaslike bepalings van die Reglement) en op die voorgeskrewe aansoekvorm wat elke jaar by die Administratiewe Buro verkry moet word.
- 8.1.2 Die aansoekvorm moet volledig voltooi en elektronies ingedien word.
- 8.1.3 Motivering en omskrywing van die spesifieke omstandighede moet die aansoek vergesel. Kerke wat aansoek doen, moet 'n duidelike strategiese bedieningsplan voorlê waarin doelwitte binne die doel van hierdie fonds uiteengesit word asook die wyses waarop die Kerkraad beoog om hierdie doelwitte te bereik. Die bedieningsplan moet aan 'n tydsraamwerk gekoppel word.
- 8.1.4 Motivering en omskrywing van die nood van die gemeente waarin die Kerkraad aantoon watter pogings hulle aangewend het om die nood op te los, deur oa kombinasievorming, bedienings- of samewerkingsooreenkomste en fonds-insamelings.
- 8.1.5 'n Volledige verklaring van opgehoopte fondse en trustfondse, fondse op beleggings moet in die state vervat word, asook uitstaande of agterstallige ramings en ander skulde.
- 8.1.6 Indien die kerk in kombinasie is met kerk(e) wat nie om hulp vra nie, word beide se state verlang asook 'n uiteensetting van onderlinge finansiële verpligtinge in die kombinasie. 'n Tydsverdeling van die predikant se werksaamhede in die kombinasie word ook verlang.
- 8.1.7 Deputate van die Klassis moet die aansoek(e) voor die sitting van die Klassis (volgens Reglement) hanteer sodat verantwoordelike advies aan die Klassis gegee kan word vir die behandeling en afhandeling van die aansoek.
 - 8.1.7.1 Kontroleer alles en sorg dat motiverings en syfers korrek is.
 - 8.1.7.2 Behandel die aansoek deur nie-sustenteerbare items af te trek.
 - 8.1.7.3 Riglyne vir eenvormige behandeling van aansoeke waarbinne sekere items wel oorweeg word vir sustentasie
 - 8.1.7.3.1 Trustfondse word nie in ag geneem by beoordeling vir sustentasie nie, maar wel die opbrengs daarvan.
 - 8.1.7.3.2 Sodanige trustfondse moet egter baie duidelik aangetoon word en gemotiveer wees waarom die kapitaal nie gebruik mag word nie.
 - 8.1.7.3.3 Ouditkoste is sustenteerbaar ten einde geouditeerde state wat korrekte syfers bevat, te verseker.
 - 8.1.7.3.4 Ander items wat duidelik verklaar is, sal op meriete beoordeel word na gelang van die beskikbare fondse.
 - 8.1.7.3.5 Bankkoste en rente op skuld is sustenteerbaar.
 - 8.1.7.3.6 Indien kerke 'n oorskot aan die einde van die boekjaar toon, moet dit in aanmerking geneem word met inagneming van die begrote syfers vir die laaste ses maande van die huidige kalenderjaar.

- 8.1.7.4 Die nie-sustenteerbare items sluit onder andere die volgende in, tensy die noodsaak ter wille van Woordbediening aangetoon word:
 - 8.1.7.4.1 Donasies.
 - 8.1.7.4.2 Onderhoud en herstel van geboue.
 - 8.1.7.4.3 Tuinarbeider.
 - 8.1.7.4.4 Honoraria.
 - 8.1.7.4.5 Affiliasiegelde.
 - 8.1.7.4.6 Waardevermindering.
 - 8.1.7.4.7 Tekorte van vorige jare.
 - 8.1.7.4.8 Bydraes tot fondse soos Bybelverspreiding, Emeritaatsfonds, Nood-toestande, onthaaltoelaag, studietoelaag; boeke aankope, Kerkblad-intekening.
 - 8.1.7.4.9 Agterstallige ramings.
 - 8.1.7.4.10 Kapitale uitgawes.
 - 8.1.7.4.11 Afbetalings van lenings of ander skuldlaste nie.
- 8.1.7.5 Vul die gedeeltes wat deur die Klassis voltooi moet word, in.
- 8.1.7.6 'n Volledige Rapport met werkswyses en toepassing van die Reglement word tesame met die aanbevelings aan die Klassis voorgelê.
- 8.1.8 Klassis beoordeel die aansoek en lewer 'n Rapport met aanbevelings aan die Streeksinode Deputate.
- 8.1.9 Die Klassis se verantwoordelikheid word nagekom deur die volgende te doen:
 - 8.1.9.1 Die Klassis moet sy eie motivering omskryf waarin die volgende vervat word:
 - 8.1.9.1.1 Die redes en omskrywing van die nood van die kerk asook die uitvoerbaarheid en volhoubaarheid van die bedieningsplan.
 - 8.1.9.1.2 Die Klassis moet homself vergewis van die nood van die betrokke kerk en daaraan aandag skenk.
 - 8.1.9.1.3 Die tydsduur van die nood en die moontlikheid van beweging tot finansiële selfstandigheid moet volledig omskryf word.
 - 8.1.9.1.4 Die Klassis moet homself kan verantwoord waarom alternatiewe (kyk 8.1.4) vir die gemeente nie moontlik is nie.
 - 8.1.9.1.5 Die Klassis moet homself verantwoord waarom en hoe 'n betrokke kerk se aansoek voldoen aan die bepalinge van die: Doel van die Fonds (3). Hier moet veral gelet word op die feit dat die kerk se taak is om die evangelie aan alle mense te bedien (3.1). In die lig hiervan moet op die volgende drie vereistes vir hulp aan 'n kerk gelet word: oorbruggingshulp (3.2); groei tot finansiële onafhanklikheid (3.3); noodsaaklike voortbestaan (3.4).
 - 8.1.9.1.6 Aantoon of die predikant(e) met behoorlike onderhoud versorg word (KO, art 11).
- 8.1.10 Die Klassis moet in die aansoeke aantoon hoeveel uit eie fondse beskikbaar gestel word vir die sustentasie.
- 8.1.11 Al die bogenoemde Klassisbesluite moet in 'n Notule-uittreksel voorgelê word.
- 8.1.12 'n Volledige Rapport met werkswyses en toepassing van die Reglement word te same met die aanbevelings deur die Klassis voorgelê aan die Deputate van die Streeksinode.

8.2 *Deputate van die Streeksinode hanteer die aansoeke saam met Deputate van al sy Klassisse.*

- 8.2.1 Behandel die aansoek(e) volgens Reglement en maak seker dat die aansoek(e) daaraan voldoen.
- 8.2.2 Die Streeksinode Deputate kontroleer alles en sorg dat motiverings en syfers korrek is.
- 8.2.3 Voltooi die toepaslike gedeeltes op die aansoekvorm.
- 8.2.4 Die Streeksinode moet sy eie motivering omskryf.
- 8.2.5 Die Streeksinode moet aantoon hoeveel uit eie fondse beskikbaar gestel word vir die sustentasie en dit in die aansoeke aantoon.
- 8.2.6 Deputate van die Streeksinode lewer 'n Rapport met aanbevelings aan die Deputate

van die Algemene Sinode en versend die aansoeke na die Deputate GKSA Sustentasië elektronies.

8.3 *Prosedure vir behandeling van die aansoeke vir sustentasië deur die Deputate GKSA Sustentasië*

- 8.3.1 Behandel al die aansoeke op meriete volgens die Reglement en maak uit beskikbare fondse toekennings uit die GKSA Sustentasiëfondse aan die onderskeie Streeksinodes
- 8.3.2 Elke aansoek word op sy eie meriete hanteer, waarin die motiverings van die onderskeie Klassisse en Streeksinodes verreken word.
- 8.3.3 Indien nodig word wysigings volgens die reglement in die aansoeke aangebring.
- 8.3.4 Die Deputate GKSA Sustentasië maak die toekenning deur die beskikbare fondse:
 - 8.3.4.1 vir berekeningdoeleindes gelykop te verdeel tussen al die gemeentes wat aansoek om sustentasië gedoen het.
 - 8.3.4.2 toe deel aan die gemeentes wat minder as die gemiddelde syfer aangevra het.
 - 8.3.4.3 die restant van bedrag minder as die gemiddelde by te reken by die oorblywende beskikbare fondse en dit gelykelyk te verdeel tussen die gemeentes wat vir meer as die gemiddelde aansoek gedoen het.
 - 8.3.4.4 in hierdie toedeling besondere behoeftes van gemeentes (soos weergegee in die motiverings van die Klassisse en Streeksinodes) verantwoordelik te verreken.
 - 8.3.4.5 aan die Streeksinodes die toegekende bedrag per gemeente en die totaal vir die gemeentes in die ressort van die Streeksinodes deur te gee.
- 8.3.5 Dit staan die Streeksinode vry om kerke verder te sustenteer.

8.4 *Afhandeling deur die betrokke meerdere vergaderings*

8.4.1 Die Streeksinode

- 8.4.1.1 Die Streeksinode, besluit op advies van sy Deputate, oor die toekenning van sustentasië aan elke Klassis.
- 8.4.1.2 die Streeksinode se toekenning aan elke Klassis kan verskil van die toekenning wat die Deputate van die Algemene Sinode gemaak het, waarvoor die Streeksinode homself verantwoord.

8.4.2 Die Klassis

- 8.4.2.1 die Klassis neem die finale besluit oor die toekenning van sustentasië aan elke gemeente.
- 8.4.2.2 die Klassis se besluit kan op een van die volgende maniere geneem word: deur 'n Klassis byeen te roep, deur op die vorige Klassis te besluit op 'n klassis contracta vir afhandeling van die saak of deur Deputate aan te wys met 'n welomskrewe opdrag (KO, art 49) om die saak af te handel.
- 8.4.2.3 die finale toekenning aan elke gemeente kan verskil van die toekenning wat die Streeksinode gemaak het, waarvoor die Klassis homself verantwoord.

8.5 *Uitbetalings uit die Sustentasiëfondse aan Streeksinodes*

- 8.5.1 Uitbetalings aan die Streeksinodes word kwartaalliks deur die Administratiewe Buro vooruit gedoen.
- 8.5.2 Ramings word volgens Sinodebesluit afgetrek en direk in die naam van die kerk oorbetaal aan die onderskeie instansies.
- 8.5.3 Die Administratiewe Buro bestuur die uitbetalings aan kerke, indien nodig.
- 8.5.4 Kerke wat vakant is, ontvang normaalweg vir die tydperk van vakantskap nie sustentasië uit die Sustentasiëfondse nie, behalwe as die bedieningsplan skipbreuk gaan ly.
- 8.5.5 By vertrek van 'n predikant sal uitbetalings slegs geskied vir die tydperk waarin hy aan die kerk of kombinasie verbonde was.

8.5.6 Indien 'n kerk sustentasie ontvang het vir 'n tydperk na die datum waarop daardie kerk se verpligting tot onderhoud van die predikant beëindig is, moet daardie kerk die betrokke bedrag terugbetaal.

8.6 *Buitengewone of tussentydse aansoeke om sustentasie*

8.6.1 Buitengewone of tussentydse aansoeke om sustentasie is nie 'n kortpad of laat aansoek om sustentasie te verkry nie.

8.6.2 Die uiterste nood en skielike onverwagte verandering van 'n kerk se finansiële toestand moet DUIDELIK gemotiveer word.

8.6.3 So 'n tussentydse aansoek word deur die Dagbestuur hanteer en die Reglement sal in alle opsigte geld.

8.6.4 Die Klassis of waar nie anders kan nie, 'n Klassis-kontrakta moet homself baie duidelik vergewis van die noodsaak van so 'n tussentydse aansoek en die aansoek moet volledig gemotiveer word.

8.6.5 Die betrokke Streeksinode deputaat op die Deputate van die GKSA Sustentasiefonds moet deur die betrokke Klassis by so 'n aansoek betrek word.

8.6.6 Die betrokke Streeksinode deputaat op die Deputate GKSA Sustentasiefonds sal saam met die Dagbestuur die aansoek in behandeling neem en vir goedkeuring aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorlê.

(Einde van Reglement)

6.3 **Aansoeke vir sustentasie**

6.3.1 Prosedure vir aansoeke vir sustentasie word in die reglement onder punt 8.1 beskryf.

6.3.2 **Aansoeke vir emeritusbediening**

Waar goedgekeurde bedieningsooreenkomste met emerituspredikante bestaan, sal direkte bedieningskoste gesustenteer word (uitgesluit medies, pensioen). Hierdie koste word gesustenteer op sterkte van 'n gemotiveerde sustentasie-aansoek en op voorwaarde dat die ooreenkoms met die emerituspredikant ten minste een (1) jaar sal duur.

6.4 **Bedieningsplan**

Dit word jaarliks al hoe moeiliker om volledige sustentasie aan elke kerk wat vra, te gee. Sustentasie-aansoeke moet vergesel wees van 'n bedieningsplan waarin die werkswyse om so goed moontlik die Here in sy plaaslike kerk te dien, beantwoord word. Omdat die Klassis finaal oor sustentasie besluit, besluit elke Klassis self oor die noodsaak en inhoud van 'n bedieningsplan.

'n Voorbeeld vir die opstel van 'n bedieningsplan word hieronder beskryf:

1. **Bediening**

Na buite: Wat doen u gemeente tans m.b.t. Evangelisasie/Sending?

Wat kan u nog meer doen om die Woord te versprei?

Na binne: Beskryf hoe u die huidige bediening in die gemeente ervaar?

Hoe kan u die bediening verbeter?

2. **Dankoffers:** Is die dankoffers na vermoë? Wat is die gemiddelde bydrae per belydende lidmaat?

U kan dit onder die lidmate se aandag bring dat almal, ook vroue en studente wat inkomste ontvang daarvan 'n dankoffer behoort te gee. Daar is kerke wat ook 'n dertiende bydrae vra uit die bonus van salaristrekkers, veral vir lidmate wat nie kan deelneem aan die fondsinsameling nie.

Hoeveel moet elke belydende lidmaat ekstra bydra sodat die sustentasie aansoek nie nodig sal wees nie? Het u dit so deurgegee aan die gemeente?

3. **Fondsinsamelingsprojekte:** Wat doen u om fondse in te samel en is dit moontlik om die pogings uit te brei?

4. **Sustentasie:** Beskou u die hulp wat u vra as oorbrugging? Wanneer behoort u weer finansiële selfstandig te wees?
5. **Alternatiewe:** Oorweeg die volgende alternatiewe. Meld telkens met wie u in kontak was of waarom u nie hierdie moontlike pad kan volg nie.
 - a) Samesmelting met 'n naburige gemeente.
 - b) Kombinasievorming met 'n naburige gemeente (permanent tot leraar(s)skuif).
 - c) Bedieningsooreenkoms (vir 'n tydperk) met 'n naburige gemeente.
 - d) Finansiële samewerkingsooreenkoms (FSO wat deur die Klassis gereël word) waar meer gemeentes saam 'n maandelikse bydrae gee om die bediening te laat voortgaan.
 - e) 'n Abba-gemeente kry wat hulle daartoe verbind om 'n deel van u begroting te dra, al is dit net tydelik bv. die predikant se vervoerontkoste vir 5 jaar.
 - f) 'n Dertiende dankoffer per jaar.
6. **Betrokkenheid:** Wat doen u gemeente in die gemeenskap bv. betrokkenheid by skole, tehuise, inrigtings, fabriek, evangelisasie dienste, ens. Gee asb. 'n beskrywing.
7. **Verbintenis:** Het u vaste maandelikse verpligtinge soos bv. hulp aan 'n emeritus of sy weduwee. (Wie en hoeveel?)
8. **Bates:** Het u geld op belegging of eiendom wat u moontlik kan gebruik of verkoop. Gee asb. 'n beskrywing.
9. **Invloed na buite:** Het u ander bedieninge soos bv. uitsendings oor radio, TV of via die Internet, DVD's of CD's van eredienste wat versprei word. Gee asb. 'n beskrywing.
10. **Moontlike besparings:** Die volgende kan dalk duisende Rande spaar.
 - a) Is dit moontlik dat u koster, orrelis, admin. beampste, tuinier en jaarlikse oudit van finansies gratis of as deel van die lidmaat wat dit doen se dankoffer gedoen kan word?
 - b) Is dit moontlik dat u die slakkepos bv. katkisasieboekies, almanakke, kerkblaai, slingervelle, vroueblaai ens. vanaf die Admin Buro deur iemand gereeld afgehaal kan word?
 - c) Het u voorafbetaalde elektrisiteitmeters vir die pastorie en kerk?
 - d) Kan u die warmwaterstelsel in die kerk se kombuis deur die week afskakel?
 - e) Kan u leesdienste hou in plaas van om besoekende predikers te kry wanneer u leraar met verlof is?
 - f) Belastingvermyding: Dit is binne die wet om 'n gedeelte van die predikant se traktement maandeliks vir sy vrou te gee. Daar moet 'n duidelik uiteengesette pligtetaat hê wees wat in lyn met haar deel van vergoeding is ('n dienskontrak). Sy is dan 'n werknemer van die kerk met pligte bv. by die susters, administrasie en ondersteuning van haar man in sy beroep ens.

Die bedieningsplan kan na aanleiding van bogenoemde vrae se antwoorde nou opgestel word.

Hier volg 'n voorbeeld van hoe 'n bedieningsplan sou so kon lyk.

Die raamwerk wat hieronder gegee word, kan 'n hulpmiddel vir plaaslike kerke wees: (raamwerk het eie nummering)

Raamwerk vir 'n bedieningsplan

1. Vooraf:

- 'n bedieningsplan is nie om sustentasiedeputate te oortuig om 'n aansoek goed te keur nie. Ons het as kerke saam besluit dat kerke wat aansoek, doen 'n strategiese bedieningsplan, waarin doelwitte uiteengesit word, asook die wyses waarop die Kerkraad beoog om die doelwitte te berei, voorlê (Acta 2006:279, 8.1.1.1.7)
- elke gemeente is God se kerk, liggaam van Jesus Christus, op die spesifieke plek waar God sy kerk wil hê.
- elke gemeente, en veral elke Kerkraad, moet hom/haar teenoor God verantwoord oor die bestaan, funksionering en voortbestaan van die gemeente.
- die belofte van Christus, dat “die poorte van die doderyk” sy kerk nie sal oorweldig nie (Matt 16:18),:
 - teken die werklikheid dat ons kerk in die wêreld is, wat voortdurend deur die “dood” (sonde, Satan, bese magte en ons eie sondige natuur) bedreig word.
 - is 'n versekering dat in gehoorsaamheid aan ons Hoof, Jesus Christus, Hy sy gemeente sal bewaar vir die toekoms.
 - beteken nie 'n outomatiese waarborg dat ondeurdagte roetines jaar na jaar herhaal kan word, sonder om in gehoorsaamheid oppad na God se bestemming/doel te wees nie. Bv Christus het al meer as een gemeente gesluit (Op 2 & 3).
- Van die begin af (Gen 1:26) werk God met 'n doel. God het is visie vir die mens, vir die skepping, uitgedruk met die woord “sodat”. So het God 'n doel met Abraham, Isak en Jakob, met Moses, met die uittog uit Egipte, met die rigters, die konings, die profete. Alles in die Ou Testament is gerig op die koms van die koninkryk van God (Matt 3 en 4). Hierdie visie van God word telkens in beloftes uitgespreek en God werk deur die heilsgeskiedenis om sy doel te bereik.
- Wanneer God die beloftes in Jesus Christus in vervulling bring, dan is o.a. Joh 3:16 die uitspraak van 'n duidelike doel van God se liefde, weer met die woord “sodat”.
- As Jesus aan die eise van God voldoen en ons met God versoen, dan is dit deel van sy herskepping, waarin Hy 'n nuwe liggaam skep, sy kerk. En telkens praat Hy oor sy kerk in 'n duidelike visie, in die gee van sy doel.
- Die wese van 'n bedieningsplan is om die Godgeopenbaarde doel te verwoord vir die gemeente in die konteks en omgewing waar God die gemeente geplaas het. Hieruit kom dan, in gehoorsaamheid aan die Skrif, die doelwitte op die korter termyn die stappe/aksies hoe om by hierdie doelwitte uit te kom om al meer te beantwoord aan die doel wat God stel.
- Jesus het by meer as een geleentheid sy dissipels tot verantwoording geroep (o.a. Matt 16:13–15)
- Ons gebruik graag argumente rakende demografie en sosio-ekonomiese omstandighede om die dilemma van 'n gemeente te skets en te verdedig. Kyk mooi in die Bybel. Gelowiges en gemeentes het baie keer baie swaar gekry (bv 2 Kor 8:1–3, Heb 10:32–36), maar die Heilige Gees deur die Bybelskrywers het dit nooit gebruik om wat tekort geskiet het, te verdedig of te aanvaar nie. Terwyl ons wel werklikhede erken, begin ons by onself, volgens die Bybel.

2. Die breë raamwerk vir 'n bedieningsplan.

- 2.1 God se doel vir die gemeente in eie bewoording (dit is die gemeente se visie)
- 2.2 Wat moet as doelwitte gestel word, om al meer te vorder oppad na God se doel.
- 2.3 Wat het God ons gegee om by sy doelwitte uit te kom?
- 2.4 Wat is tans gebreke in die gemeente dat ons nie by God se doelwitte uitkom nie?
- 2.5 Wat is die aksiestappe wat ons moet volg, om by die doelwitte uit te kom? (dit moet uit die Woord kom)

2.6 Hoe gee ons elke keer verantwoording in hierdie pad van gehoorsaamheid? Dws monitor die praktiese uitleef van die plan.

3. Wat is nodig vir 'n bedieningsplan?

3.1 VOORAF

3.1.1 In die eerste plek dat die predikant en ouderlinge die Woord oor kerkwees bestudeer. Die ouderlinge se taakomsyning in die bevestigingsformulier sê dat hulle hul moet verdiep in die rykdom van die evangelie.

3.1.2 Dat die Kerkraad almal tot dieselfde oortuiging kom. Almal neem eienaarskap van die plan.

3.1.3 Dat die Kerkraad hierdie plan aan die gemeente "verkoop". Eintlik verkondig, omdat die plan vanuit die Skrif iets van 'n Woordverkondiging behoort te wees.

3.2 IMPLEMENTERING

3.2.1 Maak die visie en missie (kyk 2.1 en 2.2) duidelik bekend. Almal in die gemeente moet op dieselfde bladsy wees. Hierin behoort die prediking, Bybelstudie, bediening in huisbesoek met mekaar saam te werk.

3.2.2 Implementeer volgens die doelwitte. Dws gee aan die doelwitte bepaalde aksies en verbind dit aan sekere teikendatums.

- aksies fokus dus op wat God wil vir die gemeente.

- aksies spreek die gebreke in die gemeente aan.

Aksie behels wat gedoen word en hoe dit gedoen moet word.

Elke aksie moet 'n teikendatum hê. LW teikendatums is nie om resultate te meet nie. Want die resultate lê in die werking en vrymag van God die Heilige Gees.

3.3 MONITERING

3.3.1 Meet die aksie aan die teikendatums gestel. En meet tegelyk die aksie aan die Woord van God. Want primêr bly die Woord die maatstaf.

Die teikendatum is 'n hulpmiddel om te bepaal of ons die tyd reg uitkoop (ten beste benut).

MAAR: teikendatums is nie rigiede slawedrywers nie. Onthou: bediening lê wesenlik in God se hand en Hy beheer die tyd.

3.3.2 Meet op gereelde basis (kwartaalliks, halfjaarliks en jaarliks) hoeveel en toe hoe 'n mate die doelwitte bereik is.

3.3.3 Monitering bring tegelyk herbeplanning. Nie alle doelwitte word in die dieselfde mate bereik nie. Herbeplanning beteken ook aanpassing: aanpassing in teikendatums, aanpassing in manier van doen.

6.5 Kollektes

Sinode 2015 keur 5 kollektes per jaar goed vir die sustentasiefonds met as riglyn R25 per lidmaat per jaar.

6.6 Spesiale bydraes

Sinode 2015 gee opdrag aan die deputate om voort te gaan met fondsinsameling vir die sustentasiefonds deur vrywillige bydraes te vra by kerke en/of instansies en/of persone.

7. Administratiewe Buro

7.1 Kort historiese agtergrond

Kort na die eerste Sinodes in 1862 en 1863 is begin om fondse bymekaar te maak. Die eerste fonds was vir die opleiding van predikante en daarna vir die versorging van emeriti. Die fondse is bekom deur skenkings en later is 'n "raming" ingestel. Met die totstandkoming van die Teologiese Skool te Burgersdorp het die kuratore die rol van die administrasie van fondse ingeneem.

Die eerste fondse wat vir die "Ondersteuningsfonds" vir die uitvoering van KO, art 13 (emeriti) ontvang is, is deur 'n sinodale verkose kommissie hanteer.

Namate meer sinodale fondse totstand gekom het, is daar vir elke fonds 'n penningmeester aangewys, wat dan op elke Sinode verslag gedoen het.

7.1.1 Ontstaan van die Administratiewe Buro

Op Sinode 1920 dien 'n beskrywingspunt van Gereformeerde Kerk Bethulie wat vra vir 'n saakgelastigde, art 64, p35, 36.. "Die Sinode gee ag op die feit, dat verskeie van ons predikante voortdurend belas word met die finansies van kerk en skool en benoem liever daarvoor 'n spesiale saakgelastigde. Besluit: Die Sinode besluit op die beskrywingspunt van Bethulie nie in te gaan nie."

Die Sinode van 1924 te Rustenburg, art 149, besluit op grond van 'n vraag in die kuratorerapport, iv:7 "of dit nie wenslik is nie om 'n saakgelastigde en ouditeur vanweë die Sinode te benoem?" Die Sinode spreek hom egter uit teen so 'n voorstel vir die aanstelling van 'n saakgelastigde.

In die Handeling, Sinode 1930 te Burgersdorp lees ons dat die kuratore in hulle rapport aan die Sinode, die advies uitbring (art 101) dat "die kuratore adviseer die eerw. Sinode om 'n Administratiewe Buro in te stel vir die beheer van die finansies. Onder die Administratiewe Buro sal val: die Sinodale Kas, Kalvyn Jubileum Boekfonds, Algemene Sendingkas, Teologiese Skoolkas, Teologiese Skool Jubileumfonds, die Emeriti Predikante en P W en W fonds, die Kas vir Behoeftige studente, Die Kerkblad en die Argief. Vir al die bogenoemde werksaamhede sal aparte deputate benoem word, wat verantwoordelik is by die Sinode soos dit tot nou toe was.

Verder sal reëlins getref word om die verband te stel tussen die verskillende deputaatskappe en die Buro met die verstandhouding dat die Admin Buro verantwoordelik sal wees by die deputate, en deputate aangewys sal word deur die Sinode, wat die werksaamhede van die Admin Buro sal reël, daarvoor toesig hou en daarvan rapporteer by die Sinode. Dat die naam "Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika" sal wees.

Die Sinode besluit om die advies van die kuratore op te volg. Dieselfde Sinode besluit ook dat die kuratore 'n kommissie van beheer sal aanstel wat sal toesig hou oor die bestuur van die fondse. In November 1930 is na beraadslaging van 'n kommissie uit die kuratore met die penningmeesters van die verskillende sinodale fondse en die assistent registrateur van die PUK, mnr S du Toit as deskundige, besluit om so 'n Buro op te rig. 'n Kommissie van beheer is gekies om toesig te hou oor die Buro, nl: Di WJ de Klerk, NH van der Walt, JV Coetzee, dr JP van der Merwe en die assistent registrateur, mnr S du Toit. 'n Kamer van die Teologiese Skoolgebou is beskikbaar gestel vir 'n kantoor van die Buro.

Die Administratiewe Buro het op 1 Mei 1931 tot stand gekom (Handelinge 1933:98). Ds JA van Rooy is met algemene stemme gekies as voltydse penningmeester (1931-1941) met 'n salaris van £450 p.a. plus £60 vir hulp van 'n klerk en tikster. In *Die Kerkblad* van 22 April 1931:34 word twee kennisgewings geplaas: "Die Algemene Vergadering, Geref. Kerk, O.V.S. het op versoek van die Kerkraad van Bethulie eervolle emeritaat gegee aan ds JA van Rooy volgens KO, art 13." Asook "DV word die Administratiewe Buro geopen op Potchefstroom op 1 Mei a.s. kerkrade en kassiers word vriendelik versoek om teen daardie datum die bydraes vir Teologiese Skool en E.P.P.W. en W. Fonds daarheen te stuur."

By Sinode 1936 te Bethulie word 'n reglement vir die Administratiewe Buro, wat deur die kuratore opgestel is, goedgekeur (1936:130-135). Die deputate van beheer word aan die Sinode voorgehou.

Tydens die Sinode in 1970 word deur die deputate van *Die Kerkblad* gerapporteer dat die kantoor vir kerklike publikasies te beknop en ondoelmatig is. Hulle aanbeveling is dat daar meer kantoorruimte beskikbaar gestel te word en vra die Sinode om voorsiening te maak vir 'n doelmatige gebou. Hierdie versoek word nie goedgekeur nie maar opgedra aan te benoeme deputate om oor die hele aangeleentheid deeglik te rapporteer. Die deputate vir *Die Kerkblad* kan tussentydse voorsiening probeer maak (1970:328).

In 1973 rapporteer die kommissie insake beplanning van terreine en gebou vir kantoor van publikasies die volgende: Die kantoor van publikasies word in absoluut ontoereikende omstandighede gehuisves. Pogings om beter kantoorruimte te kry het geen vrugte opgelewer nie, en die beplanning van die toekomstige daarstelling van 'n doeltreffende gebou kon ook nie vorder nie. Die volgende aanbevelings word goedgekeur:

- Deputate word benoem om *dadelik* oor te gaan tot die beplanning van die terrein en die oprigting van 'n doelmatige gebou vir die administrasie van die kerk.
- Die dienste van 'n beplanningsingenieur moet verkry word.
- Nadat die terreinbeplanning afgehandel is, moet *onverwyld* oorgegaan word tot die beplanning van 'n gebou met die volgende riglyne ingedagte:
 - Die gebou moet voorsiening maak vir die kantoor van publikasies.
 - Daar moet doeltreffende voorsiening gemaak word vir die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerk.
 - Die gebou moet huisvesting kan bied vir die groeiende administrasiebehoefte van deputate van die Sinode, waaronder 'n sendingkantoor.
 - Daar moet 'n doeltreffende lokaal ingerig word vir die toekomstige Sinodesittings. Die lokaal moet ook diens kan doen vir studiebyeenkomste van predikante, en moet ook geskik wees vir instansies wat 'n doelmatige konferensiesaal wil gebruik. Die lokaal moet voldoen aan moderne standaarde.
 - Daar moet ook deeglik rekening gehou word met toekomstige behoeftes. Die gebou moet bv. so opgerig word dat verdere verdiepings later opgerig kan word, indien nodig.
- Finansiering van die bouwerk – Die Sinode raam die kerke en dra aan die deputate op om bydraes vir hierdie doel in die kerkverband in te samel.

7.1.2 Beplanning en bouwerk

Advies van die dosente in beplanning van die PU vir CHO, prof F Potgieter en mnr G van Heerde is verkry. Ook van die Departement Bodemkunde is advies verkry. As argitek is mnr Nardus Conradie benoem. Op 5 Maart 1973 het die dagbestuur al die

vereistes van die voorgestelde gebou breedvoerig met die argitek bespreek. Met alle vereistes van alle betrokke instansies is deeglik rekening gehou. Die deputate was ook van oordeel dat 'n opsigterswoonstel onontbeerlik is, en dit is in die gebouekompleks ingevoeg. Op 'n vergadering van 5 November 1973 is sketsplanne van die gebou behandel en voorlopig goedgekeur.

Die tender wat op 31 Julie 1974 aanvaar is, was die laagste tender wat ingelewer is, nl. R460 357: die tenderaar is mnr WP Huysamen (hierdie bedrag het nie die professionele fooie en koste van kantoormeubels ingesluit nie). Die finale rekening (boukoste en alle professionele gelde) bedra R603 000.

Op 21 Januarie 1976, tydens die sitting van Sinode 1976, is die amptelike ontvangs van die gebou en onthulling van 'n gedenkplaat gedoen. Ds AA Venter (voorsitter deputate terreine en geboue) onthul die gedenkplaat en lees die bewoording daarvan voor waarna Ps 33:11 gesing word.

In 1985 se Sinode te Potchefstroom word die Administratiewe Buro omvorm tot 'n regspersoon en 'n nuwe reglement wat al die regsimplikasies bevat word goedgekeur deur die "ledevergadering".

Opeenvolgende Sinodes het wysigings aan die Reglement aangebring tot en met Sinode 2015 te Potchefstroom.

7.1.3 Penningmeesters/Direkteur/Uitvoerende Bestuurder

Ds JA van Rooy – 1931-1941.

Ds TT Spoelstra – 1941-1949.

Ds IJ Lessing – 1948-1977.

Mnr LJ Swart 1977-1995.

Mnr HJS Vorster 1996-2010* (*herstrukturering van poste).

Ds LH van Schaik 2010-2014.

7.1.4 Die werk en taak van die Administratiewe Buro

Om 'n volledige prentjie te kry moet na die Reglement verwys word wat 'n totale beeld van die werksaamhede gee.

Die belangrikste take is:

1. Om alle gemeenskaplike finansies en begrotings te administreer waaronder die Emeritaatsversorgingstrust, Predikante Pensioenfonds, begroting Teologiese Skool, mediese skema, ens.
2. Om alle eiendomme te administreer en instand te hou.
3. Alle deputategroepe van hulp en bystand te bedien.
4. Om die administrasie en beskikbaarstelling van publikasies wat op las van die Algemene Sinode uitgegee word, te behartig asook die verspreiding en verkoop van boeke en lektuur vir godsdienstige doeleindes.

Kortom, die Administratiewe Buro staan in diens van elke kerk en die kerkverband ingeheel. 'n Mens sal verbaas wees om te sien hoeveel telefoonoproepe en e-posse die personeel daaglik ontvang van predikante, emeriti, skribas, kassiere en lidmate.

Die personeel staan onder direkte toesig en beheer van die bestuur van die Administratiewe Buro wat al die werksaamhede van Buro kragtens die reglement hanteer.

7.2 Administratiewe Buro as diensburo

7.2.1 Die klem op dienswerk

Sedert die totstandkoming van die Admin Buro op 1 Mei 1931 het die werksaamhede omvangryker geword. Die aanvanklike samestelling van die Admin Buro uit enkele

persone om finansiële beheer oor fondse uit te oefen, het tot op 1 Mei 2011 in verskeie afdelings onder toesig en beheer van die bestuur van die Admin Buro kragtens die reglement uitgebrei. Hierdie uitbreiding sluit in die volgende in: finansies en fondsbestuur, algemene administrasie, kerklike administratiewe opleiding en ondersteuning, eiendomme, kerklike en ander publikasies wat in opdrag van die Sinode hanteer word, personeelsake, skakeling met deputate en skakeling met kerke.

Ten grondslag aan hierdie ontwikkeling lê die besinning van die bestuur van die Admin Buro oor die doel, opdragte en struktuur van die Admin Buro sedert 2003 soos dit in rapporte aan die ledevergadering voorgelê is. Die bestuur en al die personeel betrokke by die verskillende afdelings van die Admin Buro stel hulle ten doel om *dienswerkers* in die uitvoering van die *dienstaak* van die Admin Buro te wees. Die vervulling van 'n roeping is die grondslag van die dienswerkers. Die dienstaak is om uitnemende, betroubare en doeltreffende finansiële en administratiewe dienste aan die volgende rolspelers te lewer: *kerke* (predikante, ouderlinge, diakens en lidmate); *deputate* (soos aangewys deur meerdere vergaderings); *Trustees* (van die verskillende fondse) en *meerdere vergaderings* (soos opgedra). Die Administratiewe Buro het hom in die afgelope jare daarop toegespits om op hierdie wyse daadwerklik 'n Buro van dienswerkers te wees.

Namate sekere afdelings groei en nuwe opdragte deur die Sinode toegevoeg word, groei die Admin Buro en is dit die bestuur se taak om toe te sien dat al die sake geadministreer word en dat die Admin Buro in diens staan van die kerke en meerdere vergaderings.

7.3 Reglement

Die reglement van die Administratiewe Buro is op aanvraag beskikbaar.

7.4 Regspersoon

Sinode 1985 (Handelinge 1985:477, 4.4) keur dit goed dat die Administratiewe Buro tot 'n regspersoon omvorm word ten einde hom in staat te stel om regshandelinge te verrig wat verband hou met die doel en funksies waarvoor hy gestig is.

7.4.1 Oprigting

- Die Administratiewe Buro is 'n regspersoon, naamlik 'n organisasie sonder winsoogmerk (ingevolge Wet 71 van 1997).
- Die Administratiewe Buro is vir inkomstebelastingdoeleindes 'n openbare weldaadorganisasie en ressorteer vir vrystelling van inkomstebelasting ingevolge artikel 18A van die Inkomstebelastingwet, No. 58 van 1962, onder paragraaf 5 a): "Godsdiens, Geloof of Filosofie: Die bevordering of beoefening van godsdiens wat dade van aanbidding, getuienis, onderrig en gemeenskapsdiens insluit, gebaseer op geloof in God".

7.4.2 Bevoegdheid as regspersoonlikheid

- Die Administratiewe Buro het die bevoegdheid om regte en verpligtinge te hê, te verwerf, te vervreem of oor te dra afsonderlik van die regte en verpligtinge van die lede daarvan en is as sodanig bevoeg om:
 - eiendom, roerend of onroerend, te verwerf, te besit en te vervreem;
 - enige en alle ooreenkomste te sluit en regshandelinge aan te gaan wat nie met die doelstellings en funksies daarvan strydig is nie;
 - as party in regsgedinge op te tree en
 - sodanig in die regsverkeer op te tree as wat nodig mag wees om die doelstellings en funksies daarvan te vervul.

- Geen bates van die Administratiewe Buro mag op enige wyse hoegenaamd onder lede of werknemers verdeel word nie, en dit mag alleen vir die bevordering van die doelstellings en die uitvoering van die funksies daarvan aangewend word.
- Die Administratiewe Buro bly voortbestaan ongeag die wisseling van die lede daarvan.
- Die *domicilium citandi et executandi* van die Administratiewe Buro is:
 - Die Administratiewe Buro, h/v Meyer- en Molenstraat (Molenstraat 62), Potchefstroom, 2531.
 - Posadres: Posbus 20004, Noordbrug, 2522.
 - Telefoonnommer: 018 297 3986/7/8/9.
 - Faksnommer: 018 293 1042.
 - E-pos: adminburo@gksa.co.za
 - Inligting oor lede: www.gksa.org.za

7.5 Ledevergadering

Die gedeputeerdes tydens Sinodes is tydens die stel van die rapport van die bestuur van die Administratiewe Buro, lede van die Administratiewe Buro van die GKSA (Handelinge 1985:214, 5) en word so gekonstitueer. Alle kerke is lede van die Administratiewe Buro en word dit by die stigting van sodanige kerke. Die gedeputeerdes van die lede wat in Algemene Sinodes sitting het, kom by elke Algemene Sinode in ledevergadering byeen. Die bevoegdheid en pligte word in die reglement van die Admin Buro onder 5 beskryf.

7.6 Ouditkomitee

Die ouditkomitee vergader saam met die bestuur van die Administratiewe Buro tesame met die ouditeure van die Administratiewe Buro voor die aanvang van die ouditeuring van al die boeke wat deur die Administratiewe Buro hanteer word, na te sien.

Tydens hierdie vergaderings word bespreking gevoer oor die ouditplan van die ouditeure en word daar ook spesifieke opdragte aan die ouditeure gegee oor spesifieke risiko areas soos deur die ouditkomitee geïdentifiseer. Klem word ook gelê op die beleggingsriglyne soos deur die Sinode vasgestel. Daar word ook deurlopend versoeke tot die ouditeure gerig om aan spesifieke ouditareas besondere aandag te gee.

Die ouditkomitee vergader ook telkens na afloop van die ouditeuring van die boeke om die finansiële state te oorweeg, waartydens klem gelê word op die openbaarmaking in die finansiële state, dat dit in ooreenstemming is met wetgewing en algemene aanvaarde rekeningkundige praktyk. Aanbevelings word ook gemaak ten einde die finansiële state meer gebruikersvriendelik te maak.

7.7 Skakeling tussen Admin Buro en kerke

7.7.1 Agtergrond

Ons kerkverband bestaan uit sowat 300 selfstandige kerke. Tog is daar behoefte aan 'n "sentrale "kantoor" waar die gesamentlike werk wat namens al die kerke saam gedoen word, bedien kan kom. Daarom het die Algemene Sinode al baie jare terug geoordeel dat so 'n kantoor tot stand moet kom en dit dra steeds die naam van die "Administratiewe Buro van die GKSA".

7.7.2 Wersaamhede van die Admin Buro

Die Admin Buro voer net opdragte uit soos ontvang vanaf Algemene Sinodes en werk streng volgens sy reglement. Die reglement is ook deur die Sinode bepaal en gewysig. Die werk behels die volgende:

- Die administrasie en rekenkundige byhou en rapportering oor alle fondse en trusts wat die Admin Buro namens deputaatgroepe van die Algemene Sinode bestuur

- Help met die verspreiding van GKSA publikasies
- Help deputate in die administrasie en bestuur van hulle werksaamhede
- Adviseer en staan kerke by in die van dag tot dag administrasie van hul werksaamhede
- Bestuur die gesamentlike eiendomme van die GKSA – hoofsaaklik in en om Potchefstroom
- Voer ad hoc opdragte uit soos ontvang vanaf Algemene Sinodes.

7.7.3 Samestelling van die Admin Buro

Die Admin Buro bestaan uit 'n bestuur en voltydse amptenare.

- Die bestuurslede word elke drie jaar by die Algemene Sinode aangewys en bestaan uit 8 lede. Die voorsitters van Emeritaatsversorgingstrust en die van Skakeldeputate is ipso facto lede van die bestuur asook 'n verteenwoordiger van die kuratore van die Teologiese Skool. Verder word gepoog om kundiges op die bestuur te verkies vir dissiplines soos finansies, menslike hulpbronne, eiendomme en kommunikasie.
- Voltydse amptenare: Daar is 8 voltydse amptenare werksaam by die Admin Buro en die werksaamhede word opgedeel in twee bene: Administrasie en Finansies. Dr Wymie du Plessis is verantwoordelik vir administrasie en Johan Coetzee is verantwoordelik vir finansies.

7.7.4 Skakeling tussen kerke en die Admin Buro

Die Admin Buro verstaan dat hy 'n diensfunksie vervul en dat hy in diens is van al die kerke en alle deputaatgroepe. Die belange van elke lidmaat in die GKSA, elke diaken, elke ouderling, elke predikant asook elke deputaat, staan voorop vir elkeen betrokke by die Admin Buro. Slegs daardeur kan die Koninkrykswerk bevorder word waarvoor die Here elkeen in sy diens, in GKSA, roep.

Elkeen binne GKSA moet deurlopend die vrymoedigheid hê om met die Admin Buro kontak te maak. Skakel die persoon wat jou kan help of as jy onseker is, wie kan help, kontak vir dr Wymie du Plessis by: 018 297 3986 of wymiedup@gksa.co.za
Besoek ook die GKSA se webwerf vir meer inligting by: www.gksa.org.za

7.8 Eiendomskomitee

'n Belangrike motivering vir die omvorming van die Administratiewe Buro in 'n regs persoon was dat die gemeenskaplike eiendomme van die GKSA *“oorgedra kan word in die naam van die Administratiewe Buro nadat laasgenoemde tot regs persoon omgevorm is ...”* (Acta 1985:478, 4.6.2).

Die opdrag deur die ledevergadering (Algemene Sinode) vat die Administratiewe Buro se verantwoordelikheid in dié verband mooi saam: *“Die Bestuur van die Administratiewe Buro besluit oor die beskikbaarstelling/verkryging van voldoende fondse wat nodig is vir die restourasie, onderhoud en instandhouding van sy historiese erfenis en ander eiendom van die GKSA (Administratiewe Buro kompleks en TSP-gebou) ...”* (Acta 2009:276, 2).

Die gemeenskaplike eiendomme in Potchefstroom is die Administratiewe Buro en die historiese geboue.

7.8.1 Historiese geboue

Ondergenoemde geboue is as kultuurhistoriese gedenkwaardighede verklaar. Wetlike bepalings en voorskrifte rakende die restourasie en instandhouding daarvan moet onder toesig van die *South African Heritage Resource Agency* nagekom word.

7.8.1.1 GKSA Kerkmuseum

Hierdie gebou, wat tans as museum ingerig is, is in Februarie 1905 as die nuwe Teologiese Skool in gebruik geneem. Voor die fees ter viering van die 150-jarige

bestaan van die GKSA in 2009, is fondse bewillig en het die deputate historiese sake met hulp van kundiges die uitstallings op 'n professionele wyse ingerig en dis beslis die moeite werd om te besoek. Vir 'n besoek moet net vooraf met die kurator geskakel word. Vir kontaknommer doen navraag by die Administratiewe Buro.

7.8.1.2 Totiushuis

Hierdie "*woning van die teologiese professor*" is saam met bogenoemde (7.8.1.1) in gebruik geneem. Die Totiushuis is sedert 1 April 1976 kontraktueel vir 'n termyn van 99 jaar aan die Tlokwe (Potchefstroom) stadsraad beskikbaar gestel om dit te restoureer en daarna in stand te hou "*so na as moontlik aan dieselfde staat waarin dit was tydens die bewoning daarvan deur Totius*". Dit is langsaan die kerkmuseum en beslis ook 'n besoek werd.

7.8.1.3 Cachet-koshuis

Die gebou is in vyf wooneenhede verdeel en word teen nominale huur aan behoeftige teologiese studente, wat besig is om hulleself as predikante van die GKSA te bekwaam, verhuur.

7.8.1.4 Ou Voorbereidende Skool

Dié gebou word tans deur die Totius Akademie (Christelike skool) benut. As teenprestasie het hulle oor die afgelope paar jaar heelwat restourasiewerk aan die gebou gedoen en dit onlangs met 'n palissade-heining omhein.

7.8.1.5 Krugerakraal

Dit is die plaashuis waarin Totius vir 'n geruime tyd gewoon het en is ongeveer 25 km. suidoos van Potchefstroom geleë. Hier het hy baie werk rakende die vertaling van die Bybel en Psalmberymings gedoen. Die huis word tans deur lidmate, Izak en Marietjie Potgieter, bewoon wat dit vir 'n tydperk van 10 jaar huur. Die Administratiewe Buro voorsien die materiaal en Izak doen al die restourasie, onderhoud en instandhouding. Daar is al ver gevorder met restourasie en die huis en terrein is baie netjies. Besoekers is welkom om 'n besoek daar af te lê, maar moet net vooraf met Izak skakel by 082 702 9879.

7.8.2 Ander eiendomme

7.8.2.1 Teologiese Skool (TSP)

Hierdie kompleks is sedert die beginjare te Burgersdorp die vierde wat betrek word vir die opleiding van predikante van die GKSA. Dit bestaan uit die Jan Lion Cachet-biblioteek, kerkargief, senaatsaal, lesinglokale en kantore. Die noordelike vleuel van die kompleks is die kerkgebou van die Geref. Kerk Potchefstroom-Die Bult. Die fasiliteite word gesamentlik deur die TSP en die Fakulteit Teologie van die NWU benut.

7.8.2.2 Administratiewe Buro-kompleks

Die Sinodesaal vorm deel hiervan en huisves die kantoor en personeel van die Administratiewe Buro. Dit is op dieselfde perseel as die TSP. 'n Gedeelte van die kantore in die kompleks word aan die regslyn van die NWU uitverhuur, terwyl ander kantore deur die TSP/NWU gebruik word.

8. Skakeldeputate

8.1 Opdrag Skakeldeputate

Agtergrond

Baie van die sake wat in die opdrag aan nuwe deputate gegee word, is reeds Sinodebesluite. Daar is talle Sinodebesluite wat nie verder vorder as die Handeling van 'n Sinode nie.

8.1.1 **Die Sinode benoem algemene sinodale Skakeldeputate met die volgende opdragte**

8.1.1.1 Om in samewerking met die Trustees kundige advies te gee oor: Opstel van beroepsbriewe, traktering, PGT's, emeritaats- en mediese versorging (Handeling 1994:251, 9.2.3)

Handeling 1997:344, 4.2.4

Waar die visitatore altyd navraag doen oor die versorging van die predikant (KO, art 11), moet daar ook nou verslag gedoen word of die Kerkraad en predikant se bydrae op die volle pakket bereken word. Die aangeleentheid moet dan ook in die visitasierapport vervat word.

Handeling 2000:546, 5.1.2

Beroepsbriewe: Die besluite van Sinode 1994 (begin van PPF) het meegebring dat die bewoording van predikante se beroepsbriewe gewysig moes word om ooreen te stem met die nuwe wyse van versorging (Handeling 1997:233, 4.6).

Die nuwe formulering vir beroeping van predikante wat op die versorgingslys verskyn, is aan alle meewerkende kerke gestuur, dit is opgeneem in die handleiding vir Emeritaatsversorging en is ook opgeneem in die nuwe Kerkordeboekie.

8.1.1.2 Om kerke by te staan met hulle finansiële beplanning en begrotings

Handeling 2006:277, 3.1

Om finansiële hulp en advies aan kerke te verleen in die uitvoering van Christus se opdrag om die evangelie aan alle mense te bedien. Die primêre fokus is die uitbreiding van God se koninkryk in die opbou en uitbou van die kerk volgens Matt 28.

Handeling 2006:341, 7.5.5.4

Om opleiding en programme te ontwikkel om gemeentes te help beplan, begroot, rekeningkundig rekord te hou en ook om hulp te verleen met die ontwikkeling van administratiewe stelsels, behoorlike begrotings en strategiese beplanning. Daar moet verder hulp verleen word om te verseker dat kerke aan nuwe wetgewing voldoen en dat ouditvereistes nagekom word.

8.1.1.3 Om kerke wat sustentasie ontvang by te staan in hulle sustentasienood

Handeling 2006:277, 3.2

Om finansiële oorbruggingshulp en advies aan kerke te verleen wat weens vertrek van lidmate of sosio-ekonomiese omstandighede nie die instandhouding van Woordbediening kan volhou nie. Hierdie hulp word gegee nadat die Klassis volgens KO, artt 41 en 44 die kerk bygestaan het om alternatiewe te vind, o.a. kombinasievorming, bedieningsooreenkomste of -samewerking.

Handeling 2006:277, 3.4

Om finansiële hulp en advies aan kerke te verleen vir wie daar geen alternatiewe (bv. kombinasie, bedieningsooreenkoms, -samewerking) vorme van Woordbediening bestaan nie en dit noodsaaklik is dat daar 'n kerk moet bly voortbestaan.

8.1.1.4 Om agterstallige ramings te in

Handeling 2006:286, 2.2

Die bestuur moet kerke en Klassisse besoek en oor optrede besluit insake agterstallige ramings. Die bestuur van die Administratiewe Buro het in samewerking

met die Trustees van die EVT alle Klassisse besoek waartydens alle finansiële aspekte soos ramings en relevante Sinodebesluite behandel en in besluitneming geadviseer is.

Handelinge 2006:289, 2.9

Geen ramings word afgeskryf nie en die bestuur ontvang opdrag om kerke met reëlings behulpsaam te wees om die agterstallige ramings te betaal.

Die Skakeldeputate in samewerking met die bestuur sal steeds op hierdie basis voortdurend vroegtydig met kerkrade skakel waar dit blyk dat hulle agter raak met die betaling van ramings. Kerke met agterstallige ramings word versoek om met die bestuur in gesprek te tree sodat 'n sinvolle reëlings vir die betaling daarvan getref kan word. Kerke word versoek om ramings waar moontlik ses maandeliks vooruit te betaal of dan ten minste maandeliks. Kerke word aangemoedig en versoek om ramings per debietorder te betaal (Handelinge 2003:357, 1 en 2).

8.1.1.5 Om kundigheid en gawes binne 'n Klassis aan te wend

Handelinge 2006:339

Verbeter vaardighede deur opleiding en advies en die onderlinge verdeling van finansiële en ander hulpbronne.

Identifiseer tekort aan vaardighede by gemeentes.

Identifiseer gemeentes met finansiële probleme.

Beplan opleiding- / advies/konsultasie-geleenthede.

Beplan onderhandelinge waar finansiële en ander hulpbronne verdeel moet word.

8.1.1.6 Om toerusting aan kerkrade in verskillende aspekte te gee soos: bydraevlakke, ramings, verpligte kollekte, evangelisering, uitreiking

Handelinge 2006:341, 7.5.2 en 3

Kerkrade moet teen die tendens waak waarvolgens slegs bydraende lidmate op statistiekvorms aangegee word. Klassisse moet vir die juistheid van inligting medeverantwoordelikheid aanvaar.

Kerkrade moet daarop let dat bydraevlakke in die lig van die voorskrifte in die Woord van die Here vasgestel word.

8.1.1.7 Om algemene skakelwerk te doen tussen die Administratiewe Buro/Algemene Sinode en die plaaslike kerke

Handelinge 2006:340, 7.5.5.3

Indien en waar nodig die regte menslike- en ander hulpbronne bekom word sodat die Administratiewe Buro sy nuwe opdragte kan uitvoer en in sy begroting voorsiening kan maak vir al die aksieplanne en opdragte van die Algemene Sinode.

Handelinge 2006:341, 7.11.2

Die Sinode word versoek om kundige deputate aan te wys om bogenoemde en enige ander opdragte wat die Sinode mag gee, tot uitvoer te bring.

8.1.1.8 Om kerke by te staan in die vestiging van behoorlike administrasie

Handelinge 2006:340, 7.5.5.4

Om opleiding en programme te ontwikkel om gemeentes te help beplan, begroot, rekeningkundig rekord te hou en ook om hulp te verleen met die ontwikkeling van administratiewe stelsels, behoorlike begrotings en strategiese beplanning. Daar moet verder hulp verleen word om te verseker dat kerke aan nuwe wetgewing voldoen en dat ouditvereistes nagekom word.

8.1.1.9 Visitasieriglyne daar te stel

Handelinge 2006:340, 7.5.6

Visitasieriglyne moet ontwikkel word ten opsigte van administrasie en finansies vir gebruik deur Klassisse om te help met vroeë waarskuwing, monitering en beplanning.

- 8.1.1.10 Om kerke by te staan in uitbreiding en uitreiking in nuwe bedieningspatrone. Om kerke by te staan in die vestiging van bedieningsplanne en nuwe velde vir bediening en daarstelling van nuwe bedieningsooreenkomste en kombinasievorming

Handelinge 2006:341, 7.10.1

Elke Klassis moet 'n bedieningsplan opstel om moontlike sustentasie en voorposkerke te identifiseer, planne op te stel om Woordbediening te verseker deur die metodes in hierdie rapport bespreek te oorweeg, en vooruitskattings te maak van toekomstige behoeftes.

Handelinge 2006:341, 7.11.1

Die deputate moet nuwe strategiese bedieningspatrone en wyses van bediening ontwikkel vir die GKSA om die Woordverkondiging in voorposkerke te vestig en bestaande kerke finansiëel onafhanklik te maak.

- 8.1.1.11 Om kerklike tydskrifte te promoveer

Die getalle van lidmate wat kerklike tydskrifte lees neem jaarliks af. Kyk sirkulasiesyfers 1995–2005 (Handelinge 2006:296). Die deputate kerklike tydskrifte versoek in hulle rapport dat voltydse bemerkers aangestel word om die probleem met dalende sirkulasiesyfers te oorkom. Skakeldeputate kan met vrug hierdie funksie hanteer.

- 8.1.1.12 Om uitbreiding en bevestiging van doelwitte soos vervat in die reglement vir Sustentasie toe te pas en deur te gee

Om finansiële hulp en advies aan kerke te verleen in die uitvoering van Christus se opdrag om die evangelie aan alle mense te bedien. Die primêre fokus is die uitbreiding van God se koninkryk in die opbou en uitbou van die kerk volgens Matt 28.

Om finansiële oorbruggingshulp en advies te verleen aan kerke wat weens die vertrek van lidmate of sosio-ekonomiese omstandighede nie die instandhouding van Woord-bediening kan volhou nie. Hierdie hulp word gegee nadat die Klassis volgens KO, artt 41 en 44 die kerk bygestaan het om alternatiewe te vind o.a. kombinasie, bedieningsooreenkoms, -samerwerking.

Om finansiële hulp en advies aan kerke te verleen sodat hulle deur die bediening van die Woord kan groei tot finansiële selfstandigheid onder leiding van die Klassis volgens KO, art 38.

Om finansiële hulp en advies aan kerke te verleen wie daar geen alternatiewe (bv. kombinasie, bedieningsooreenkoms, -samerwerking) vorme van Woordbediening bestaan nie en dit noodsaaklik is dat daar 'n kerk moet bly voortbestaan.

- 8.1.1.13 Om die Dankbaarheidsfonds verder uit te bou

Uitbouing van die Dankbaarheidsfonds soos verwoord in Acta 2003:753.

8.2 Samestelling van die Skakeldeputate

Die Skakeldeputate word soos volg saamgestel: 'n Dagbestuur van drie predikante en 'n predikant of lidmaat uit elk van die 27 Klassisse (desnoods vir Pretoria en Randvaal Streeksinodes net 1 per Streeksinode) wat deur die Algemene Sinode benoem word. Dit bespaar baie reiskoste wanneer so 'n deputaat in die Klassis werksaam is waarin hy woon. Sekundi moet ook aangewys word.

8.3 Die Skakeldeputate ontvang opleiding ontvang om die bogenoemde skakelwerk te doen

Hier is baie gespesialiseerde inligting en kundigheid in die opdragte vervat. Daarom is dit nodig dat die Skakeldeputate die regte inligting ontvang om kundigheid eenvormig oor te dra.

8.4 Die Skakeldeputate nou saamwerk met die Administratiewe Bestuurder / Fondsbestuurder van die Administratiewe Buro en dat die Fondsbestuurder ampshalwe deel van die deputate vorm

Die administrasie van die kerke in kerkverband is gesetel in die Administratiewe Buro en die samewerking vanuit die Administratiewe Buro is van kritiese deurslaggewende belang.

8.5 Die Skakeldeputate van tyd tot tyd geleentheid kry om die omvang van hulle opdragte aan die onderskeie Klassisse voor te hou

Dit is noodsaaklik dat die Klassisse en kerke kennis neem van die Skakeldeputate se werksaamhede.

8.6 Opdrag Skakeldeputate

- 8.6.1 Die deputate moet optree met inagneming van die belangrike kerkregtelike beginsel van die selfstandigheid van die plaaslike kerk.
- 8.6.2 Die deputate op uitnodiging van kerkrade, Klassisse en Streeksinodes, advies gee en die dienste van die Administratiewe Buro aan te bied met betrekking tot finansiële en administratiewe aangeleenthede. Die tersaaklike Sinodebesluite oor finansiële en administratiewe sake moet ook in die advies wat gebied word, aan kerke oorgedra word.
- 8.6.3 Dat die deputate vir korrespondensie van elke Streeksinode aanvanklik as Skakeldeputaat sal dien totdat die Streeksinode mettertyd nog 'n deputaat benoem om die deputaat by te staan.

9. Ramings en Kollektes

9.1 Wat is ramings?

Die woord ramings is in Sinode 1885 die eerste keer gebruik. Ramings is kerke se verantwoordelikheid om Klassisse, Streeksinodes en Algemene Sinodes se besluite uit te voer. 'n Klassis neem 'n besluit en die besluit het finansiële implikasies daarom word die kerke binne die Klassis geraam om die besluit uit te voer.

So gebeur dit met 'n Streeksinode en die Algemene Sinode.

Uitgawes word deur die kerke in kerkverband gesamentlik gedra. Kerke kom ooreen om saam die finansiële las te dra.

9.2 Waarvoor raam die Algemene Sinode?

Deur die jare het Sinodes staande besluite geneem waarvoor geraam word. Die volgende is voorbeelde:

- 9.2.1 Sinode 1859 – Opleiding van predikante 'n eie Teologiese Skool
- 9.2.2 Sinode 1873 – Om emeriti gesamentlik te versorg
- 9.2.3 Sinode 1931 – 'n Administratiewe Buro
- 9.2.4 Sinode 1936 – Mediese versorging van emeriti
- 9.2.5 Sinode 1970 – Instandhouding van die Argief
- 9.2.6 Sinode 1982 – Sinodale kas
- 9.2.7 Sinode 2009 – Thuso versorging van emeriti van van voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn
- 9.2.8 Sinode 2012 – Bybelvertaling
- 9.2.9 NWU – die datum kon nie vasgestel word nie

9.3 Wie stel die ramings vas?

- 9.3.1 Die kuratore stel 'n begroting saam vir die uitgawes vir die opleiding by die TSP en bepaal die ramings vir die TSP en stuur dit dan na die bestuur van die Admin Buro.
- 9.3.2 Die deputate Emeritaatsversorging stel 'n begroting saam vir die emeriti se versorging sowel as die mediese uitgawes en bepaal die ramings vir EVT.
- 9.3.3 Die bestuur van die Admin Buro stel 'n begroting op vir die Buro uitgawes.
- 9.3.4 Elke deputategroep stuur hulle verwagte uitgawes om hulle opdrag uit te voer na die Buro wat dan die totale ramings vir die Sinodale kas bepaal.
- 9.3.5 Die bestuur van die Admin Buro stel dan 'n begroting op van beraamde uitgawes.

9.4 Die noodsaak van gereelde betaling van ramings

Die Admin Buro het vaste kostes wat elke maand betaal moet word. Die emeriti se versorging, die professore se traktering, die personeel se salarisse moet maandeliks betaal word. Onbetaalde ramings veroorsaak 'n gebrek aan kontantvloei. Daar kan kwalik vir die emeriti gesê word daar het hierdie maand te min ramings ingekom daarom kan hulle nie versorg word nie.

9.5 Waarvoor gaan die ramings?

9.5.1 TSP (Teologiese Skool Potchefstroom)

Die TSP se begroting behels die traktering van 'n aantal professore en salarisse van die administratiewe personeel. Administratiewe uitgawes soos elektrisiteit, fotokopieering, skryfbehoeftes, reiskostes, ens. Die traktering en salarisse styg jaarliks met 'n lewensaanpassing.

- 9.5.2 Emeritaatsversorging
Emeriti ontvang uit die Emeritaatsversorgingstrust maandeliks versorging, volgens die ledevergadering se Orderëelings van die Emeritaatsversorgingskombinasie. Die versorgingbedrae word jaarliks aangepas.
- 9.5.3 Administratiewe Buro
Die Admin Buro word beman deur 'n aantal personeellede wat normale salarisse en ander voordele soos pensioenfonds ontvang. Daar is egter baie administratiewe uitgawes soos in 'n normale kantoor opset.
- 9.5.4 Sinodale kas
Alle deputate se reiskostes, administratiewe uitgawes en ander word deur die kas bekostig.
- 9.5.5 Mediese versorging emeriti
Volgens Sinodebesluit word emeriti se mediese uitgawes volgens 'n gyskaal deur die ramings betaal. Die gyskaal neem egter af. (Kyk hoofstuk 5, Ordereëling, punt 4.3.6).
- 9.5.6 Kerkargief
Die instandhouding van die GKSA se argief behels die personeel se salarisse, argivale materiaal, reiskoste en administratiewe uitgawes.
- 9.5.7 Thuso
Thuso beteken "HELP" in Tswana. Die voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn se emeriti het geen versorging uit die kerke in kerkverband ontvang nie. Daar is 'n raming wat by alle kerke ingesamel word. Die versorging geskied op aanbevelings van die betrokke Klassis en word jaarliks aangepas.
- 9.5.8 Bybelvertaling
Die raming is ingestel om aflospersoneel te vergoed wanneer die professore besig is met Bybelvertaling. Die geringe raming sal wegval wanneer die Bybelvertaling voltooi is.
- 9.5.9 NWU
Die geringe raming kom baie jare en is bedoel vir opleiding van onderwysers.
- 9.6 Kollektes**
- 9.6.1 Hoekom kollektes?
Vir baie jare het Sinode op Sinode verskillende verpligte kollektes vasgestel vir 'n drie jaar termyn.
- 9.6.2 Verskillende verpligte kollektes
- 9.6.2.1 Emeritaatsversorging
Om die emerituspredikante, -weduwees en wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.
- 9.6.2.2 Teologiese Studentekas
Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansiëel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.
- 9.6.2.3 GKSA Sustentasielonds
Om kerke wat nie finansiëel onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om hulp te gee sodat die koninkryk van God deur Woordverkondiging kan uitbrei.

- 9.6.2.4 Bybelverspreiding (Borg 'n Bybel)
Om die Bybelgenootskap van SA by te staan met die druk en verspreiding van Bybels.
- 9.6.2.5 Kerklike Tydskrifte
Om aktuele artikels met 'n Gereformeerde grondslag te publiseer en na lidmate en ander belangstellendes teen 'n billike prys te versprei.
- 9.6.2.6 Pro Ecclesiastudieleningfonds
Om studente van behoeftige Gereformeerde lidmate wat aan die NWU te Potchefstroom wil studeer, finansiëel met behulp van studieleninge te ondersteun. Studente van Aros en ander opvoedkunde-geakkrediteerde instansies kom ook vir toekennings uit die fonds in aanmerking.
- 9.6.2.7 Ekumenisiteit Buitelands
Om skakeling met ander Gereformeerde Kerke met wie die GKSA noue bande in die buiteland het, te bevorder.
- 9.6.2.8 Instituut vir Christelike onderwys [ICO] / lesmateriaal
Bevordering van onafhanklike Gereformeerde skole en onderwys
- 9.6.2.9 Ekumenisiteit – Gereformeerde bediening in London
Om die Gereformeerde jeug wat in London woon, met Woordbediening en pastorale hulp op te bou by te staan.
- 9.6.2.10 Jeugsorg
Ter bevordering van deputate Jeugsorg se projekte.
- 9.6.2.11 Dankbaarheidsfonds
Om dankbaarheid teenoor die Here te betoon dat Hy die Gereformeerde Kerke 150 jaar bewaar het en nog steeds bewaar en versorg. Die opbrengs word as 'n addisionele inspuiting bestem om die Emeritaatversorgingstrust te versterk, kerke wat nie voldoende finansiële middele het nie, te help en historiese geboue van die GKSA in stand te hou. Die kollekte ingesamel word teen die naaste Sondag aan 11 Februarie (stigtingsdatum van die GKSA).
- 9.6.3 Vrywillige kollektes
- 9.6.3.1 Thusofonds
Om die emeriti uit die jonger kerke (voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn) te help versorg.
- 9.6.3.2 Bystandsfonds vir Diakonie, KO, art 25
Om predikante wat uit die bediening is (of afgesette predikante) en in nood verkeer te help.
- 9.6.3.3 TSP Biblioteekfonds
Om boeke vir studiedoeleindes en naslaanwerke by die Jan Lion Cachet-biblioteek van die Teologiese Skool van Potchefstroom aan te koop.
- 9.6.3.4 TSP Publikasiefonds
Om die publikasie van akademiese boeke vir die opleiding van teologiese studente en vir die bekendstelling van die Gereformeerde leer plaaslik en in die buiteland te steun.
- 9.6.3.5 Sentrum vir Kerkgroei [SBTB]
Om 'n sentrum vir bedieningstoerusting en begeleiding [vir predikante en ouderlinge] onder die toesig van die Kuratore en in samewerking met Fakulteit Teologie te vestig.

Dit word aanbeveel dat die die doel van die kollekties elke Sondag volledig afgekondig word. Dit sal verder baie nuttig wees as die kollekties wat op 'n bepaalde Sondag opgeneem gaan word, reeds die vorige Sondag afgekondig word, in die gemeente se nuusbriewe gepubliseer word en/of deur middel van die media waarmee op Sondag met die gemeente gekommunikeer word. Volledige bekendmaking en voorafbekendmaking werk mee om lidmate te motiveer om mede-eienaarskap te neem/aanvaar vir 'n bepaalde saak waarin elkeen geleentheid kry om deel te voel van die betrokke saak.

10. Teologiese Skool

10.1 Historiese agtergrond

10.1.1 Die beginjare

In Mei 1869 het die vierde Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 'n klein kerkgeboutjie in Potchefstroom 'n besluit geneem om met die hulp van die Here 'n Teologiese Skool op te rig. Hierdie "ou kerkie" staan langs die huidige kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom in Kerkstraat.

Dit was 10 jaar ná die stigting van die eerste Gereformeerde Kerk te Rustenburg in 1859. Slegs 14 kerke met vier predikante het tydens hierdie Sinode die besluit geneem. Dit was 'n besluit wat in geloof geneem is. Hulle het geen hoop op finansiële steun van die owerhede gehad nie, die kerke self was min en geen infrastruktuur het bestaan nie. Aan die ander kant was hulle daarvan oortuig dat die kerke hierdie verantwoordelikheid gehad het om onafhanklik van die owerheid self vir die opleiding van predikante te sorg.

Die besluit wat geneem is, getuig van 'n besondere visie aangesien die vergadering nie net aan die opleiding van predikante vir die nuwe kerkgemeenskap gedink het nie. Die besluit meld dat ook voornemende onderwysers en studente met die oog op ander beroepe daar opgelei kan word.

Historici is dit eens dat die jaar 1869 as die geboortjaar van sowel die Teologiese Skool as die PU vir CHO beskou moet word. Uit die Teologiese Skool het die Universiteit mettertyd tot selfstandigheid gegroei. Vanaf die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op 11 Februarie 1859 was dit duidelik dat voorsiening gemaak sou moes word vir die behoefte aan predikante. Ds. Dirk Postma het in sy voorgestelde Kerkorde, wat hy reeds voor die stigting van die kerke te Rustenburg ontwerp en gereed gemaak het, 'n bepaling gehad dat aan die saak van opleiding van predikante aandag gegee moet word. Hy het gesorg dat hierdie saak op die agenda van die eerste kerklike vergadering van 1862 kom.

Aanvanklik is verskillende predikante uit die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk in Nederland beroep, maar slegs ds. J Beijer het die beroep aanvaar. Die enigste uitweg was om self met opleiding te begin. So is daar op die Sinode van Reddersburg in 1862 ernstige aandag aan die saak van die opleiding van predikante gegee.

Op die eerste twee Sinodes in 1862 en in 1863 is besluit dat die twee predikante, naamlik ds. D Postma en ds. J Beijer die opleiding privaat sou onderneem.

Die behoefte aan die oprigting van 'n teologiese skool het deur die jare gegroei en die kerke het die gedagte al sterker begin ondersteun totdat uiteindelik in 1869 die moedige besluit in geloof geneem is dat 'n teologiese skool in Burgersdorp opgerig sal word. Die Teologiese Skool is uiteindelik oor die naweek van 26-29 November 1869 te Burgersdorp feestelik geopen.

10.1.2 Teologiese Skool te Burgersdorp

Die kerke en die kuratore van die jong skool het 'n hoë premie op die wetenskaplikheid van die onderrig geplaas en byvoorbeeld besluit dat die teologiese kursus met dié van die Teologiese Skool van die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk in Nederland moet ooreenstem.

Volgens die besluite van die Sinode van 1869 het ds. Postma en ds. Jan Lion-Cachet aan die beginjare benewens hulle bedieningswerk in die gemeente van Burgersdorp ook die opleiding van die studente behartig.

Die jare 1873 en 1876 staan bekend as 'n tyd van reorganisasie van die Skool. In hierdie periode het die behoefte aan 'n vooropleiding met die oog op teologiese studies en die ideaal aan 'n voorbereidende inrigting by die skool sterk na vore gekom. Daarom is in 1873 besluit dat 'n toelatingseksamen ingevoer moet word. In 1876 is besluit om 'n eie literariese departement daar te stel. Prof. Dirk Postma is formeel as professor van die skool benoem, maar hy het nie die vrymoedigheid gehad om dit te aanvaar nie. Sy seun, P Postma is as eerste literariese professor aangestel. Die Sinode het die skool wat tot op daardie stadium besonderlik aan die Gereformeerde Kerk Burgersdorp verbonde was, aan al die kerke verbind.

In die sewentiger- en tagtigerjare van die negentiende eeu is matriek as 'n toelatingsvereiste gestel. Daarna moes die studente die literariese studie in een of twee jaar afhandel voordat hulle tot die teologiese studie toegelaat is. In 1885 is besluit dat die teologiese studie in die reël drie jaar sal duur.

In 1879 het ds. Dirk Postma, nadat die Sinode hom weer beroep het, eindelijk besluit om sy benoeming as professor te aanvaar. Dit was hom beskore om agtereenvolgens met drie van sy seuns wat vir die literariese studie verantwoordelik was, saam te werk, naamlik P Postma, M Postma en S Postma. Toe prof. Dirk Postma in 1890 oorlede is, is die einde van 'n bepaalde tydperk bereik.

Na die dood van prof. Postma is ds. Jan Lion-Cachet in 1894 as professor in die teologie benoem. Dit was in 'n era waar die Afrikaners in Burgersdorp aktief betrokke geraak het by die stryd om die behoud van die Hollandse taal en kultuur teenoor die neiging om te verengels.

Prof. Lion-Cachet het benewens sy teologiese en kerklike verantwoordelikhede ook as 'n vurige voorstaander vir Afrikaans bekend geword. Deur sy noue samewerking met ds. SJ du Toit van die Paarl en die gevolglike besondere bande met die Eerste Afrikaanse Taalbeweging in die Paarl, het die jong JD du Toit met prof. Lion-Cachet kennis gemaak. Deur sy toedoen het JD du Toit lidmaat van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp geword.

Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het die kerklike lewe sowel as die Teologiese Skool erg ontwrig. Die studente uit Transvaal en die Vrystaat is opgeroep na die kommando's en die skool was gedurende die oorlog vir lang tydperke gesluit. Die eerste Sinode na die oorlog het in 1904 byeengekom en belangrike besluite oor die toekoms van die skool sou geneem moes word.

In die tydperk 1869 tot 1904 het daar ongeveer 120 studente vir korter of langer periodes studeer, maar slegs 30 studente het die studie voltooi en predikante geword.

Gedurende die oorlogsjare het JD du Toit en Ferdinand Postma aan die *Vrije Universiteit* in Amsterdam gaan studeer. Hulle was besiel met nuwe moed, en oortuig daarvan dat die skool na 'n ander plek met 'n ander milieu verskuif moet word. Met die aanbreek van die Sinode van 1904 was die jong dr. JD du Toit pas predikant van Potchefstroom en gereed om voorstelle oor die skool se toekoms te maak.

10.1.3 Die Teologiese Skool te Potchefstroom

10.1.3.1 Die tydperk 1905-1919

Op die Sinode te Middelburg-Kaap in April 1904 is die verrassende besluit op voorstel van dr. JD du Toit geneem om die Teologiese Skool na Potchefstroom te verskuif. Ander plekke soos Pretoria, Middelburg-Kaap, en veral Steynsburg is oorweeg, maar dr. JD du Toit, met medewerking van sy swaer ds. P Postma van Pretoria, het toe al reeds met die Transvaalse gemeentes en met die stadsraad van Potchefstroom onderhandel en sy voorstel het 'n aanbieding van 3010 pond kontant en genoeg grond vir die gebouekompleks ingehou – sodat die voorstel met dank aanvaar is.

Die Teologiese Skool het in Februarie 1905 in Potchefstroom geopen waar daar toe reeds 'n losieshuis en skoolgebou opgerig was. Tydens sy openingsrede het ds. P Postma as voorsitter van die kuratorium onder meer gesê dat die Gereformeerde beginsel nie net die teologie nie, maar ook die hele wetenskap moet beheers.

Ferdinand Postma wat in 1904 as professor bevestig is, sou van toe af sy lewe aan die Literariese Departement wy. Hy het daarvoor gesorg dat die voorbereidende onderwys met die oog op die teologie met 'n voorbereiding vir die matrikulasie begin. Onder sy leiding het die kuratorium in 1905 besluit om die voorbereidende fase las te maak van die Teologiese Skool, en 'n afsonderlike voorbereidende skool vir die juniors (st. 4-7) daarvoor in te rig. Die skool, met die leuse *fac et spera* het in 1907 met sewe leerlinge geopen. Hierdie CNO-skool is in 1915 deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie as die Potchefstroom Gimnasium oorgeneem.

Ferdinand Postma wat hoof was van die Literariese Departement, het sy doseerwerk vir ongeveer twee jaar (1912-1914) onderbreek om sy doktorsgraad by die Vrije Universiteit te voltooi, en in 1914 sy werksaamhede hervat.

JD du Toit het in 1911 vir Cachet as professor in die teologie opgevolg, en in 1914 is dr. SO Los van Nederland as tweede professor in die teologie beroep, sodat daar in 1914 drie doktore aan die Teologiese Skool met sy Literariese Departement werksaam was. Dit het inderdaad 'n nuwe fase ingelei. Die wetenskaplikheid sou voortaan des te beter gedien kon word.

Gedurende die jare 1916-1919 het die onderwyssituasie in die land so ontwikkel, hoofsaaklik as gevolg van die gewetenskousule van die Universiteitswet van 1916, dat die Literariese Departement in 1919 van die Teologiese Skool en van sy kerklike verbintenis losgemaak is, om as die Potchefstroomse Universiteitskollege te bestaan, wetlik sonder die Christelike karakter.

Die ideaal van JD du Toit en F Postma van 'n vrye universiteit op Christelike grondslag vir Suid-Afrika op die voetspoor van die *Vrije Universiteit* van Amsterdam kon nie so gou bereik word nie.

10.1.3.2 Die tydperk 1919-1951

Vanaf 1919 bestaan die Teologiese Skool en die Universiteitskollege (later die PU vir CHO) selfstandig langs mekaar. Die kuratore het egter saam met die Raad van die Kollege gestry vir 'n volwaardige Christelike Universiteit.

In 1921 is die inrigting deur die staat erken as 'n konstituerende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika en daarby geïnkorporeer. In 1933 het die staat wetlike erkenning aan die Christelike karakter van die PUK gegee, en eers in 1950 is die

universiteit as 'n volwaardige en outonome universiteit, naamlik as die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys wetlik erken.

Tussen die Teologiese Skool en die PU vir CHO as twee selfstandige inrigtings bestaan daar 'n unieke band en verhouding. Reeds in 1920 het die Raad van die PUK en die kuratorium besluit op wedersydse verteenwoordiging op die Raad van die PUK en die senaat van die Teologiese Skool.

Ooreenkoms tussen die Universiteit en die Teologiese Skool

In 1945 is daar 'n kontraktuele ooreenkoms tussen die kuratorium van die Teologiese Skool en die Universiteit gesluit, wat sedertdien volgens die eis van omstandighede dikwels gewysig is.

Vanaf 1922 was daar aan die PUK 'n Departement Teologie, en sedert 1930 bestaan daar 'n Fakulteit Teologie wat die teologie as wetenskap beoefen.

10.1.3.3 Die tydperk 1951-1994

Die tydperk vanaf 1951-1994 kan as 'n tyd van groei en konsolidasie bestempel word. Die Teologiese Skool en die Fakulteit Teologie het gegroei, 'n volwaardige plek in sowel nasionale as internasionale konteks verkry, professore het vermeerder en 'n eie Gereformeerde teologie is uitgebou.

In 1969 het die PU vir CHO en die Teologiese Skool as susterinrigtings hul eeufees gevier, en in 1994 is die 125 ste bestaansjaar feestelik herdenk. Die jaar 1994 het weereens 'n bepaalde fase afgesluit nadat die Sinode van 1994 belangrike besluite oor die toekoms van teologiese opleiding geneem het.

10.1.3.4 Die tydperk na 1994: eenwording van teologiese opleiding

In 1994 het die nasionale Sinodes van Potchefstroom, Middellande en Soutpansberg ooreengekom dat die teologiese opleiding by die skole te Potchefstroom, Hammanskraal en by die Heidelbergse Teologiese Skool in Vendaland tot 'n eenheid moet kom in een teologiese skool te Potchefstroom.

Die teologiese opleiding van Afrikatalige studente met die oog op die bediening het 'n eie geskiedenis. Dit het in 1956 begin toe teologiese opleiding te Dube (tans Soweto) aangebied is. In 1962 is hierdie opleiding na Hammanskraal verskuif, en sodanig uitgebou dat in 1987 'n ooreenkoms met die PU vir CHO gesluit is vir die erkenning van die akademiese opleiding en waarvolgens die grade B.A. en Th.B. deur die PU vir CHO toegeken is.

Sedert 1995 vind die opleiding aan die Teologiese Skool te Potchefstroom plaas, en is die samestelling van die kuratorium so gewysig dat al die kerke wat belang het by die opleiding daarin verteenwoordig word.

10.1.3.5 Die gebouekompleks

Die Teologiese Skool gebruik tans 'n derde gebou in Potchefstroom; die eerste (in Molenstraat) is in 1905 opgerig, die tweede (in Borcherdstraat, bekend as die Ou Teologiese Skool) in 1922 en die derde (tussen Van der Hoffweg en Molenstraat en regoor die tweede gebou) in 1951. Die huidige gebouekompleks vorm deel van die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Die Bult, en het aan die oostekant die motief van die muur van die reformasie in Genève. Die goed toegeruste biblioteek, met 'n eie kerklike argief is gepas vernoem na prof. Jan Lion-Cachet, en is by die Ferdinand Postma-biblioteek van die PU vir CHO ingeskakel.

Aan die suid-oostekant van die terrein staan tans die monument ter nagedagtenis aan die teologiese studente wat in die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) gesneuwel het.

Na die eenwording van die verskillende teologiese skole het die studente se getalle sodanig toegeneem dat die fasiliteite van die "Ou Teologiese Skool" ook weer gebruik is.

10.1.3.6 Perspektief

Met die eenwording van die teologiese opleiding is 'n gesonde basis gelê vir toekomstige samewerking en kerklike gemeenskap oor volks- en taalgrense heen. Verder is die proses van eenheid in teologiese opleiding nog nie voltooi nie, aangesien daar tans beplanning gedoen word en samesprekings met ander teologiese indiensopleidingsentra gevoer word oor 'n wyse waarvolgens die opleiding en toesig by hierdie sentra gestruktureer kan word. Hierdie samesprekings gaan steeds voort.

Die Fakulteit Teologie van die NWU en die Teologiese Skool het enersyds onderskeibare gerighede en respektiewelik bande met twee verskillende instellings, naamlik met die NWU en die kuratorium, en andersyds is hulle ten opsigte van die kursusse en werksaamhede ineenverleg en op mekaar aangewese.

Die afspraak tussen die Fakulteit Teologie en die Teologiese Skool is om nie verskillende soorte teologie te beoefen nie, maar om mekaar te ondersteun en saam in diens van die wetenskap en die kerke te wees.

By wyse van telematiese onderrig en ander moontlikhede wat deur die ontwikkeling van tegnologie ontsluit word, posisioneer die Fakulteit Teologie hom al vir 'n geruime tyd om in Suid-Afrika, Afrika, Europa en oor die res van die wêreld ook aan ander instellings diensbaar te wees.

Die Teologiese Skool het selfstandig van die Fakulteit eweneens die geleentheid gebruik om 'n ooreenkoms te sluit met die teologiese opleidingskool in Sao Paulo, Brazilië, die *Andrew Jumper Post Graduate Center (AJPGC)*.

10.2 Prospektus

Die hersiene prospektus is by die registrateur van die TSP elektronies beskikbaar. In die prospektus word alle inligting verskaf oor die Teologiese Skool, kuratorium, senaat, professore en studente.

10.3 Ooreenkoms met NWU

(Numering van Ooreenkoms word gebruik)

OOREENKOMS TUSSEN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA EN DIE NOORDWES UNIVERSITEIT

AANGESIEN

dit wenslik is dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika soos hulle ingevolge artikel 50 van die Kerkorde van die genoemde Kerke in die Nasionale Sinode byeenkom (hierna genoem die Kerke) en die Noordwes Universiteit (hierna genoem die Universiteit), die bestaande verhouding tussen die Potchefstroomse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (hierna genoem die Teologiese Skool) en die Universiteit, asook onderlinge hulpverlening tot mekaar, opnuut reël en beskryf;

EN AANGESIEN

die Universiteit uit hoofde van die samesmelting tussen die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die voormalige University of the North-West, ingevolge artikel 23 van die Wet op Hoër Onderwys met effek 1 Januarie 2004 ooreenkomstig artikel 24(2) van die gemelde Wet *ex lege* die opvolger in titel van die genoemde samesmeltende inrigtings geword het;

EN AANGESIEN

die Kerke vir die opleiding van predikante van tyd tot tyd predikante as professore beroep om die hierondervermelde opleiding waar te neem en die Teologiese Skool daarvoor onderhou en bestuur;

EN AANGESIEN

die Kerke begerig is om aan die studente van die Teologiese Skool akademiese erkenning vir teologiese studente te laat toekom;

EN AANGESIEN

die Universiteit oor 'n Fakulteit Teologie beskik en wetlik bevoeg is om grade en diplomas toe te ken;

EN AANGESIEN

die Universiteit bereid is om die opleiding aan die Teologiese Skool, in soverre as wat dit aan die Universiteit se vereistes voldoen, akademies te erken by wyse van die toekenning van toepaslike grade en diplomas aan suksesvolle kandidate;

EN AANGESIEN

die Universiteit ter bereiking van die voormelde doeleindes en ter uitvoering van hierdie ooreenkoms, bereid is om professore aan die Teologiese Skool (in terme van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, artikels 2 en 18) ook as dosente van die Universiteit te benoem;

NOU DERHALWE

kom die Kerke, hierin behoorlik verteenwoordig deur die Kuratorium van die Teologiese Skool (hierna genoem die Kuratorium) ooreenkomstig die besluit van die Sinode van 1945, artikels 163 en 220, soos gewysig deur die Sinode van 1952, artikels 40 en 126, soos gewysig deur die Sinode van 1970, artikel 145, soos gewysig deur die Sinode van 1976, artikel 36, soos gewysig deur die Sinode van 1979, artikel 22, soos gewysig deur die Sinode van 1988, artikel 78, soos gewysig deur die Sinode van 1994, artikel 27.1, en soos gewysig deur die Sinode 2006, artikel 273 en die Universiteit hiermee soos volg ooreen:

1. Die selfstandigheid van die Inrigtings

In hierdie ooreenkoms word die selfstandigheid van die Teologiese Skool en die Universiteit wedersyds erken en ten volle gehandhaaf, terwyl alle besluite en aktes oor die oprigting van en steun aan die Universiteit, soos vervat in die Handeling van verskillende Sinodes van die Kerke ten volle gehandhaaf word.

2. Die beroep van predikante deur die Kerke en benoeming as personeel van die Universiteit

- 2.1 Die Kerke beroep die predikante wat as professore kragtens artikels 2 en 18 van die Kerkorde in diens van die Kerke aan die Teologiese Skool vir die opleiding van predikante nodig is. Die selfstandigheid van die Kerke om die Kerklike diens van sodanige professore te bepaal, is van die werking van hierdie ooreenkoms uitgesluit.

Kragtens hierdie ooreenkoms stel die Kerke die diens van sodanige professore wat hy aldus aan die Teologiese Skool beroep, ook tot die beskikking van die Universiteit vir die opleiding van studente vir alle toepaslike akademiese grade en diplomas aan die Universiteit. In die geval waar 'n behoefte vir die beroeping van sodanige professore aan die Teologiese Skool ontstaan, kom die Kerke met die Universiteit oor die getal wat benodig word, ooreen. Hierna stel die Kerke 'n groslys saam met die name van die predikante wat beroep kan word, en lê hierdie groslys aan die Universiteit voor. Die Universiteit bepaal wie van hierdie predikante ook vir die aanstelling in 'n akademiese pos sal kwalifiseer en op watter posvlak die aanstelling sal kan geskied. Na die beroeping en bevestiging van 'n sodanige professor aan die Teologiese Skool, geskied die benoeming deur die Universiteit as 'n dosent aan die Universiteit ooreenkomstig die vereistes, prosedures en beleid wat vir die benoeming van akademiese personeellede van die Universiteit geld: Met dien verstande dat die finansiële versorging van sodanige professore/dosente deur die Universiteit en die Kuratorium vasgestel word met inagneming van die voorskrifte van die toepaslike bepalings van hierdie ooreenkoms.

Indien die Kerke na oorleg met die Universiteit besluit om een of meer professore (in terme van die Kerkorde, artikels 2 en 18) aan die Teologiese Skool te beroep sonder dat sodanige professor ook deur die Universiteit as dosent benoem word, is die Kerke daartoe geregtig, met dien verstande dat die finansiële versorging deur die Kerke vasgestel word ooreenkomstig die toepaslike bepalings van hierdie ooreenkoms. Sodanige professore kan in terme van 'n afsonderlike reëling en by wyse van akkreditasie ooreenkomstig die toepaslike beleid van die Universiteit deur die Universiteit in die Fakulteit Teologie benoem word, soos onder andere in 2.6 bedoel.

- 2.2 Vir die aanbieding van Grieks en Semitiese Tale, sal die Universiteit die dosente daarvoor benodig aanstel na oorleg met die Kuratorium. Die Kerke en die Universiteit kan met mekaar ooreenkom dat van die aangestelde professore ooreenkomstig 2.1 ook vir die aanbieding van hierdie kursuseenhede verantwoordelik sal wees, en indien nodig, ook in 'n bestuurshoedanigheid ooreenkomstig die toepaslike beleid van die Universiteit aangestel kan word.
- 2.3 Vir die aanbieding van Teologie ten opsigte van dosente wat benewens 2.1 in die Fakulteit Teologie benodig word, sal die Universiteit die dosente daarvoor aanstel na oorleg met die Kuratorium. Die Kerke en die Universiteit kom met mekaar ooreenkom dat die aangestelde professore ooreenkomstig 2.1 ook vir die aanbieding van Teologie aan die Universiteit verantwoordelik sal wees, en ook in 'n bestuurshoedanigheid ooreenkomstig die toepaslike beleid van die Universiteit aangestel kan word.
- 2.4 Ten opsigte van 'n professor aan die Teologiese Skool wat deur die Universiteit ooreenkomstig 2.1 ook as dosent aan die Universiteit benoem word, sluit die Universiteit met sodanige professor 'n spesifieke diensooreenkoms wat tussen die Kerke en die Universiteit ooreengekom word

en wat voorsiening moet maak vir die besondere verhouding wat tussen sodanige professore, die Kerke en die Universiteit kragtens hierdie ooreenkoms tot stand kom.

- 2.5 Sodanige professore/dosente wat aldus deur die Universiteit benoem word, se sitting op die betrokke fakulteitsrade, en waar van toepassing op die Senaat, word gereël ooreenkomstig die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997 soos gewysig en die reëls hiervoor deur die Statuut van die Universiteit neergelê.
- 2.6 Met betrekking tot daardie professore aan die Teologiese Skool wat nie as dosente by die Universiteit aangestel is nie, moet die Kerke en Universiteit tussentydse reëlings oor hulle inskakeling by die akademiese werksaamhede van die Fakulteit Teologie tref.
- 2.7 Behoudens die bepalings van 2.8, onderneem die Universiteit om aan elke sodanige professor met wie 'n ooreenkoms kragtens 2.4 aangegaan is, 50% van die salaris en enige ander voordele soos in die diensooreenkoms met die betrokke professor ooreengekom, te betaal en die Kerke pas die ander 50% ten opsigte hiervan by. Die Kerke pleeg met die Universiteit oorleg oor die wyse waarop daar kerklik aan die relevante artikels van die Kerkorde met betrekking tot die finansiële versorging van teologiese professore uitvoering gegee word; en, benewens die salaris van sodanige dosente, sal die kerke verantwoordelik wees vir enige verdere reëlings in hierdie verband, indien nodig.
- 2.8 Met betrekking tot die aanstelling van dosente aan die Fakulteit Teologie, ooreenkomstig 2.2 en 2.3, sal die Universiteit ten volle verantwoordelik wees vir die salaris van sodanige dosente.
- 2.9 Indien die Kerke en die Universiteit sou ooreenkom om 'n verandering met betrekking tot die aantal professore wat kragtens 2.1 bepaal was, aan te bring, kan die bydrae-verhouding soos in 2.7 gereël, diensooreenkomstig gewysig word.
- 2.10 In die geval waar die Universiteit of die Kerke nie hulle finansiële verpligtinge soos ooreengekom, gedeeltelik of ten volle as gevolg van besondere finansiële omstandighede kan nakom nie, moet die Fakulteit Teologie in terme van die toepaslike reëls en besluite van die Universiteit en die Kuratorium oor 'n gepaste werkswyse en optrede ooreenkom.

3. Dissiplinêre maatreëls, ontslag en diensbeëindiging

3.1 Dissiplinêre maatreëls deur die Kerke

3.1.1 Dissiplinêre maatreëls deur die Kuratorium teen enige professor aan die Teologiese Skool wat volgens 2.1 beroep en deur die Universiteit as dosent benoem is, of maatreëls ten opsigte van die skorsing en/of afsetting van enige sodanige professor, geskied ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die Kerkorde.

3.1.2 Indien die Kuratorium van voorneme is om enige van die stappe in 3.1.1 genoem teen sodanige professor te neem, moet hy die Universiteit vooraf hieroor inlig en van alle tersaaklike inligting voorsien. Ná afhandeling van die saak deur die Kuratorium moet die Universiteit van die uitslag daarvan in kennis gestel word. Enige dissiplinêre maatreëls deur die Kuratorium word deur die Universiteit erken.

3.2 Dissiplinêre maatreëls deur die Universiteit

3.2.1 Indien die Universiteit van voorneme is om dissiplinêre stappe teen 'n professor wat kragtens 2.1 as dosent benoem is, in te stel wat tot sy skorsing of ontslag ooreenkomstig die reëls en prosedures deur die toepaslike dissiplinêre kode neergelê, van die Universiteit moet die

Kuratorium hieroor ingelig en van alle tersaaklike inligting voorsien word. Indien die beweerde gedrag wat sodanige professor ten laste gelê word, volgens die oordeel van die Kuratorium tugwaardig is ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die Kerkorde, word die saak aan die Kuratorium vir hantering oorgedra, in welke geval die uitslag hanteer word soos in 3.1.2 bepaal word. Indien die Kuratore bevind dat 'n sodanige professor ooreenkomstig die Kerkorde nie tugwaardig is nie, deel hy die Universiteit dienooreenkomstig mee en verstrekk hy die redes vir sy beslissing. Die Universiteit kan dan die saak volgens sy eie oordeel ooreenkomstig sy dissiplinêre reëls en prosedures hanteer. In geval van 'n skorsing of ontslag van 'n sodanige professor deur die Universiteit, word die Kuratorium hiervan in kennis gestel. Die Kuratorium sal sodanige dissiplinêre maatreëls erken.

- 3.2.2 Indien 'n personeellid van die Universiteit wat kragtens 2.2 en 2.3 benoem is, en wat nie 'n dosent aan die Teologiese Skool is nie, volgens die oordeel van die Kuratorium onderrig gee wat strydig is met 4.4 van hierdie ooreenkoms, moet die Kuratorium die saak met volledige relevante dokumentasie onder die aandag van die Universiteit bring. Die Universiteit onderneem om met in agneming van alle toepaslike bepalings, asook in die lig van die aard en gesindheid van hierdie ooreenkoms die aangeleentheid te behandel, en sal die Kuratorium van die uitslag in kennis stel.

4. Dosering van kursuseenhede vir teologiese grade, propedeutiese vakke en Bybelkunde

- 4.1 Die professore wat ooreenkomstig 2.1 deur die Kerke beroep en deur die Universiteit benoem word, asook daardie dosente wat in terme van 2.2. en 2.3 aangestel is, is verantwoordelik vir die opleiding van studente vir al die teologiese grade en/of vir enige ander graad of kwalifikasie waarvoor die Universiteit gemagtig is.
- 4.2 Die Kerke maak deur middel van die strukture wat hy daarvoor geskep het, via die Fakulteit Teologie aanbevelings aan die Senaat van die Universiteit oor die leergange, leerplanne, regulasies, onderrig en eksamens met betrekking tot teologiese grade en diplomas vir finale goedkeuring. Dienooreenkomstig maak die Kerke aanbevelings aan die Senaat van die Universiteit via die Fakulteit Teologie met betrekking tot die nie-teologiese vakke wat die Kerke nodig ag met die oog op die opleiding van die kandidaatstudie.
- 4.3 Die Universiteit het die finale verantwoordelikheid vir die akademiese programme, kurrikula en modules asook vir die regulasies/reëls vir die verwerwing van akademiese teologiese grade en diplomas en oefen finale beheer uit oor die onderrig, eksamens, navorsing en aanverwante werksaamhede wat tot die toekenning van grade en diplomas lei.
- 4.4 Die Universiteit onderneem om saam met die Senaat van die Teologiese Skool die studie van teologiese studente waar te neem ooreenkomstig die reformatoriese teologie, soos byvoorbeeld vergestalt in die navorsingseenheid van die Fakulteit Teologie, naamlik *Die Reformatoriese Teologie en die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing*, asook binne die raamwerk van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en die betrokke Wet op Hoër Onderwys, en met die doel om studente teologies wetenskaplik toe te rus.

5. Wedersydse beskikbaarstelling van fasiliteite en van dosente tussen die Kerke en die Universiteit

Die Universiteit en die Kerke stel hulle fasiliteite wedersyds tot mekaar se beskikking, en pleeg besonderlik oorleg met mekaar met betrekking tot die gepaste fasiliteite en toerusting wat vir die opleiding in teologie aan die Fakulteit Teologie en Teologiese Skool nodig is.

Die Universiteit en die Kerke stel hulle dosente wedersyds tot mekaar se beskikking soos en wanneer nodig, op 'n basis soos tussen die partye ooreengekom.

6. Benoeming op die Senaat van die Teologiese Skool

Die Kuratorium van die Teologiese Skool benoem met goedkeuring van die Senaatskomitee van die Potchefstroom kampus van die Universiteit, die Rektor van die Potchefstroom kampus van die Universiteit met sy/haar sekundus, as lid van die Senaat van die Teologiese Skool.

7. Reëlings met betrekking tot studente van die Fakulteit Teologie

7.1 Die akademiese vereistes vir toelating van studente vir graad en diploma opleiding ingevolge hierdie ooreenkoms, word deur die Universiteit bepaal, behoudings enige toepaslike wetgewing en regulasies.

7.2 Studente van die Teologiese Skool is, sonder bykomende betaling, geregtig op alle voorregte aan beide inrigtings met insluiting van toegang tot lesings en biblioteke.

7.3 Studente aan die Teologiese Skool kan in koshuise van die Universiteit gehuisves word op dieselfde voorwaardes as ander studente aan die Universiteit.

7.4 Vir toelating tot eksamens moet die studente aan die regulasies van die onderskeie inrigtings voldoen.

8. Administratiewe- en Ondersteuningspersoneel

8.1 Indien dit met betrekking tot administratiewe- en ondersteuningspersoneel wat gesamentlik vir die Fakulteit Teologie en die Teologiese Skool benodig mag word nodig en moontlik blyk te wees, kom die Universiteit en die Kerke oor die getal, oor posomskrywings, posgrade, vergoeding en aanspreeklikheid daarvoor ooreen. Die reëlings in hierdie verband word wanneer nodig in oorleg met mekaar deur die Kerke en die Universiteit ooreen gekom.

8.2 Ten opsigte van sodanige administratiewe- en ondersteuningspersoneel, sluit die Universiteit 'n diensooreenkoms wat tussen die Kerke en die Universiteit ooreengekom moet word.

8.3 Indien dit nie nodig en moontlik blyk te wees dat administratiewe- en ondersteuningspersoneel gesamentlik benoem en besoldig kan word soos in 8.1 bedoel nie, stel elke party sy eie sodanige personeel aan en besoldig hulle self, met dien verstande dat steeds ooreengekom kan word dat sekere werk van die Universiteit en die Teologiese Skool oor en weer deur hierdie personeel verrig kan word.

9. Uitvoering en toepassing

Die uitvoering en toepassing van die artikels van hierdie ooreenkoms berus by die Kuratorium van die Teologiese Skool en die Fakulteit Teologie van die Universiteit in oorleg met mekaar.

10. Wysiging van die ooreenkoms

Enige wysiging van die artikels van hierdie ooreenkoms geskied met wedersydse kennisgewing en gemeenskaplike akkoord deur die Kuratorium van die

Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Noordwes-Universiteit. Sodanige wysiging sal slegs regsrag hê as dit op skrif gestel en deur alle partye onderteken is.

11. Beëindiging van die ooreenkoms

Enige van die partye kan hierdie ooreenkoms beëindig deur middel van 'n skriftelike kennisgewing aan die ander party, met dien verstande dat 'n kennisgewingperiode van minstens drie kalenderjare vereis word.

Geteken vir en namens die Universiteit te Potchefstroom op hierdie dag van.....20.....

As getuies

1.....
Lid van die Institusionele Bestuur
van Noordwes Universiteit

2.....
Dekaan: Fakulteit Teologie

Geteken vir en namens die Kuratorium van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te Potchefstroom op hierdie dag van20.....

As getuies

1.....
Voorsitter: Kuratorium

2.....

10.4 Kuratore

10.4.1 Beheer van die Teologiese Skool

Die Teologiese Skool is deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika daargestel en word deur dieselfde kerke beheer, in stand gehou en versorg.

Die kerke dra dit aan 'n kuratorium op om beheer en toesig uit te oefen oor die diens van opleiding wat deur professore aan die skool verrig word.

10.4.2 Wese van die kuratorium

Die kuratorium is 'n vergadering van verkose en gevolmagtigde regeerders of versorgers van die kerke ten opsigte van predikantsopleiding en wat regstreeks daarmee verband hou. Hierdie samekoms rus op die beginsel van 'n kombinasie van kerke wat vir die bepaalde en beperkte doel van opleiding van bedienaars van die Woord byeenkom. As sodanig funksioneer die kuratorium as 'n *synodus contracta* en verrig dit 'n besondere kerkregeringstaak met die oog op die voorsiening vir, die sorg van en die toesig oor die diens van predikantsopleiding.

10.4.3 Samestelling van die kuratorium

Die kuratorium word op die volgende wyse saamgestel:

10.4.3.1 Die kerke verkies by wyse van die verskillende Streeksinodes of bevoegde kerklike vergaderinge in die jaar voorafgaande aan 'n Algemene Sinode elkeen 'n aantal predikante met hul secundi (soos vasgestel deur die Algemene Sinode) vir 'n dienstydperk van drie jaar.

10.4.3.2 Elke sodanige kerklike vergadering voorsien die verkose kuratore van 'n geloofsbrief in terme van KO, art 33 waarin hulle beperkte regeringsopdrag as lede van die kuratorium omskryf word.

10.5 Kerkorde, art 19

Dit is vir die kerke in kerkverband van wesenlike belang dat daar genoeg predikante is vir die bediening van Gods Woord. 'n Tekort aan predikante is om begryplike redes nadelig vir die geestelike groei van die lidmate, terwyl dit 'n bykomende las lê op die dienende predikante.

Die kerke het ook die verantwoordelikheid om teologiese studente finansiëel te ondersteun. Daarom het die kerke beursfondse in die lewe geroep, waarvan die "Kas vir Teologiese Studente" die belangrikste is; plaaslike kerke dra tot hierdie Beursfonds by deur middel van eredienskollektes. Hulp uit hierdie Fonds word deur 'n kommissie vir finansiële ondersteuning (KFO) volgens 'n vasgestelde reglement hanteer. Beurse word aan studente wat daarvoor aansoek doen toegestaan alleen vir registrasiegeld, klasgeld en indien fondse toelaat vir 'n boeketoelaag.

10.6 Toelating tot teologiese studie

Voordat 'n voornemende student toegelaat word tot die voorbereidende en teologiese studie, moet hy aan bepaalde vereistes beantwoord.

10.6.1 Vereistes vir toelating tot teologiese studie

- 10.6.1.1 'n Student wat voornemens is om in die teologie te studeer met die doel om as predikant in ' Gereformeerde Kerk te dien, moet gedurende die voorafgaande jaar daarvan aan die kuratorium kennis gee en volgens afspraak by die kuratore aanmeld. Hierdie reëling is van toepassing op alle studente – diegene wat die kandidaats 1-4 by die TSP of by 'n ander inrigting wil voltooi.
- 10.6.1.2 Die student moet 'n voorgeskrewe aansoekvorm en 'n voorgeskrewe mediese sertifikaat inlewer asook 'n vertroulike rapport van die predikant van die gemeente waar hy lidmaat is, ten opsigte van die agtergrond van die student se lewe. Die nodige vorms is by die Registrateur verkrygbaar.
- 10.6.1.3 Ten opsigte van die akademiese vereistes moet die student voldoen aan die vereistes wat deur die Universiteit bepaal en in oorleg met die kuratorium toegepas word.
- 10.6.1.4 Studente wat by die kuratore aanmeld word by wyse van psigometriese toetse by die NWU, pastorale gesprek en ander vereistes soos van tyd tot tyd deur die kuratorium bepaal, geëvalueer.
- 10.6.1.5 Die eerste vier jaar van die kandidaatstudie is 'n proeftydperk vir die bekwaamheid en geskiktheid van die student om as herder en leraar op te tree, en hy word noukeurig gemonitor.
- 10.1.6.6 Die kuratorium het die reg om die opname van studente aan die Teologiese Skool te hanteer ooreenkomstig die Kerkorde en relevante bepalinge van die GKSA.
- 10.1.6.7 Studente wat die kandidaats 1-4 met toestemming van die kuratore by ander inrigtings voltooi, meld by voltooiing van die studie by die TSP aan vir 'n *colloquium doctum*. Hierdie *colloquium* is 'n assessering van 'n aansoeker se kennis en insig met die oog daarop om vas te stel of die aansoeker met die kandidaats 5-7 kan voortgaan. Die senaat maak 'n aanbeveling oor die vraag (i) of die aansoeker vir kandidaats 5-7 kan inskryf; (ii) wat die aansoeker te doen staan om sy kennis en insig te verbeter met die oog daarop om vir die kandidaats 5-7 te kan inskryf.
- 10.1.6.8 Vir studente wat hulle volledige studie by 'n ander instansie voltooi het, geld die volgende:
 - 1. Studente wat by die kuratore aanmeld word by wyse van psigometriese toetse, onderhoude en ander vereistes wat tans geld, geëvalueer.
 - 2. 'n Assessering vind plaas op grond van die dokumente wat ingedien moet word, waaronder ook 'n evaluering van die instelling(s) waar die dokumente verwerf is.

3. Die aansoeker meld by die TSP aan vir 'n *colloquium doctum*. Die doel van hierdie *colloquium* is om vas te stel of die persoon se kennis op 'n standaard is vir die verkryging van die kandidaatsertifikaat. Na aanleiding van die uitslag van die *colloquium* bevind die senaat dat die student die kandidaatsertifikaat kan verkry of maak verdere aanbevelings i.v.m. die persoon aan die kuratore.

Gedurende die hele studietydperk hou die kuratorium en die dosente toesig oor die student se vordering, sy leefwyse asook sy bekwaamheid en geskiktheid om later as predikant toegelaat word.

10.7 Boedelbemaakings / Skenkings

Vorm vir erflating aan die Teologiese Studentekas

Almal wat die belange van die Teologiese Skool op die hart dra word vriendelik gevra om by hul testamentêre beskikking ook te dink aan Teologiese Studentekas van die Teologiese Skool. Hoe groter hierdie fonds word, hoe meer rente lewer dit en in dieselfde verhouding word die Teologiese Skool altyd meer selfstandig wat sy finansies betref.

As die testament nog opgestel moet word, dink daaraan om die erflating te bemaak aan: Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Teologiese Studentekas van die Teologiese Skool.

As 'n reeds opgestelde testament voorsiening maak vir latere byvoeging van kodsille, kan die erflating soos volg gedoen word:

"Uit krag van die klousule reservator vervat in my (ons) voorinstaannde testament so bemaak ek (ons) nou hiermee aan: Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Teologiese Studentekas van die Teologiese Skool die som van; my plaas; my erf te

As 'n reeds opgestelde testament geen voorsiening maak vir latere kodsille nie, is dit beter om 'n nuwe te laat opstel waar die erflating aan die Teologiese Studentekas direk genoem word.

Finansiële bydraes kan ter enige tyd gemaak word en word deur die Admin Buro hanteer en bestuur.

10.8 Jan Lion-Cachet Biblioteek

Die Jan Lion-Cachet biblioteek, of kortweg die Teologiese Biblioteek, beslaan die grootste gedeelte van die suidelike vleuel van die Teologiese Skoolgebou. Prof Jan Lion-Cachet was die eerste bibliotekaris. Die biblioteek dien as 'n takbiblioteek van die Ferdinand Postma Biblioteek van die NWU.

Dit is 'n vakbiblioteek en die biblioteekmateriaal dek hoofsaaklik die vakke wat by die Teologiese Skool aangebied word, soos o.a. Etiek, Dogmatiek, Missiologie, Kerkgeskiedenis, Praktiese Teologie, Grieks en Hebreeus. Boeke word deur vakdosente aanbeveel en bestel deur die Ferdinand Postma Biblioteek. Fondse hiervoor kom gedeeltelik vanuit die GKSA en gedeeltelik van die Ferdinand Postma Biblioteek. Soms word die boekevoorraad ook aangevul deur skenkings van bv. oudprofessore, geëmeriteerde predikante of lidmate. Die Biblioteek het ook 'n goeie naslaanversameling soos o.a. ensiklopedieë, woordeboeke, kommentare, Bybels, Handeling van die Sinode, jaarboeke, ens. Vir diegene wat op hoogte wil bly met die nuus, is daar die daaglikse koerante in Afrikaans, Engels en Nederlands.

Om al hierdie inligting te ontsluit is daar 'n gerekenariseerde katalogus, genaamd Ferdikat. Hierin het elke boek en tydskrif asook alle ander biblioteekmateriaal 'n eie rekord. Soekpunte soos outeur, titel en onderwerp maak dit maklik om by 'n spesifieke bron uit te kom. Ander databasisse wat gereeld deur gebruikers hier benut word, is: Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels (RSAT), In u Lig, Publikasies van die GKSA (Die Kerkblad, Vroueblad, en die Almanak), In die Skriflig, Handeling van die Sinode).

Om 'n tydskrifartikel in 'n buitelandse tydskrif op te spoor, is daar Religious and Theological Abstracts (R&TA) en ATLA (American Theological Library Association) se databasis vir teologie. Verder kan gebruikers ook inligting bekom op die Ferdinand Postma Biblioteek se webwerf vir teologie, soos o.a. elektroniese tydskrifte, tuisdatabasisse waaronder die Gesamentlike Katalogus van Proefskrifte en Verhandeling (GKPV), 'n lys van geakkrediteerde tydskrifte, SABINET, ens. Deur www-adresse kry die gebruiker ook toegang tot internasionale webwerwe, byvoorbeeld AlphaSearch.

Wie gebruik die Jan Lion-Cachet Biblioteek? Die meerderheid gebruikers is dosente en studente van die Teologiese Skool. Gereformeerde predikante, predikante van ander kerke in die omgewing, en dosente van die geakkrediteerde teologiese inrigtings maak ook van die biblioteek gebruik.

10.8.1 Eienaarskap van Jan Lion-Cachet Biblioteek

Sinode 2009 (Handeling 2009:289, 2.6) word die volgende aanbeveling goedgekeur: Die Sinode besluit dat die eienaarskap van die Jan Lion-Cachet biblioteek weer uitdruklik in die reglement van die Administratiewe Buro opgeneem word.

11. Publikasies

11.1 Kerklke Tydskrifte

Die Sinode het vir baie jare deputate vir kerklke tydskrifte aangewys. Hierdie deputate sien toe dat die verskillende tydskrifte die lig sien en dat daar 'n redaksiekommissie vir elke tydskrif is wat saam met die redakteur van elke tydskrif die inhoud bepaal.

Die Admin Buro behartig die administrasie, intekeninge, versending en finansies van die tydskrifte.

11.1.1 Die Kerkblad

Die blad verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" met prof. Jan Lion-Cachet as redakteur. Die Maandbode se laaste uitgawe eindig in 1894 met prof. Jan Lion-Cachet en prof. S Postma as redakteurs. Het Kerkblad met prof. Jan Lion-Cachet as redakteur verskyn sedert 1 April 1906. Vanaf 1 Junie 1922 verander "Het Kerkblad" na Die Kerkblad met dr. JD du Toit en ds. T Hamersma as redakteurs.

Die Kerkblad verskyn 11 keer per jaar.

Intekening: om Die Kerkblad per pos te ontvang of elektronies te lees skakel die Administratiewe Buro by 018 297 3986/7/8/9 of per e-pos by tydskrifte@gksa.co.za
Vir bydraes, briewe en kommentaar: E-pos: kerkblad@gksa.co.za

11.1.2 Die Gereformeerde Vroueblad

Die Gereformeerde Vroueblad verskyn sedert Junie 1946 met mev. JM du Plooy as redaktrise.

Die Vroueblad verskyn 11 keer per jaar.

Intekening: om die Vroueblad per pos te ontvang of elektronies te lees skakel die Administratiewe Buro by 018 297 3986/7/8/9 of per e-pos by tydskrifte@gksa.co.za
Vir bydraes, briewe en kommentaar: E-pos: cobiesteyn@live.com

11.1.3 Slingervel

Tydens Sinode 1961 (Handelinge 1961:289) word besluit dat die Gereformeerde Katkisant se naam verander word na die Slingervel. Dr. KS van Wyk de Vries word die eerste redakteur van die Slingervel.

Die Slingervel verskyn 11 keer per jaar.

Intekening: om die Slingervel per pos te ontvang of elektronies te lees skakel die Administratiewe Buro by 018 297 3986/7/8/9 of per e-pos by tydskrifte@gksa.co.za
Vir bydraes, briewe en kommentaar: E-pos: slingervel@gksa.co.za

11.1.4 Kruispad

Kruispad is 'n kerklke publikasie vir tieners en jongmense tussen 16 en 26 jaar. Kruispad is 'n eietydse tydskrif met Reformatoriese inhoud, gefokus op aktuele sake, gerig op jong, groeiende gelowiges om toerusting te gee vir die maak van ingeligte keuses wat lei tot geloofsgroei.

Die Kruispad verskyn 4 keer per jaar.

Intekening: om die Kruispad per pos te ontvang of elektronies te lees skakel die Administratiewe Buro by 018 297 3986/7/8/9 of per e-pos by kantoor@kruispad.net
Vir bydraes, briewe en kommentaar: E-pos: kantoor@kruispad.net
Webblad is www.kruispad.net

11.1.5 Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Sinode 1869 (Handelinge 1869:30, art 126) neem die volgende besluit: “Aan de leeraren der Theologische School wordt verzocht de uitgave van een’ kerkelijken almanac te bezorgen, zoo spoedig het hun doenlijk is”. Die eerste Almanak verskyn 31 Januarie 1871. Met die jare het die Almanak gegroei tot ‘n publikasie wat vir elke lidmaat in die GKSA ‘n besondere bruikbare hulpmiddel is. ‘n Publikasie wat met dankbare trots aan die wêreld vertoon kan word.

In die eerste helfte van die Almanak word die dagstukkies gepubliseer. Die tweede helfte van die Almanak word gebruik om die administrasie en statistiese inligting van elke kerk in die GKSA te publiseer. Dit behels inligting soos die straat- en posadres van die kerk, eredienstye, skriba, attes-skriba, kassier, koster en predikant(e). Statistiese inligting soos aantal belydende lidmate, dooplidmate, huisgesinne, besoekpunte, inligting oor emeriti, professore, ens., word op ‘n jaarlikse basis in die Almanak gepubliseer.

Kerkrade word versoek dat die korrekte lidmate statistiek opgegee word. Die berekening van ramings vind volgens die jaarlikse opgawe van lidmate statistiek deur kerkrade plaas.

11.2 Calvyn-Jubileumboekfonds (CJBF)

Die fonds is in 1909 as die Kalvyn Jubileumboekfonds deur die algemene vergadering van gemeentes in Oranje Vrystaat tot stand gebring en in 1927 aan die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika oorgedra (Handelinge 1933:130-131, 4a).

Die doel van die fonds is om deur middel van publikasies die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing uit te dra en dwaalleer te bestry.

Die administrasie van die finansies en publikasies van die CJBF word opgedra aan die Administratiewe Buro van die GKSA.

Die deputate vir die CJBF behartig ook ander publikasies namens ander deputate (bv. deputate vir katkisasie en kerkmusiek).

Die reglement en keuringsreglement van die CJBF is op aanvraag by die Administratiewe Buro beskikbaar sowel as op die webblad: www.cjbf.co.za

Sinode 2015 keur goed dat CJBF verander na Gereformeerde Publikasies.

11.3 Totiusfonds

Die Totiusfonds het in 1936 ontstaan as ‘n resultaat van die sedering van die kopiereg van die Afrikaanse Psalmberyming van prof. JD du Toit aan die GKSA. Die hoop is tydens Sinode 1936 uitgespreek dat dié fonds gebruik sou kon word vir die oprigting van iets monumentaals. Met verloop van tyd is bepaal dat die fonds in die eerste plek gebruik word vir die finansiering van die druk van Psalmboeke en Koraalboeke.

Die doel van die Totiusfonds is om voorsiening te maak vir die druk van alle Psalmboeke (waarin die 1937-beryming vervat word) en Koraalboeke van die GKSA asook die elektroniese beskikbaarstelling en verspreiding daarvan.

Die administrasie van die finansies en publikasies van die Totiusfonds word opgedra aan die Administratiewe Buro van die GKSA.

Die reglement van die Totiusfonds is op aanvraag by die Administratiewe Buro beskikbaar sowel as op die webblad: www.cjbf.co.za

11.3.1 Inligting oor Psalmboeke op selfone/e-lesers en die projekteer van liedere

Die CJBF-deputate en deputate liturgiese sake wys kerke daarop dat daar ten opsigte van sekere liedere lisensie-, kopie- en uitgewersregte ter sprake is.

Daar moet onderskei word tussen:

- Liedere waarop Bybel-Media lisensie-, kopie- en uitgewersregte het.
- Liedere waarop Bybel-Media **nie** lisensie-, kopie- en uitgewersregte het nie.

In die geval van liedere waarop Bybel-Media lisensie-, kopie- en uitgewersregte het, mag dit nie op selfone/e-lesers geïnstalleer word voordat die regte nie uitgeklaar is nie.

Die liedere waarop Bybel-Media lisensie-, kopie- en uitgewersregte het, mag tans slegs op 'n skerm, flitsbord, ens., geprojekteer word, indien 'n gemeente toestemming daarvoor verkry het. Hierdie toestemming word verkry deur 'n Liedboeklisensie by CCLI uit te neem.

Neem kennis dat 'n Liedboeklisensie en 'n CCLI-lisensie (Church Copyright Licence) nie dieselfde ding is nie. Gemeentes moet slegs 'n Liedboeklisensie uit te neem om liedere wat in die Liedboek voorkom, op 'n skerm, flitsbord, ens., te projekteer.

In die geval van liedere waarop Bybel-Media **nie** lisensie-, kopie- en uitgewersregte het nie, moet 'n gemeente in die GKSA nie toestemming te kry om hierdie liedere op 'n skerm, flitsbord, ens., te projekteer nie.

Wanneer gemeentes 'n Liedboeklisensie by CCLI uitneem, ontvang hulle 'n CD met al die liedere van die Liedboek daarop wat die gemeentes dan kan gebruik om die liedere op 'n skerm, flitsbord, ens., te projekteer.

'n Liedboeklisensie gee slegs aan 'n spesifieke gemeente die reg om liedere uit die Liedboek op 'n skerm, flitsbord, ens., te projekteer. Elke gemeente moet self die lisensie uitneem.

11.4 Evangeliseringsmediafonds

Die Evangeliseringsmediafonds het in 1991 ontstaan as samevoeging van die destydse fondse van die deputate vir Evangelisasielektuur en dié vir Sending- en Nasorglektuur.

- Die Evangelisasielektuurfonds het in 1945 ontstaan as 'n Evangelisasiefonds waaruit alle bedieningswerk rondom die bediening van die evangelie aan die buitekerklike gefinansier is. In 1961 is die fokus van hierdie fonds beperk tot die voorsiening van evangelisasielektuur.
- Die Sending- en Nasorglektuurfonds het in 1964 ontstaan om te sorg vir die voorsiening van Christelike lektuur soos benodig op die sendingveld.

Die doel van die Evangeliseringsmediafonds is om lektuur en ander hulpmiddels beskikbaar te stel volgens die evangelisasie-, apologetiese en toerustingsbehoefes van die kerk.

Die administrasie van die finansies en publikasies van die Evangeliseringsmediafonds word opgedra aan die Administratiewe Buro van die GKSA.

Die reglement en keuringsreglement van die Evangeliseringsmediafonds is op aanvraag by die Administratiewe Buro beskikbaar sowel as op die webblad: www.cjbf.co.za

11.5 Die Kerkordeboekie

Die Kerkordeboekie is 'n onmisbare hulpmiddel in die hand van kerke, ter wille van die gesonde bestuur van elke plaaslike kerk en kerke saam in kerkverband. Die Kerkorde begin met die woorde in art 1: "Vir die goeie orde in die kerk ...", sodat elkeen en elke saak op die regte plek in die kerk is om optimaal te funksioneer.

Wat die Kerkordeboekie besonders maak, is nie net die Kerkorde wat daarin voorkom nie, maar ook alle Sinodebesluite wat van toepassing is op bepaalde artikels, sowel as voorbeelde van dokumente wat meermale gebruik word. Hiermee saam word hierdie boekie na elke Algemene Sinode opgedateer, om dit ter hand te hê vir gebruik, raad, leiding in die praktyk van kerkregering van elke dag.

Hierdie boekie is beskikbaar by die Administratiewe Buro sowel as op die webblad www.cjbf.co.za

11.6 Potchefstroomse Teologiese Publikasies (PTP)

Die Potchefstroomse Teologiese Publikasies is 'n uitgewersmaatskappy wat hul beywer vir die bevordering van die Gereformeerde teologiese wetenskap deur die publikasie van:

- Vakkundige literatuur (akademiese boeke wat deur vakkundiges en teologiese student geraadpleeg sal word).
- Populêr wetenskaplike literatuur (boeke wat wetenskaplik begrond is, maar wat in 'n populêre styl aangebied word vir die populêre mark).
- Christelike stigtelike literatuur (geskenk- of Bybelstudieboeke).

Die Administratiewe Buro van die GKSA administreer die fonds. Dit sluit in prysbepaling van publikasies, bemarking, voorraadhouding, verkope, finansiële bestuur en koördinasie met die publikasiekomitee van die senaat van die TSP.

Boeke word gepubliseer soos fondse dit toelaat en volgens die beskikbaarheid van manuskripte wat vir publikasie goedgekeur word.

'n Publikasiekomitee bestaande uit 3 lede word deur die senaat van die TSP saamgestel. Die taak van die publikasiekomitee sluit hantering van die voorlegging van manuskripte, beheer oor standaarde, keuring, vorm van finale publikasie en verkryging van ISBN-nommer vir publikasie in.

Die publikasiekomitee tesame met 3 verteenwoordigers van die Administratiewe Buro vergader soos nodig om sake rakende publikasies en administrasie te koördineer en tot besluitneming gebring: 'n oorsig oor die stand van sake ten opsigte van huidige publikasies en beplanning ten opsigte van die uitgee van nuwe publikasies, nagaan van finansies, bepaling van die oplaag van beplande publikasies asook die herdruk

van bestaande publikasies, finale vasstelling van die prysstruktuur vir publikasies en reëlings ten opsigte van die beskikbaarstelling van gratis eksemplare.

Die reglement van die PTP verskaf inligting oor die keuring en vorm van manuskripte en is op aanvraag beskikbaar by die Administratiewe Buro of op die webblad by www.ptpboeke.co.za

Bestellings van boeke by die Administratiewe Buro by 018 297 3986/7/8/9 of per e-pos by bestellings@gksa.co.za

12. Diakonale Inrigtings

- 'n **Fisies mishandelde en emosioneel verwaarloosde kind** uit 'n gebroke huisgesin. Bloot gestel aan die moeilikste omstandighede denkbaar. Dit sukkel maar op skool. Dit is moeilik om normale interaksie met mense te hê.
- 'n **Natuurramp** wat niemand kon keer nie. Waar daar 'n dag van te vore nog 'n huis gestaan het, is daar nou 'n hoop rommel. Onder die rommel lê mense se lewens begrawe. Alles wat hulle gehad het, is weg. Party keer gebeur dit vinnig: aardbewing, tsoenami, vuur en watervloed ken nie 'n tyd nie. Soms is die lank en uitmergelend: droogtes neem tot jare maar uit eindelijk bly daar niks oor nie. Gewoonlik word duidende mense geraak.
- 'n **Brand in 'n ouetehuis**. Waarheen sal hulle met al die bejaardes gaan?
- 'n **Oom** wat sy lewe aan die diens van die Here wou offer toe loop daar iets in sy lewe verkeerd. Wat gaan nou van hom en sy mense word?
- 'n **Diakonie** waar die uitgawe skielik die inkomste kan klop. Niemand kon voorsien dat die **gemeenskap** se ekonomiese omstandighede so skielik sou versleg nie. Werkloosheid is nou die reël eerder as die uitsondering.

12.1 Wat het al hierdie mense met mekaar te doen?

Dit is waar die diakonieë van die Gereformeerde Kerke deur die SDDS kon bydra om die nood van mense te verlig. Finansiële, geestelik en soms net met 'n bietjie raad. Hierdie werk word al vir baie jare gedoen en dit is met groot dankbaarheid wat ons in 2014 die 75ste bestaansjaar van die President Paul Kruger kinderhuise mag herdenk.

12.2 **Wat is die werkswyse van die SDDS?**

SDDS staan in diens van die PLAASLIKE DIAKONIE van die GKSA en moet uitvoering gee aan die opdragte van Algemene Sinode rakende:

- 12.2.1 Diakonale inrigtings van die GKSA.
- 12.2.2 Noodlydendes en Noodtoestande.
- 12.2.3 Bystandsfonds vir diakonieë KO, art 25.
- 12.2.4 Skakeling binne en buite die kerkverband.

12.3 **Diakonale inrigtings van die GKSA**

- 12.3.1 Pres. Paul Kruger kinderhuise in Pretoria en Reddersburg
- 12.3.2 Glenzicht Aftree-Oord

Vir hierdie doel is SDDS as Artikel 21 maatskappy geregistreer ten einde eiendomme in die naam van SDDS te registreer, staatsubsidies vir kinderhuise te ontvang en gelde van buite die kerkverband te kan insamel.

12.4 **Noodlydendes en Noodtoestande**

Die SDDS skakel met plaaslike diakonie waar daar noodtoestande binne en buite die RSA is.

Die doel is om so spoedig moontlik hulp by mense in nood te kry. Daar word sover moontlik deur plaaslike diakonieë of kerke gewerk in verlening van hulp. Kos, klere of onderdak is prioriteit. (Medieshulp is uitgesluit – hierin help die SDDS net om te skakel en koördineer.)

12.5 **Bystandsfonds vir diakonieë KO, art 25**

Hierdie fonds bestaan vir hulp aan oud predikante wat onder KO, artt 12; 79 en 80 uit diens is en geen inkomste het nie. Sedert Sinode 2009 is 'n soortgelyke fonds gestig

vir afgetrede werknemers van die SDDS waarvoor daar nooit behoorlike voorsiening gemaak is vir pensioene nie.

Die SDDS werk sover moontlik via plaaslike diakonieë waar die betrokke persone tans woonagtig is.

12.6 Skakeling binne en buite die kerkverband

SDDS skakel namens die diakonieë met ander kerkverbande en nie-kerklike instansies waar die agenda betrekking het op diakonale dienswerk binne die GKSA en die RSA.

12.7 Finansies

Die Administratiewe Buro lewer hier groot diens met opstel van die nodige finansiële state en sowel as die ouditering daarvan. Jaarliks word die state vir alle diakonieë beskikbaar gestel vir insae. Daar is kommer oor groeiende nood en afname in bydraes vir hierdie belangrike dienswerk van die diakonieë van die GKSA.

13. Kerklike vergaderings

Kerklike vergaderings wat onderhou word, is: Kerkraad, Klassis, Streeksinode en Algemene Sinode (KO, art 29).

Elke plaaslike kerk, d.w.s. elke kerk op 'n bepaalde plek, is 'n selfstandige kerk. Kerke wat met mekaar één is in Belydenis, liturgie en kerkregering moet daardie eenheid met mekaar ook prakties beleef in kerkverband. Vir die beleving van hierdie eenheid van kerke is meerdere vergaderings noodsaaklik.

13.1 Beperking van bevoegdhede

In KO, art 30 word 'n aantal beperkinge in die bevoegdhede van kerklike vergaderings aangedui:

1. Kerklike vergaderings mag slegs kerklike sake behandel.
2. Kerklike vergaderings mag nie sake behandel wat deur mindere vergaderings afgehandel kan word nie.
3. Meerdere vergaderings mag nie sake behandel wat deur mindere vergaderings afgehandel kan word nie.

13.2 Meerdere vergaderings

Mindere vergaderings vaardig predikante en ouderlinge af na meerdere vergaderings. Hierdie afgevaardigdes ontvang van die vergadering wat hul stuur, 'n kredensiebrief (geloofsbrief), as bewys van hul afvaardiging.

- 13.2.1 'n Kredensiebrief is 'n bewysstuk wat 'n mindere vergadering aan sy afgevaardigdes gee as bewys dat hulle wettig deur die betrokke vergadering afgevaardig is. Op grond van die kredensiebrief ontvang afgevaardigdes keurstem in die meerdere vergadering. Daarom is dit noodsaaklik dat kredensiebriewe noukeurig voltooi moet word; die name en ampte van die afgevaardigdes moet korrek ingevul word.

Die roepende Kerkraad van die meerdere vergadering moet let op die korrektheid van die kredensiebriewe. Sonder wettige/korrekte kredensiebriewe mag niemand sittingsreg in 'n meerdere vergadering verkry nie, selfs al bestaan daar geen twyfel oor sy/hul afvaardiging nie. Wanneer sittingsreg verleen word aan iemand wie se kredensiebrief ontbreek of nie in orde is nie, kom die wettigheid van die betrokke meerdere vergadering met al sy handeling in gedrang.

13.2.2 Openlike verklaring

Meerdere vergaderings kom byeen op grond van die eenheid in Belydenis, liturgie en kerkregering, waarop kerkverband berus. Hierdie eenheid word verwoord in die "Openlike Verklaring" wat aan die begin van elke meerdere vergadering gelees word. Afgevaardigdes betoon hul instemming daarmee deur op te staan. Wie weier om instemming daarmee te betuig, verbeur sy sittingsreg.

OPENLIKE VERKLARING VAN DIE SINODE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Die sinodale/ klassikale vergadering van die Gereformeerde Kerke verklaar openlik en elke lid vir homself soos volg:

Ons omhels van harte en met 'n goeie gewete die Formuliere van Eenheid wat deur die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, gehou in Dordrecht in die jare

1618-19, vasgestel en uitgegee is, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die 37 Artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Dordtse Leerreëls of 5 Artikels teen die Remonstrante as ons Belydenis en ons belof om dit deur die genadekrag van die Heilige Gees volgens Gods Woord te handhaaf, elkeen volgens sy ampspligte.

Ook die Liturgie deur genoemde Sinode vasgestel aanvaar ons as voorskrif in die uitoefening van die heilige erediens.

Met betrekking tot die Kerkregering sal ons ons hou aan die Kerkorde van bogenoemde Sinode van Dordrecht soos dit gewysig is deur die Sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Almal wat met ons dieselfde dierbare geloof verkry het deur die genade van die Heilige Gees en dit met ons wens te bely en te betrag nodig ons hartlik uit tot ons kerklike gemeenskap.

Ons wens is om met alle kerke in hierdie wêrelddeel en in ander lande wat dieselfde met ons bely en betrag, die innigste broederlike gemeenskap en korrespondensie te onderhou.

Mag dit die Here genadiglik behaag om sy dierbare Woord aan baie harte te heilig. Dit is die wens en bede van bogenoemde sinodale vergadering dat daardeur en deur die werking van die Heilige Gees al die uitverkorenes vergader en al die ware gelowiges in een kerklike gemeenskap verenig word (Acta 1863:8).

13.2.3 Opdragte

Afgevaardigdes moet ook hul “opdragte” saambring. Hierdie opdragte moet behoorlik onderteken word “deur die wat hulle stuur”, dus die afgevaardigde vergadering.

“Opdragte” sluit in beskrywingspunte, beswaarskrifte, versoeke tot revisie en appèlle wat in die agenda van die meerdere vergadering opgeneem word. In die agenda kom hierby nog die rapporte van die deputate.

Slegs dié vergadering wat afvaardig, mag opdragte vir die agenda van die meerdere vergadering deurgee; ‘n Kerkraad mag dus nie regstreeks aan die Streeksinode of Algemene Sinode opdragte deurgee, met die verbygaan van die Klassis nie; dieselfde geld toepaslik van die Klassis en die Streeksinode.

Om praktiese redes vereis meerdere vergaderings dat alle opdragte en ander stukke vir die agenda vóór ‘n bepaalde datum by die korresponderende Kerkraad/deputate korrespondensie moet wees. Die doel hiervan is duidelik: die agenda moet opgestel word en uitgestuur word aan alle belanghebbende partye vir kennisname en voorbereiding. Laatgekome stukke kan deur die vergadering in die agenda opgeneem word. Slapheid en nalatigheid moet egter so effektief moontlik uitgeroei word.

13.2.4 Keurstem

Elke afgevaardigde in ‘n meerdere vergadering het ‘n keurstem behalwe in sake wat sy eie persoon of kerk in die besonder aangaan. Keurstem is die stem wat uitgebring word in die besluitnemingsproses.

Dit beteken dat slegs wettige afgevaardigdes in meerdere vergaderings mag stem. Predikante wat nie afgevaardig is nie asook teologiese professore het adviserende

stem, dit beteken hulle mag slegs advies gee. Besoekers mag deur die vergadering spreekstem verleen word, dit beteken dat hulle slegs oor sake mag praat.

13.3 Klassis

'n Klassis is 'n vergadering van naburige kerke wat elkeen 'n bedienaar van die Woord en 'n ouderlinge of, waar nie 'n bedienaar is nie, twee ouderlinge afvaardig (KO, art 41). Hierdie kerke word verteenwoordig deur hul kerkrade (ouderlinge en predikant).

Wanneer geen ouderling beskikbaar is om afgevaardig te word nie, mag 'n diaken en (in hoogs uitsonderlike gevalle) selfs 'n lidmaat afgevaardig word. Afvaardiging van ouderlinge kan by wyse van vrye verkiesing of toerbeurt geskied.

Omdat 'n Klassis 'n vergadering van kerke is, is dit vanselfsprekend dat alle kerke ewe veel afgevaardigdes sal hê, sodat 'n kleiner kerk nie deur 'n groter kerk oorheers/oorstem word nie.

Die verantwoordelikheid van die Klassis is ten opsigte van die volgende:

- Finansies
- Klassikale ramings
- Sustentasië
- Visitasie
- Emertering van 'n predikant
- KO, art 13 medies ongeskiktheid
- Die PGT van die predikant
- Versorging van emeriti
- Mediese hulpversorging

Die Klassis is ook nie 'n permanente vergadering nie, maar duur slegs van konstituering tot sluiting. 'n Volgende Klassis is weer 'n ander Klassis, al is dit 'n vergadering van dieselfde kerke.

Die plek en tyd van die volgende Klassis word deur die voorafgaande vergadering bepaal. Gewoonlik vergader Klassisse op vasgestelde tye.

Op die laaste vergadering van die Klassis voor die Streeksinode moet die afgevaardigdes na hierdie Sinode gekies word.

13.4 Streeksinode

Die Streeksinode is 'n vergadering van naburige Klassisse waarheen elke Klassis 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge afvaardig soos deur die Streeksinodes bepaal. Die Streeksinodes vergader jaarliks tensy dit na die oordeel van minstens twee Klassisse noodsaaklik geag word om 'n buitengewone vergadering byeen te roep (KO, art 47).

Streeksinodes vergader jaarliks. Dit is egter nie 'n beginsel wat afgedwing moet word nie, maar 'n praktiese maatreël. Indien die omvang van die agenda van 'n sekere jaar nie die byeenkoms van 'n Streeksinode regverdig nie (wat voorlopig deur die korresponderende Kerkraad/deputate vir korrespondensie in oorleg met die roepende Kerkraad bepaal word) hoef hy nie opgeroep te word nie. Die Streeksinode moet egter vooraf so 'n besluit neem om die roepende Kerkraad daartoe volmag te gee. Die finale beoordeling van die agenda se omvang met die oog op die oproep van die Streeksinode of nie, behoort te geskied met advies van die Klassis in wie se ressort die roepende Kerkraad is.

Indien 'n buitengewone of vervroegde Streeksinode noodsaaklik is, moet minstens twee Klassisse daartoe instem.

Uit die aard van die saak sal die Streeksinode wat aan 'n Algemene Sinode voorafgaan, wel byeen moet kom; omdat afgevaardigdes na die Algemene Sinode, sowel as lede vir die gewone en breë kuratoriums, aangewys moet word.

Die verantwoordelikheid van die Streeksinode is ten opsigte van die volgende:

- Finansies
- Streeksinode ramings
- Sustentasië – terugrapportering oor toekennings
- Beroepbaarstelling van proponente
- Versorging van emeriti
- Kerkorde, artt 79, 80
- Christelike onderwys
- Transoranje Instituut
- Beskrywingspunte, beswaarskrifte, appèlle

13.5 Algemene Sinode

Die Algemene Sinode is 'n vergadering van al die Streeksinodes waarheen elke Streeksinode 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge afvaardig soos deur die Algemene Sinode bepaal. Die Algemene Sinode vergader elke drie jaar tensy dit na die oordeel van minstens twee Streeksinodes noodsaaklik geag word om 'n buitengewone vergadering byeen te roep (KO, art 50).

Die verantwoordelikheid van die Algemene Sinode is ten opsigte van die volgende:

- Deputate rapporte
- Beskrywingspunte, beswaarskrifte, appèlle
- Finansies
- Ramings

13.6 Taak van Korresponderende Kerkraad

Elke meerdere vergadering benoem 'n Korresponderende Kerkraad of deputate vir korrespondensie wat alle stukke en dokumente van die vergadering ontvang en bewaar en sy handeling op die volgende vergadering besorg.

Die Korresponderende Kerkraad moet alle onafgehandelde korrespondensie behartig; sekere korrespondensie-items word tydens die vergadering deur die skribaafgehandel, maar meeste van die korrespondensie wat voortspruit uit die vergadering moet deur die Korresponderende Kerkraad afgehandel word.

Verder moet die Korresponderende Kerkraad alle agendastukke ontvang.

In sy rapport aan die vergadering moet die Korresponderende Kerkraad melding maak van opdragte wat uitgevoer is en stukke wat ontvang is vir die vergadering. Die rapport van die Korresponderende Kerkraad vorm normaalweg die agenda van die vergadering en dien gewoonlik net na die konstituering en die rapport van die Roepende Kerkraad.

Die Korresponderende Kerkraad moet ook alle dokumente veilig bewaar en die vergadering van tyd tot tyd adviseer watter dokumente na die kerkargief gestuur moet word.

13.7 Taak van Roepende Kerkraad

Elke meerdere vergadering benoem 'n Roepende Kerkraad om die volgende vergadering op te roep en te ontvang op die vasgestelde tyd en plek of anders op die tyd en plek wat die Roepende Kerkraad in die geval van die Streeksinode, volgens advies van sy Klassis, en in geval van die Algemene Sinode, volgens advies van sy Streeksinode, bepaal.

Die Roepende Kerkraad ontvang die kredensiebriewe en kontroleer dit in die lig van die Kerkorde en toepaslike Sinodebesluite. Verder reël die Roepende Kerkraad alles in verband met die sittingstye van die vergadering, voorsiening van verversings en verblyf van afgevaardigdes.

Die voorsitter van die Roepende Kerkraad lei ook die konstituering van die vergadering.

13.8 Beskrywingspunt, Beswaarskrif, Appèl

13.8.1 'n Beskrywingspunt

'n Beskrywingspunt is 'n voorstel wat ingedien word, waarvoor 'n kerklike vergadering se besluit gevra word.

Voordat 'n beskrywingspunt ter tafel geneem kan word, moet eers bepaal word of vorige vergaderings nie reeds besluite oor die saak (voorstel) geneem het nie (KO, art 46).

Ook moet, in die geval van meerdere vergaderings, vooraf vasgestel word of die saak werklik by die meerdere vergadering tuishoort en of dit nie reeds in 'n mindere vergadering afgehandel kon word nie (KO, art 30)

In die hantering van 'n beskrywingspunt stel die toeliger (voorsteller) die saak en gee 'n kort motivering waarom 'n besluit oor die saak nodig is.

Die voorsitter gee geleentheid vir bespreking. Elkeen se inset moet daarop gerig wees om die vergadering te help om tot 'n besluit te kom. Bespreking is nie debatvoering oor verskillende standpunte nie, om te probeer om ander van 'n standpunt te oortuig nie. Daarom behoort die Skrif, Belydenis en Kerkorde die bespreking te lei.

Besluitneming geskied by voorkeur deur onderlinge instemming (mutuo consensu), omdat die kerke een is in leer, diens en tug (vgl Ef 4:3-6 – en kerke saam hulle eenheid in Christus bely (Apostoliese Geloofsbelijdenis, Belydenis van Nicea, HK 21:54, NGB, art 27).

Sekere sake mag tot gevolg hê dat besluitneming geskied met meerderheid van stemme. Hierin moet die minderheid of konformeer (saamgaan) of, indien die oortuiging is dat die besluit teen Skrif, Belydenis en Kerkorde is, die weg van beswaarskrif gevolg.

13.8.2 Beswaarskrif (gravamen)

'n Beswaarskrif is wesenlik 'n beskrywingspunt. Die verskil is dat dit 'n saak waarvoor besluit is, weer ter tafel bring en vra dat 'n nuwe besluit oor die saak geneem word. Met 'n beswaarskrif word beswaar gemaak teen 'n bepaalde besluit, omdat die besluit strydig is met Skrif, Kerkorde of besluite wat reeds deur kerklike vergaderings geneem is. Daarom word by die betrokke vergadering wat die besluit geneem het, beswaar gemaak oor die besluit wat geneem is.

Vooraf moet egter vasgestel word of die saak by die betrokke vergadering tuishoort (KO, art 30) en of die saak nie eintlik reeds afgehandel is nie (KO, art 46). In praktyk beteken dit dat 'n beswaarskrif nuwe inligting (materie) na die vergadering bring, wat opnuut deur die vergadering geweeg moet word.

'n Vereiste vir 'n beswaarskrif is dat die besluit (in dispuut) wat geneem is, korrek weergegee moet word. Daarby moet die beswaarskrif behoorlike gronde (motivering) vir beswaar aanbied, wat die vergadering moet/kan oortuig om die oorspronklike besluit te verander. Hierdie twee punte bepaal die ontvanklikheid van 'n beswaarskrif.

In die behandeling van 'n beswaarskrif stel die beswaarde sy saak en motiveer sy beswaar.

Bespreking volg, waarin elkeen wat deelneem, nie in debatvoering vasval nie, maar 'n bydrae maak om die vergadering te help om tot 'n verantwoordelike besluit te kom.

Beswaarskrifte is NIE regspraak nie. Daarom is (soos in die geval van appèl) hoor en weer hoor (repliek) nie toelaatbaar in die behandeling en besluitneming t.o.v. beswaarskrifte nie.

13.8.3 Appèl

Appèl is 'n beroep doen op die reg (gegrond in Skrif, Belydenis en Kerkorde). Appèl word gerig van 'n mindere vergadering na 'n eersvolgende meerdere vergadering. Die wesentlike motivering van appèl is dat regskenking plaasgevind het. Hierdie krenk van reg moet deur die appèl bewys kan word.

In die hantering van appèl word gevra vir regspraak.

Vir die vereistes, indiening, behandeling en uitspraak in 'n appèl, kyk Handeling Alg Sinode 2015:23–27.